Van Republiek tot Keiserryk

Die *vir bonus* volgens Tacitus

Hetta Conradie de la Bat
1948

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad van Magister Artium in Klassieke Letterkunde
aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Dr. S. Thom

Desember 2008

Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die geheel van die werk hierin bevat, my eie oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui), en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Handtekening:……

Datum:……

Abstract

The term *vir bonus* as a comprehensive concept is nowhere precisely defined, yet the Romans clearly understood its meaning. To give substance to it, the role that the good Roman or *vir bonus* was expected to play in the Roman Republic, was examined. By his extensive descriptions of the evils of the Empire, Tacitus confirms this concept by emphasizing the absence of these exemplary qualities.

The development of Rome from city state to Monarchy to Republic is steeped in legend. The foundation of the Roman constitution was believed to have been laid during that period, and adjusted to prevent the recurrence of a monarchy. This system of government was closely structured and demanded a high moral standard from its participants.

While Roman territory was limited, this constitution functioned well. However, when after the Punic Wars Rome became master of almost the whole area surrounding the Mediterranean Sea, it was impracticable. A long and often bloody strife followed between the advocates of change and those who would not accept it. Augustus won out and established an Empire, calling it by the euphemistic term of Principate. His successors automatically acceded to their powers as emperor. During the Empire the political structures of the Republic were disempowered and the moral fibre of the ruling classes perverted.

It is this process that Tacitus examines critically. He does so by describing how different people reacted under different circumstances. Some behaviour he roundly condemns, but often he makes us realise that the participants did not have much leeway, and that this consequently affected their behaviour .

In the *Historiae* Tacitus writes about a period in his own life, from the year of the four emperors to the accession of Traianus. His facts are almost always correct, but he gives them a moral slant. In the *Annales* he covers the earlier period after the death of Augustus, realising that the source of the evil lay further back. The subtext contrasts the Empire with the Republic, when the good Roman citizen, or *vir bonus*, was still devoted to duty and of high moral fibre. Tacitus questions whether it is possible for anyone to live up to such high standards under the present dispensation. His contemporaries would automatically have read his work with this in mind, but it must be brought to the attention of the modern reader. Therefore it is necessary first to outline the historical background which fashioned the original *vir bonus*.

The *Dialogus* and the *Germania* of Tacitus are of little consequence to this thesis and even the *Agricola* should be viewed against the background of *de mortuis nil nisi bonum.* Tacitus was unable to deliver the customary funeral oration at the death of his father-in-law, which he certainly would have wanted to do, hence the *Agricola* as eulogy.

Finally it seems as if Tacitus realised that the moral standards of the Republic had indeed fallen away. Every honourable Roman was now obliged to decide for himself how to be a *vir bonus* under these circumstances.

Opsomming

Die term *vir bonus* as omvattende begrip word nêrens spesifiek gedefinieer nie, tog het die Romeine goed verstaan wat dit behels. Om gestalte daaraan te gee, is die rol wat van die goeie Romein of *vir bonus* verwag is om te speel in die Romeinse Republiek, ondersoek. Met sy uitvoerige beskrywings van die euwels van die Keisertyd, bevestig Tacitus hierdie beeld deur die afwesigheid van die betrokke goeie hoedanighede uit te lig.

Die ontwikkeling van Rome van stadstaatjie tot Koninkryk tot Republiek is in legende gehul. Die fondament van die Romeinse staatsbestel sou in daardie tyd gelê gewees het, en is aangepas sodat daar nooit weer ‘n koning sou wees nie. Hierdie regeringsbestel was streng gestruktureerd en het besonder hoë morele eise aan die regerende klas gestel.

Terwyl Romeinse grondgebied beperk was, het hierdie stelsel goed gewerk. Toe Rome egter ná die Kartaagse Oorloë byna die hele Middellandse See-gebied besit, was dit ondoeltreffend. ‘n Lang en selfs bloedige stryd tussen die voorstanders van verandering en dié wat verbete daarteen vasgeskop het, is deur Augustus gewen. Hy het die keiserskap onder die eufemistiese naam van Prinsipaat ingestel. Hierdie keiserlike magte het sy opvolgers vanselfsprekend toegeval. Gedurende die Keiserryk is die gesagstrukture van die Republiek ontmagtig, asook die morele onderbou daarvan ondergrawe.

Dit is hierdie proses wat Tacitus in oënskou neem. Hy doen dit deur te beskryf hoe verskillende mense onder verskillende omstandighede opgetree het. Sekere optredes vind hy uiters laakbaar, maar dikwels laat hy ons agterkom hoe min beweegruimte die rolspelers eintlik gehad het, en hoe hulle as gevolg daarvan gereageer het.

In die *Historiae* behandel Tacitus ‘n periode wat hy persoonlik beleef het, van die jaar van die vier keisers af tot die begin van die bewind van Traianus. Sy feite is byna altyd korrek, maar hy beklemtoon die morele aspekte op ‘n subtiele wyse. In die *Annales* dek hy die vroeër periode vanaf die dood van Augustus, want hy besef die bron van die kwaad lê verder terug. Die subteks kontrasteer die Keisertyd met die Republikeinse era, toe die goeie Romeinse burger, die *vir bonus*, nog pligsgedrewe en moreel gesond was. Hy wonder of so’n persoon nog in die nuwe bedeling bestaansreg het. Sy tydgenote sou dit spontaan só gelees het, maar die moderne leser moet daarvan bewus gemaak word. Daarom is dit noodsaaklik om eers die historiese agtergrond te skets waardeur die oorspronklike beeld van die *vir bonus* gevorm is.

Die *Dialogus* en die *Germania* van Tacitus is van min belang vir hierdie tesis en selfs die *Agricola* moet beskou word teen die agtergrond van *de mortuis nil nisi bonum*. Tacitus kon nie die gebruiklike lofrede by sy skoonvader Agricola se begrafnis lewer nie, wat hy sekerlik graag sou wou gedoen het, vandaar waarskynlik die *Agricola* as eulogie.

Uiteindelik lyk dit asof Tacitus besef die norme van die Republikeinse tyd het inderdaad onherroeplik verval. Elke eerbare Romein moet nou vir homself besluit hoe hy onder hierdie omstandighede ‘n *vir bonus* kan wees.

Hartlike dank aan my studieleier, Dr.S. Thom,
vir haar uitstekende leiding, volgehoue ondersteuning,
aanmoediging en geduld.

Vir Gawie: *quem di diligunt adulescens moritur*

Inhoudsopgawe

Abstract
Opsomming
Algemene Inleiding 3

Deel 1: Die agtergrond waarteen Tacitus se werke afspeel 7

Hoofstuk 1: Die ontwikkeling van die Romeinse konstitusie 7
1.1 Inleiding 7
1.2 Die Koningstydperk 9
1.3 Die evolusie van die Republikeinse konstitusie vanuit die Koningstydperk 11
1.3.1 Omvorming van bestaande strukture 11
1.3.2 Opkoms van die *equites* 12
1.3.3 Gesagstrukture in die Republiek 13
1.3.4 Die *cursus honorum* 14
1.3.5 Regspleging in die Republiek 16
1.3.6 Die weë waarlangs ‘n ambisieuse Romein kon uitstyg 19
1.3.6.1 Die *vir militaris* 19
1.3.6.2 Die orator 21
1.3.6.3 Die Groot Skrywers van die Republiek 24
1.3.6.4 Skrywers van die Oorgangstydperk 24
1.3.7 Samevatting 25
1.4 Die oorgang van Republiek na Ryk 26
1.4.1 Politieke ontwikkeling in die Oorgangstydperk 26
1.4.2 Die Prinsipaat van Augustus 28
1.4.3 Gevolgtrekking 30
1.5 Die ander Julio-Claudiese keisers 30
1.5.1 Tiberius 30
1.5.2 Gaius Caesar, bekend as Caligula 32
1.5.3 Claudius 33
1.5.4 Nero 34
1.5.5 Gevolgtrekking 35
1.6 Die tydperk gedek deur die *Historiae* van Tacitus 36
1.6.1 Die Jaar van die vier keisers (68-69 n.C.) 36
1.6.1.1 Galba 37
1.6.1.2 Otho 37
1.6.1.3 Vitellius 38
1.7 Die Flaviese dinastie en Nerva 39
1.7.1 Vespasianus 40
1.7.2 Titus 41
1.7.3 Domitianus 42
1.7.4 Nerva 43

Deel 2: Tacitus se benadering tot die tydperk waaroor sy werke handel 44

Hoofstuk 2: *vir bonus* volgens Tacitus 44
2.1 Inleiding 44
2.1.1 Die eienskappe van die geïdealiseerde *vir bonus* 45
2.2 Tacitus 46
2.2.1 Tacitus se geskiedkundige werke 46

2.2.2 Tacitus se temas 47
2.2.3 Tacitus se soeke na ‘n *vir bonus* in sy eie tyd 52
2.3 Verskraling van geleenthede vir die *vir bonus* 53
2.3.1 Die verlies van aansien van die *vir militaris* 53
2.3.1.1 Gevolgtrekking 55
2.3.2 Die ontmagtiging van die Senaat in die Keisertyd 55
2.3.2.1 Die ontmagtiging van die Senaat tydens die Prinsipaat van Augustus 56
2.3.2.2 Die posisie van die Senaat onder die ander Julio-Claudiese keisers 59
2.3.2.3 Die keisers na die Julio-Claudiërs 63
2.3.2.4 Gevolgtrekking 65
2.4 Die verlaging in status en moraliteit van die regsberoep in die Keisertyd 66
2.4.1 Die wysiging van die regsprosesse 66
2.4.2 Die misbruik van die *maiestas*-wet in die Keisertyd 68
2.4.2.1 Gevolgtrekking 70
2.5 Tacitus se beskouing van die *vir bonus* in die tydperk waaroor hy skryf 70
2.5.1 Inleiding 70
2.5.2 Die *nefas* van Bedriacum 71
2.5.3 Skynheiligheid en valsheid vervang die integriteit van die Republiek 72
2.5.4 Die geveinsdheid van die keisers 73
2.5.5 Die verkragting van die reg 74
2.5.5.1 Gevolgtrekking 75
2.6 Tacitus beoordeel sy mede-senatore 75
2.6.1 Direkte konfrontasie 76
2.6.2 Diplomatiese optrede 77
2.6.3 Slaafse meelopery 79
2.6.4 Tacitus se voorbeeld van eerbaarheid 81
2.6.5 Selfmoord in Tacitus 82

Slot: Hoe lyk Tacitus se *vir bonus* uiteindelik? 84
Bronnelys 88

Van Republiek tot Keiserryk

Die *vir bonus* volgens Tacitus

Algemene Inleiding

Die term *vir bonus* as omvattende begrip word nêrens spesifiek gedefinieer nie, tog het die Romeine goed verstaan wat dit behels. Om gestalte daaraan te gee, is die rol wat van die goeie Romein of *vir bonus* verwag is om in die Romeinse Republiek te speel, ondersoek. Die konstitusie van die Republiek is onder die loep geneem en die eienskappe geïdentifiseer waaruit ‘n beeld van die *vir bonus* geskep kon word. Met sy uitvoerige beskrywings van die euwels van die Keisertyd, bevestig Tacitus hierdie beeld deur die afwesigheid van die betrokke goeie hoedanighede uit te lig.

Om ‘n omskrywing te gee van wat Tacitus as ‘n *vir bonus* sou beskou het, is nie uit sy geskrifte voor die hand liggend nie[1]. Daar moet meerendeels tussen die lyne gelees word, hoewel hy by uitsondering in soveel woorde homself oor die een of ander aspek daarvan uitlaat. Die probleem word gekompliseer deur die vermoede dat Tacitus self in ‘n mate in vertwyfeling daaromtrent verkeer het. Dit is asof hy Janus-agtig na die stoere Republikeinse verlede terughunker, maar ook die veranderde situasie van sy eie tyd begryp en in berekening bring.

---

[1] Volgens MacDonald (1967:600-601) het Tacitus se werke verskyn in hierdie volgorde op die datums soos aangedui: *Agricola* (98 n.C.), *Germania* (98 n.C.), *Dialogus* (ná 98, miskien 102 n.C.), *Historiae* (109 n.C.) en *Annales* (116-117 n.C.). Al hierdie werke is bestudeer en in oënskou geneem vir die doel van die tesis. Die *Agricola* is ‘n eulogie en moet gesien word teen die agtergrond van *de mortuis nil nisi bonum*. Dit is bekend dat Tacitus in een van die provinsies op diens was toe sy skoonvader in 93 n.C. gesterf het en gevolglik nie die gebruiklike lofrede by die begrafnis kon lewer nie. Dit is duidelik dat hy groot agting vir sy skoonvader gekoester het en ook beswaard was oor die slegte behandeling wat dié van Domitianus gekry het, maar daar is ook ‘n merkbare aura van selfverontskuldiging vir sy eie passiewe rol in die politiek van sy tyd. Daarom kon Agricola nie sonder meer as rolmodel vir die *vir bonus* geneem word nie.Die *Germania* is as etnografie van die verskillende Germaanse stamme tot ‘n mate relevant waar die Germaanse karakter met die Romeinse vergelyk word, byvoorbeeld wat dapperheid, gedissiplineerdheid en moraliteit aanbetref, nie altyd ten gunste van die Romeine nie. Dit is ook moontlik om ‘n waarskuwing daarin te lees dat die Germaanse bedreiging nie onderskat moet word nie, maar die *Germania* bied nie werklik insig in die onderwerp van die tesis nie.
Die *Dialogus* kom voor as ‘n apologie waarin Tacitus poog om te verduidelik waarom hy sy rol as groot orator verruil vir dié van geskiedskrywer. Deur daardie bril gekyk, kan sy beskouing van die politieke toneel wel beter begryp word. Met bogenoemde in ag geneem is dit duidelik waarom die skrywer haarself hoofsaaklik by die *Historiae* en die *Annales* bepaal het, die enigste twee werke wat die fokus intensief op die werklike geskiedkundige politieke gebeure laat val, asook op die eise wat oor die algemeen aan ‘n goeie Romein gestel is.ie *Historiae*-teks wat gebruik is, is die 1977 Oxfordteks uitgegee deur C.D. Fisher, en vir die *Annales* is die 1966 Oxfordteks, ook uitgegee deur C.D.Fisher, gebruik. Die Afrikaanse vertalings uit Latyn is deur die skrywer self gedoen.

Dit was blykbaar vir Romeine *de rigueur* om die goeie oue tyd aan te prys, al was dit net lippediens. Dit geld egter nie vir die massas nie, feitlik net vir die adelstand. Die ideaal van die goeie Romein oftewel *vir bonus* wat in die Republikeinse era geldig was, was nog nie deur laasgenoemdes almal vergete nie. Miskien was dit juis die geval met Tacitus omdat hy van koloniale afkoms was. Dit is algemene kennis dat die bevolking van die platteland neig om meer konserwatief te wees as dié van die stad, en langer vas te hou aan tradisionele morele waardes.

Hierdie ideaal van die *vir bonus* spruit uit die Koningstydperk en is lewend gehou deur legendes soos dié van die eerste Brutus, Lucius Junius Brutus, wat sy eie seuns tot die dood veroordeel het vir hulle aandeel aan ‘n komplot om die monargie te herstel. Dit is sy voorbeeld wat sy nasaat, Decimus Junius Brutus, aangevuur het om as een van die hooffigure betrokke te raak by die moord op Julius Caesar, toe dit gelyk het asof laasgenoemde as alleenheerser wou regeer. Dan was daar Tarquinius Collatinus, wat vrywillig in ballingskap gegaan het omdat sy persoon en sy naam, dieselfde as dié van vorige konings, as ‘n permanente bedreiging vir die jong Republiek beskou is; en Curtius, wat in ‘n sinkgat in die Forum sou gespring het as soenoffer om die gat te laat toegaan, volgens die raad van die orakel. Sodanige optredes is as plig teenoor die gemeenskap in historiese tye as vanselfsprekend aanvaar (Grimal 1963:98-99).

Die morele beginsels waarop godsdienstige, politieke en persoonlike optrede behoort te berus, word deur Livius vir die leiers van elke generasie in sy *Ab urbe condita* beskryf. *Pietas* was die uitvoering van die verskuldigde pligte teenoor die gode, en *fides* die handhawing van verdrae en nakoming van beloftes in goedertrou gemaak. *Concordia* het verwys na goeie samewerking op politieke gebied met die nodige *disciplina*, dit wil sê om outoriteit op beide militêre en burgerlike gebied met die verskuldigde ontsag te bejeën. Politiek sowel as oorlog moet met *prudentia* (oorleg) en *ratio* (oorweging) gevoer word en *clementia* (begenadiging) bewys word wanneer gepas (Walsh 1967:66).

Op die persoonlike vlak was daar *pudicitia*, wat nie net skaamte en kuisheid nie, maar ook beskeidenheid omvat het, *virtus*, wat nie net dapperheid op die slagveld nie, maar ook morele moed aangedui het, en die verpligting om gedrag waardig aan jou status te handhaaf (*dignitas*). Verder moes die lewe in al sy fasette met erns (*gravitas*) bejeën

word en was ‘n beskeie lewenswyse sonder teveel luukse (*frugalitas*) ook hoog aan te beveel (Walsh 1967:66).

Tacitus is egter gebore en het grootgeword diep in die Keisertyd toe dit reeds baie duidelik was dat die Republiek onherroeplik ondergegaan het en op geen manier ooit weer herstel kon word nie. Hy het waarskynlik as tiener die chaos en bloedvergieting van die jaar van die vier keisers in Rome persoonlik beleef. Intelligente Romeine soos Tacitus het reeds tot die besef gekom dat die staatsbestel wat vir die Republiek toereikend was, vir die Keiserryk heeltemaal ondoeltreffend was. Die nuwe staatsbestel was dus noodsaaklik en moes noodwendig as sulks aanvaar word. Dit het egter meegebring dat die goeie Romeinse burger homself moes herskep. Hoe moes hy dan daar uitsien? Myns insiens worstel Tacitus in sy geskrifte met hierdie vraag.

Die opvoeding van die jong Romein van hoë stand het oorspronklik as einddoel gehad dat hy hom as bekwame orator sou kon handhaaf. Die doel hiermee was om die staat ten beste te kon dien. Daar was twee maniere waarop hy kon uitstyg, roem en eer kon verwerf, naamlik as suksesvolle *vir militaris*[2], waarvoor hy nie formele opleiding ontvang het nie, maar ondervinding opgedoen het tydens sy jare van verpligte militêre diens; of as uitmuntende orator, waarvoor hy wel intense skoling ondergaan het. Die *vir militaris* se prestasies is beloon met triomftogte en sy sakke gevul met die buit wat hom in sy militêre kampanjes te beurt geval het. Die orator kon homself in die Senaat laat geld en in regsgedinge skitter, terwyl hy baat kon vind by die geskenke en stemme van dankbare kliënte.

As *vir militaris* het Tacitus wel sy kant ter gelegener tyd gebring, maar dit was as orator dat hy die hoogste sport bereik het. Aan die einde van die *Dialogus* gee hy egter te kenne dat die tyd van die orator verby is. In die Senaat kan hy hom nie behoorlik laat geld nie, want die Senaat tree op as lofsanger vir die keiser en as rubberstempel vir sy besluite. Ook in regsgedinge is nie meer eer te vinde nie, want dit het ontaard in sake waarin mense op valse aanklagte van hoogverraad voor die hof gesleep word vir die persoonlike gewin van hulle aanklaers.

Vir ‘n ambisieuse man soos Tacitus is alles egter nie verlore nie. Daar is nóg ‘n loopbaan waarin ‘n talentvolle man, vaardig met die woord, kan presteer. ‘n

[2] Die term *vir militaris* omskryf ‘n uitstekende krygsman, vaardig in alle fasette van die krygskuns.

Geskiedskrywer kan ook hoë aansien geniet en sy roem kan hom oorleef. Tacitus roep die retorika vaarwel en wy hom aan geskiedskrywing.

Met hierdie agtergrond in gedagte is dit nie vreemd om meer as ‘n sweem van verbittering in Tacitus se werke te bespeur nie. Dit was nie uit eie keuse dat hy sy uitnemende vermoë as orator opsygeskuif het nie, maar omdat die pad weens omstandighede buite sy beheer doodgeloop het. Hierdie omstandighede kon nie anders as om hom te verbitter nie. Boonop beleef hy dit dat mede-Romeine wat die stoere Romeinse morele waardes probeer handhaaf, die onderspit delf. Hy worstel met die vraag hoe ‘n goeie Romein nogtans in die nuwe bedeling sy integriteit kan behou. Hy word as ‘t ware verplig om die eienskappe van die oorspronklike goeie Romeinse burger aan te pas by die nuwe omstandighede. Hy skilder egter nie ‘n portret van die nuwe *vir bonus* nie: ons moet dit self soos ‘n legkaart van stukkies en brokkies uit sy werke aanmekaarlas.

Deel 1: Die agtergrond waarteen Tacitus se werke afspeel

Hoofstuk 1: Die ontwikkeling van die Romeinse konstitusie

1.1 Inleiding

Die Romeinse *vir bonus* het tot sy reg gekom in die era toe die Republiek konstitusioneel op sy beste gefungeer het, of dit ten minste vir die regerende klas so voorgekom het. Nie dat daar ooit ‘n geskrewe konstitusie was nie. Dit is nietemin hierdie geïdealiseerde tydperk waarheen die kritici van die Keisertyd teruggehunker het. Alleen deur hierdie beeld in die agtergrond te hou, kan verstaan word hoekom die veranderings wat onder die keisers plaasgevind het, vir Romeine soos Tacitus so gegrief het.

Daar moet verstaan word dat die regering in die Republikeinse era in die hande van die hoë lui, die patrisiërs, was. Hulle het die staat, die *res publica*, gedien uit ‘n sterk pligsbesef in ‘n gees van *noblesse oblige*. Die term *res publica*[3] sluit nie net die regering in nie, maar ook die Romeinse bevolking in die geheel. Die verskillende ampte is uitgevoer sonder vergoeding en die amptenare moes gevolglik finansieel onafhanklik wees. Hulle het groot landgoedere besit waaruit hulle vermoëns geput is.

‘n Patrisiër seun het die *res publica* begin dien ongeveer vanaf sy sestiende jaar, eers tydens tien militêre kampanjes en daarna in die verskillende vlakke van die staatsdiens soos deur die *cursus honorum* voorgeskryf. Laasgenoemde was ‘n reeks opeenvolgende ampte met toenemende verantwoordelikhede, waarvoor ondervinding opgedoen moes word en gevolglik sekere eise gestel is, veral ten opsigte van ouderdom en vermoë. Hieruit kan afgelei word dat daar vir ‘n Romein van hierdie klas geen ander loopbaan was as wat so pas beskryf is nie, maar dat hy daarin ‘n verskeidenheid van talente kon ontwikkel en aanwend, soos krygskuns,

[3] In hulle Inleiding tot die vertaling van Cicero se *De Officiis* maan die vertalers, Griffin en Atkins (1991:xliv), dat ‘n Latynse frase met meer as een woord in ‘n ander taal vertaal kan word. Die gepaste nuanse moet van die konteks afgelei word. Die frase *res publica* omvat byvoorbeeld die begrippe samelewing, volk, politieke gemeenskap, publieke aangeleenthede, publieke ondernemings, publieke bedrywighede, republiek, republikeinse regering (“community, nation, political community, public affairs, public business, public life, republic, republican government”).

staatsadministrasie, die uitoefening van gesag, en retorika, wat oral noodsaaklik was, maar veral in die regerende liggaam, die Senaat.

Vanselfsprekend het so'n pligsgedrewe lewe ook streng morele eise aan die betrokke rolspelers gestel. Die Romeine het van die vroegste tye af, toe daar nog nie geskrewe wette was nie, hoë etiese standaarde ontwikkel met die *mos maiorum*, 'n oorgelewerde waardestelsel van karaktereienskappe, sedes, gebruike en alles wat bevorderlik kon wees vir die welsyn en vooruitgang van die *res publica*. Dit het onder andere eienskappe ingesluit soos *virtus*[4] (moed), *pietas* (eerbaarheid) en *gravitas* (erns). Die *vir bonus* of goeie Romein was dus iemand wat die *res publica* pligsgetrou gedien het terwyl hy die standaarde van die *mos maiorum* gehandhaaf het.

Die drie oorloë teen Kartago tussen die jare 264–146 v.C., waarin die Romeinse Republiek teensinnig ingetrek is, het amper ondraaglike eise aan die staat gestel. Aan die einde daarvan het sy grondgebied nie alleen uitgebrei om byna al die lande rondom die Middellandse See te bevat nie, maar dit het ook groot omwentelings binne die staatsbestel veroorsaak. Die plebeërs wat die spit in die leërs afgebyt het, het hulle regmatige aandeel aan die staatsbestel ál dringender begin opeis. Gelyktydig het die ineenstorting van die plattelandse kleinboerdery 'n trek na die stad tot gevolg gehad, wat die onrus aangeblaas het. Die bestaande orde kon dit nie meer hanteer nie, maar die patrisiërs wou nie mag prysgee nie. 'n Reeks sogenaamde Sosiale (Burger) Oorloë het gevolg en toegewings moes gemaak word, maar dit het duidelik geword dat 'n nuwe stelsel tot stand moes kom. Die Republiek was besig om ineen te stort en sake is uiteindelik tussen die generaals uitgespook. Augustus het as oorwinnaar uit die stryd getree en die Keiserryk ingelei.

In bogenoemde proses het die raamwerk van die Republikeinse bestel verkrummel. Nie alleen het die magsverskuiwing na die keiser die gevestigde gesagsposisies ontmagtig nie, maar ook die morele raamwerk van die *mos maiorum* is vermurwe. Dit was nie meer pligsgetrouheid en voortreflike gedrag wat hoë aansien verwerf het nie,

[4] Die woord *virtus* verwys na die eienskappe van 'n man, en selfs in die Keisertyd het dit beteken die essensieel manlike waarde van self-beheersing, in teenstelling met die uitdrukking *impotentia sui*, die onvermoë om sigself te bedwing, 'n vroulike swakheid. Morele waardes is nie by die Romeine deur godsdiens ingeskerp nie. Die gode het nie voorgeskryf hoe mense hulle moet gedra nie, net die gedissiplineerde uitoefening van die tradisionele rites vereis. In ruil daarvoor het hulle onderneem om alles goed en ordelik te laat verloop (Grimal 1963:100).

maar slegs die guns van die keiser wat saak gemaak het. Dit is hierdie morele agteruitgang wat Tacitus so onaanvaarbaar vind en in sy werke aanspreek.

1.2 Die Koningstydperk

Om die Republikeinse politieke bestel te verstaan, is dit egter nodig om by die oertyd van die konings te begin en die verdere ontwikkelings in breë trekke te volg tot die hoogbloei van die Republiek, volgens Scullard (1967:519-520)[5] ongeveer die jaar 133 v.C. Uit hierdie ondersoek kan dan afgelei word watter eienskappe ‘n burger moes besit om as ‘n *vir bonus* geag te word.

Rome het begin as een van ‘n aantal onafhanklike stadstaatjies, elkeen met sy eie primitiewe regeringstelsel. Hulle is later in ‘n soort losse federasie, bekend as die Bond van die Sewe Heuwels, verbind. Laasgenoemde is in ongeveer die 7de eeu v.C. deur die Etruskers verower, wat die sewe bondgenote in ‘n hegte eenheid saamgesnoer het. Toe het die tydperk van militêre koningskap begin, waartydens die konings al die omliggende gebiede verower het (Homo 1962:4-8).

Volgens oorlewering het die legendariese eerste koning Romulus die fondament en basiese strukture van die Romeinse konstitusie neergelê. Hierdie siening geld nog in die werke van skrywers soos Livius (*Ab urbe* 1:xiii,6 - xvii,11), Cicero (*Rep.* ii,4 en 12-15) en Plutarchus (*Romulus*). Romulus sou die Romeine, waarskynlik op ‘n territoriale basis, in drie stamme verdeel het, wat op hulle beurt weer elkeen in tien *curiae*, of kiesgroepe, ingedeel is. Elke *curia* het bestaan uit ‘n aantal *gentes*[6] (ekv. *gens*) of familiegroepe, waarvan die familiehoofde of *patres* as ‘n adviesraad vir die koning gedien het. Hulle kon egter nie wetgewing inisieer nie. Hierdie raad het later die Senaat geword (Livius *Ab urbe condita* 1,8 en 2,1).

Volgens bogenoemde klassieke geskiedskrywers was die koning alleenheerser, militêre bevelvoerder, hoofregter en hoëpriester, maar die koningskap was nie

[5] Daar is aanvanklik begin om uit die 1967 uitgawe van die *Encyclopaedia Britannica* te werk, omdat die skrywer die volledige stel persoonlik besit. Hierin word die gegewens van belang vir die tesis breedvoerig behandel. Latere ondersoek het aan die lig gebring dat dieselfde materiaal in die jonger uitgawes van die ensiklopedie aansienlik ingekort is. Gevolglik is besluit om voort te gaan om die ouer uitgawe te gebruik.

[6] “The *gens* was a collection of families whose members claimed, rightly or wrongly, that they were descended from a common ancestor; it had its family worship, its common burying place, its head, and, by the side of the family group based on natural kinship, it contained an artificial adventitious element, constituted by a body of men dependent on it and protected by it, the Clients” (Homo 1962:6).

oorerflik nie. Die vergadering van die *curiae*, die *comitia curiata*, het die koning gekies en hom met volmag, bekend as *imperium*, beklee. Dit is bevestig deur die *auctoritas patrum*, die wil en besluit van die vaders. Hierdie volmag is dus aan die koning persoonlik verleen en het met sy dood teruggeval na die staat. Die begrip van *imperium*[7] is fundamenteel aan die Romeinse regeringstelsel en speel deurgaans 'n deurslaggewende rol. Na die dood van 'n koning is 'n *interrex*, of tussenkoning, deur loting uit die geledere van die patres om die beurt vir 'n periode van vyf dae aangewys totdat 'n nuwe koning gekies is (Homo 1962:4, 11).

Onder die Etruskers het die rol van die stad Rome as setel van die regering dominant geword. Die platteland is tot 'n ondergeskikte posisie gereduseer en gestroop van selfregering, wat 'n magswanbalans teweeggebring het (Homo 1962:8-9). Die stad het gegroei, die handel het floreer en die buit van militêre kampanjes het bygedra tot ekonomiese vooruitgang (Homo 1962:25). Daar was egter ook negatiewe gevolge. 'n Skaarste aan mannekrag om die leërs te beman en die administrasie te behartig, het ontstaan. Tot dusver was die beperkte aantal oorspronklike *gentes* die enigste beskikbare bron waaruit hierdie mannekrag geput kon word, maar hulle geledere was reeds uitgedun en moes van tyd tot tyd aangevul word deur burgers van verowerde gebiede as *gentes* te inkorporeer[8] (Homo 1962:16).

Daar was wel 'n groot aantal gewone burgers, die *plebs*[9], in die gebied teenwoordig. Hulle was verowerdes uit ander gebiede, handelaars, ambagsmanne, *clientes* wat van hulle *gentes* losgeraak het, mense wat 'n bestaan in die stad kom soek het. Hulle was sonder verantwoordelikhede teenoor die staat, nie oproepbaar vir militêre diens nie en nie belastingpligtig nie. Hierdie bron moes getap word (Homo 1962:13-14). Hierdie mense val nie onder die begrip, "die Romein" nie en kwalifiseer dus nie vir die status van 'n *vir bonus* nie, maar hulle teenwoordigheid in die staat het nietemin 'n

---

[7] "Rome had from the earliest times…a tripartite structure of magistrates, council (the Senate), and popular assembly. The importance of the last… is that its early power produced the unique Roman and constitutionally vital concept of *imperium*. The Roman people conferred upon its chosen magistrates the right to command it and the sanction against disobedience – ever more strictly circumscribed – of corporeal and capital punishment of its members. On this depended the powers of the magistrates, and therefore of the Emperor and the provincial governors under the principate" (Purcell 1986:565).

[8] Interessantheidshalwe kan genoem word dat die *gens Claudia* en die *gens Iulia*, wat later so'n belangrike rol in die Romeinse geskiedenis gespeel het, onder hulle was (Homo 1962:16).

[9] Die term *plebs* verwys eintlik net na die laer-inkomstegroep van die vier stadstamme, wat meesal werkloos was, in krotbuurte gelewe het en spesiale rantsoene van graan ontvang het. Omdat 'n burger fisies in Rome moes wees om te kon stem, het hulle 'n oormatig belangrike rol in verkiesings gespeel en was weens hulle behoeftige omstandighede manipuleerbaar (Aldrete 2006:690).

beduidend invloed op die politike ontwikkelings gehad en kan dus nie geïgnoreer word nie.

Die bevolking se getalle en finansiële status is volgens grondbesit met ‘n sensus bepaal om vas te stel wie kon bekostig om militêre diens te doen, want van elke soldaat is verwag om sy eie wapens en toerusting te voorsien (Homo 1962:17-19). Daar is ook vier stadstamme geskep waarin patrisiërs saam met plebeërs volgens woongebiede ingedeel is. Hierdie stamme is volgens vermoë in Klasse verdeel en elke Klas moes ‘n bepaalde aantal afdelings soldate, *centuriae* genoem, vir die leërs verskaf. Daar is begin om die Klasse met verdrag van bo af op te roep, en die plebeërs wat gekwalifiseer het, was gewillig om die finansiële las te aanvaar in ruil vir sekere beperkte burgerregte (Homo 1962:18-19).

Die spanning wat toe reeds tussen die patrisiërs en die konings bestaan het, het ‘n rol gespeel in laasgenoemde verwikkelinge, want as gevolg daarvan het die koning die plebeërs se ondersteuning ál meer nodig gekry. Die laaste koning, Tarquinius Superbus, het egter die bevolking so uitgebuit dat die plebeërs met die patrisiërs saamgespan het om hom te verdryf. So het die Republiek tot stand gekom (Homo 1962:17 en 22-23).

In hierdie afdeling is kortlks die fondament waarop die konstitusie van die Romeinse Republiek gebou is, beskryf. Hoewel die basiese strukture van die Koningtydperk in breë trekke behou is, is dit belangrik om in gedagte te hou dat terselfdertyd alles moontlik gedoen is om te verhoed dat die mag weer in die hande van ‘n alleenheerser sou val. Die bestaande strukture is gevolglik aangepas om ‘n breë basis van seggenskap daar te stel, ‘n stelsel waarvolgens ‘n Romeinse burger opgang kon maak terwyl hy die Republiek dien, maar die magte van die gesagspersone op allerlei maniere ingeperk is.

1.3 Die evolusie van die Republikeinse konstitusie vanuit die Koningstydperk

1.3.1 Omvorming van bestaande strukture

Ná die staatsgreep is nie ‘n nuwe staatsbestel ingevoer nie, maar die bestaande een op ‘n pragmatiese wyse aangepas. Alles moontlik is gedoen om te verhoed dat ‘n koning weer aan die bewind kom. Die magte van die koning is oorgedra aan twee konsuls

met *par potestas*, ewe veel mag, en hulle kon mekaar aan bande lê deur die vetoreg, *intercessio*. Boonop is hulle net vir ‘n jaar verkies, te kort om ‘n magsbasis op te bou. Een moes altyd in Rome op diens wees as die ander een uitstedig was, byvoorbeeld op ‘n militêre kampanje. Die *interrex* is vervang deur ‘n *dictator*, maar sy bewind is beperk tot ses maande en hy was verplig om ‘n tweede-in-bevel aan te wys, die *magister equitum*[10] (Homo 1962:11,29-30 en 33-34).

Die koning se rol as hoëpriester is oorgeneem deur die *rex sacrorum*, wat vir lewenslank aangestel is en uitsluitlik godsdienstige pligte vervul het. Hy is later oorskadu deur die *pontifex maximus*, die voorsitter van die kollege van priesters, wat omtrent al sy funksies oorgeneem het en ook politiek kon bedryf (Homo 1962:31).

Tydens die Republiek het die Senaat nie net bly voortbestaan nie, maar seggenskap bygekry ten koste van die *comitia curiata,* wat meeste van sy magte verloor het. Dié het nog die *imperium* oorgedra, maar dit was ‘n blote formaliteit. Verder het hulle roetinetake behartig, soos om testamente en aannemings te bekragtig (Homo 1962:33-34 en Broughton 1967:137).

As beloning daarvoor dat hulle gehelp het om die koning te verdryf, is die Klasse saamgesnoer in ‘n vergadering bekend as die *comitia centuriata,* wat op die voorgrond getree het as ‘n liggaam beklee met kiesreg en wetgewende pligte. Hoewel die plebeërs hierin verteenwoordig was, is hulle seggenskap op vele maniere beperk om te verseker dat die patrisiërs die hef in die hande behou. Die vermoëndste faksie het steeds die tradisionele voorregte van die patrisiaat vir hulleself voorbehou, soos die *auctoritas patrum* en die meeste van die gesagsposisies (Homo 1962:33-34 en Broughton 1967:137).

1.3.2 Opkoms van die *equites*

Dieselfde faktore wat die konings gedwing het om die plebeërs te betrek, het toenemend ook in die jong Republiek ‘n steeds groter behoefte aan hulle deelname aan die staatsbestel geskep (Homo 1962:34-36). Hulle het op vernuftige wyse die situasie uitgebuit om ál meer voorregte in ruil vir hulle samewerking te verkry. Na ‘n

[10] Die *dictator* is eers die *magister populi* (leier van die voetvolk) genoem en sy tweede-in-bevel die *magister equitum* (leier van die ruitery). Laasgenoemde titel is behou (Momigliano 1967:508).

langdurige stryd het hulle uiteindelik van die patrisiërs hulle regmatige aandeel aan die regering opgeëis (Homo 1962:40-52).

Aanvanklik kon hulle as aparte kontingent van die ruitery in die Eerste Klas diens doen, mits hulle kon bekostig om hulle eie perde te koop en te onderhou, die sogenaamde *equites equo privato*, in teenstelling met die patrisiër *equites equo publico*, wie se perde uit die staatskas gesubsidieer is (Homo 1962:38-39). Namate nie-Romeinse troepe, *auxiliares*, toenemend by die leërs ingeskakel is, gewoonlik as ruitery, het die militêre rol van die *equites* egter verskraal, alhoewel hulle soms nog as offisiere of lede van die generale staf gedien het. Hierdie *equites* was meesal groot grondbesitters en besigheidslui, wat publieke kontrakte onderneem, myne ontgin en belastings ingevorder het (Homo 1962:85 en Broughton 1967:664). Uiteindelik is in 67 v.C. die titel en voorregte van hierdie groep aan almal verleen wat vrygebore was en genoegsame eiendom besit het. Burgers vanoor die hele Italië het reeds gekwalifiseer en kon selfs lede van die Senaat word, maar meeste het verkies om nie in die politiek betrokke te raak nie. Sommige het wel loopbane in die staatsadministrasie of in die leërs gevolg (Vanderspoel 2006:325). Tacitus het tot hierdie stand behoort.

1.3.3 Gesagstrukture in die Republiek

Die basis vir die Republikeinse gesagstrukture is in die Koningstydperk gelê en van tyd tot tyd aangepas en aangevul na gelang van behoefte. Die volgende was die belangrikste liggame van die Republikeinse era.

Die **Senaat**[11] was as enigste liggaam waarin staatsake bespreek kon word, bo aan die lys. Aangesien sy lede ál meer uit oud-konsuls bestaan het, het sy gesag oorheersend geword in sake soos finansies, wet en orde, buitelandse sake en beheer oor gesagspersone. Sonder ‘n geskrewe konstitusie het die gesag van die Senaat op gewoontereg en presedent berus (Patterson 2006:805

Die ***comitia*** of vergaderings het in verskillende groeperings byeengekom, en kon slegs stem oor sake wat deur die betrokke voorsittende gesagspersone voorgelê is, maar nie veranderings voorstel nie. Die ***comitia curiata*** van die Koningstyd het in die

[11] “For Cicero, the senate was at the heart of the Republican system and challenges to its authority were threats to the very fabric of the state” (Patterson 2006:805).

Republiek slegs nog ‘n vormlike rol gespeel. Hulle oorspronklike funksies is oorgeneem deur die ***comitia centuriata,*** waarin die weerbare manne ingedeel is. Hulle het sekere gesagspersone gekies, oorlog verklaar, wette gemaak en as ‘n appelhof ageer. Die ***comitia tributa*** was ‘n vergadering van al die stamme, waaraan beide patrisiërs en plebeërs behoort het. Hulle het die oorblywende gesagspersone gekies. Laastens was daar die ***concilium plebis***, waaraan net die plebeërelement van die stamme behoort het. Dit was ‘n toegewing wat die plebeër voetsoldate afgedwing het deur die dreigement van ‘n staking. Hulle kon uit eie geledere ‘n aantal amptenare, tribunes, kies om hulle belange te behartig. Die *concilium plebis* kon wette maak wat aanvanklik net op hulleself van toepassing was, maar later vir almal gegeld het (Cornell 1996:372).

Uit bogenoemde uiteensetting van die gesagstrukture van die Romeinse Republiek, is dit duidelik dat die Romeinse burger oor ‘n breë spektrum deelname in die regering beskik het en ‘n mate van politieke seggenskap kon uitoefen. Senatore is wel nie verkies nie, maar aangestel. Byna al die ander gesagspersone is egter deur die verskillende *comitia* verkies, wat veroorsaak het dat daar in die algemeen ‘n lewendige belangsteling in die politieke lewe van die Republiek onder die Romeinse burgers was. Hierdie deelname en betrokkenheid het in die Keisertyd tot niet gegaan.

1.3.4 Die *cursus honorum*

Vir ‘n Romein van die hoë klas was dit vanselfsprekend om die staat te dien en derhalwe homself te bekwaam om die nodige pligte na die beste van sy vermoë te verrig. Namate die staatsadministrasie uitgebrei het, het daar verskillende vlakke van diens ontstaan waarvoor met toename in gesag en verantwoordelikheid ál meer bekwaamheid en ervaring nodig was. So is daar ‘n stelsel van gesagsposisies geskep wat vir die Romein ‘n loopbaan gebied het, die *cursus honorum*. Hierdie posisies het mekaar sistematies opgevolg en daar was vir elkeen spesifieke kwalifikasies, onder andere van ouderdom (Oliver 2006:544).

As teken van sy volwasse status, het die Romeinse seun van sestien jaar sy *toga praetexta* (wit met ‘n karmosyn rand) vir die *toga virilis* (suiwer wit) verruil en is sy naam formeel in die stamregister ingeskryf. Hy moes nou tien jaarlikse militêre kampanjes meemaak voordat hy die *cursus honorum* kon aandurf (Rives 1999:181).

Die eerste trap op die leer was dié van ***quaestor***, wat hoofsaaklik die finansiële pligte van ‘n meer senior gesagspersoon behartig het (Broughton 1967:913). Die volgende een was dié van ***aedile***, wat as assistent van ‘n konsul in praktiese terme die werk van ‘n hedendaagse munisipale amptenaar gedoen het. ‘n *Aedile* was verantwoordelik vir ‘n spesifieke stadswyk, waarin hy beperkte siviele en kriminele jurisdiksie (*potestas*) uitgeoefen het. Die organisasie van die Spele wat by die publiek so populêr was, was ook een van hulle opdragte (Aubert 2006:10-11).

Op die rang van *aedile* volg dié van ***praetor***. Net ondergeskik aan die *consul*, het hy volle siviele en militêre *imperium* geniet. Hy het belangrike administratiewe pligte vervul, veral regspleging, maar kon ook militêre bevel voer, die Senaat in die afwesigheid van die *consul* byeenroep en as goewerneur van ‘n provinsie aangestel word. Laasgenoemde funksie het in die Keisertyd prominent figureer (Aldrete 2006:717).

Daar was altyd twee ***consules*** aan die hoof van die staat, hulle het volle *imperium* gehad en was effektief die uitvoerende gesag, wat saam met die Senaat regeer het. Hulle het uitgebreide magte gehad, die leërs aangevoer en met vreemde moondhede onderhandel. Die jaartelling is altyd onder hulle name aangeteken (Momigliano 1967:407-408). Konsulêre magte is later permanent deur die keisers opgeëis (Aldrete 2006:231)..

Die sensusopname was oorspronklik een van die normale pligte van ‘n konsul, maar die omvang en belangrikheid daarvan het die skepping van ‘n spesiale amp daarvoor genoodsaak, dié van *censor*. Burgers is volgens die sensuslyste in die verskeie kiesgroepe ingedeel en militêre diensplig is daarvolgens vasgestel. Die *censores* het ook besigheidskontrakte toegeken en toesig oor die moraliteit van die burgers uitgeoefen. Senatore wat hulleself misdra het, kon geskors word[12]. Om as *censor* verkies te word, het gevolglik die kroon op ‘n politieke loopbaan gespan. Ook hierdie amp is deur die keisers gemonopoliseer en gebruik om die Senaat met hulle ondersteuners te laai (Aldrete 2006:178).

[12] Cato, synde ‘n stoere Republikein, het as censor in 184 v.C. sewe vooraanstaande senatore van hulle plek in die Senaat onthef omdat hulle die oligargiese party ondersteun het (Homo 1962:109).

Bostaande is ‘n vereenvoudigde uiteensetting van ‘n baie meer komplekse struktuur, maar vir die doeleindes van hierdie tesis is dit nie nodig om volledig daarop in te gaan nie. Daar is egter nog een gesagsposisie wat wel relevant is, naamlik die ***tribunus plebis*** waarvan reeds melding gemaak is in 1.3.3. Soos gesê, is tribunes oorspronklik deur die *concilium plebis* verkies om die plebeërs se belange te behartig. Slegs plebeërs was verkiesbaar tot hierdie amp en hulle het die aktiwiteite van die *concilium plebis* beheer. Hulle het ook buitengewone magte gehad, soos die vetoreg en onaantasbaarheid van persoon en eiendom[13]. Die toe-eiening van die tribunale magte was een van die belangrikste pilare waarop die keisers se absolute mag berus het (Derow 1996:1549-1550).

Ten slotte moet onthou word dat byna al bogenoemde gesagspersone op ‘n gereelde jaarlikse basis gekies is om te verhoed dat enige individu te veel mag inpalm. Hulle het geen besoldiging ontvang nie, maar dit as hulle burgerlike plig en ‘n eer beskou om ‘n amp te beklee. Gevolglik moes hulle ‘n bepaalde finansiële vermoë hê om te verseker dat hulle nie die amp vir eie gewin misbruik nie. Die *cursus honorum,* minimum ouderdomsvereistes en ingewortelde pligsbesef het oor die algemeen gesorg vir verantwoordelike regering (Oliver 2006:544).

1.3.5 Regspleging in die Republiek

Regspleging het in die Republiek op ‘n redelik *ad hoc*-basis geskied. Die regsfunksie van die koning het op die konsuls oorgegaan, wat dit na hulle adjunkte, die *praetors*, afgewend het. Die Romeinse burger moes in die Republiek sy eie hofsake behartig: iemand aankla wat hom te ná gekom het, of homself teen ‘n aanklaer verdedig, of iemand anders kry om die sake vir hom te hanteer. Dit het meegebring dat daar ook ‘n beduidende vaardigheid en deelname aan die regstelsel onder die hoë lui in hiedie era ontstaan het.

Hoewel die stelsel nie streng gestruktureerd was nie, is daar tog mettertyd voorgeskrewe prosedures ingestel wat daarop gemik was om geregtigheid te laat geskied. Regspleging is miskien die aspek van die lewe wat in die Keisertyd die grootste miskenning ondergaan het. Om te verstaan tot watter mate die gereg deur die

[13] Die onaantasbaarheid van die tribunes het oorspronklik gespruit uit die eed wat al die lede van die *concilium plebis* gesweer het om hulle te beskerm, maar het later amptelike status verkry toe die liggaam as ‘n staatsorgaan erken is (Stavely 1988:500-501).

keisers verkrag is, is dit nodig om te weet hoe dit tot op sy regverdigste vlak ontwikkel en bedryf is.

Die *vir bonus* kon en moes sy talent as orator in die geregshof inspan. Wat presies is van hom verwag? Soos met alles anders in die Romeinse opset, was daarmee ook ‘n proses van ontwikkeling en aanpassing gemoeid. “Early Roman criminal law is both obscure and hotly debated” is die sin waarmee Robinson (1995:1) sy boek, “*The Criminal Law of Ancient Rome*”, inlei. Hy verduidelik dat daar eers vir die periode rondom 200 v.C. redelike afleidings oor die onderwerp gemaak kan word uit die werke van Plautus, Cato en andere. Dit dek egter net ‘n beperkte veld.

In 207 v.C. word vir die eerste keer ‘n spesiale kommissie, ‘n *quaestio,* aangestel, bykomend tot die jurisdiksie van die *comitia centuriata*. Later stel die Senaat ‘n *praetor* aan om ondersoek in te stel na klagtes teen die goewerneur van Hispania, om skadevergoeding te bepaal, maar nog nie straf op te lê nie. Eers in 149 v.C. word die *lex Calpurnia* gepromulgeer, waardeur ‘n permanente hof in die lewe geroep word bestaande uit ingeswore senatore as jurielede om die uitbuiting van provinsies te ondersoek met die mag om skadevergoeding te bepaal en straf op te lê. Daarna is spesiale kommissies van die Senaat, asook die jurisdiksie van die *comitia* geleidelik vervang deur *quaestiones perpetuae*, min of meer geskool op die lees van die *lex Calpurnia* (Robinson1995:1). Daar was ‘n *quaestio perpetua* vir elke oortreding en die regsgeldigheid en formaat van elkeen is deur ‘n bepaalde *lex* of *plebiscitum* voorgeskryf (Robinson 1995:1-3).

Die voorsitter van so’n *quaestio* was gewoonlik ‘n *praetor*, die junior kollega van ‘n konsul, spesifiek aangestel om die regspleging namens hom te behartig. Hy moes ‘n eed aflê dat hy die bepalings van die tersaaklike wet sou toepas. Sy eerste taak was om te bepaal of daar wel ‘n grondige saak was of nie (Robinson 1995:4). Soos elke opgevoede Romein was hy veronderstel om ‘n basiese kennis van die wet te hê, maar was nie noodwendig ‘n hoogs opgeleide regskenner nie. Hy kon dus ‘n aantal deskundiges, sy *concilium*, raadpleeg. Sy optrede was ook onderhewig aan publieke en professionele kritiek (Robinson 1995:4-6).

Die aantal jurielede wat oor ‘n bepaalde saak moes beslis, is ook deur die betrokke wet vasgestel. Die lede het aanvanklik net uit senatore bestaan, maar die samestelling

daarvan het met tyd gewissel. Daar was uiteindelik ‘n poel van jurielede, bestaande uit senatore, *equites* en tesouriebeamptes, wat aan sekere vereistes moes voldoen (Robinson 1995:4).

Robinson (l995:100) wys daarop dat weens die gebrek aan ‘n polisiemag en amptelike aanklaers, enige volwasse manlike burger pligshalwe ‘n saak by die voorsitter van die betrokke hof aanhangig kon maak. Hy moes dit in die teenwoordigheid van die aangeklaagde doen en ‘n eed sweer dat hy te goeder trou optree. ‘n Formele klag is dan uitgeskryf en deur die aangeklaagde onderteken, waardeur hy verbind is om die regsproses te deurloop. Hy het dan ‘n redelike tyd gekry om sy verdediging voor te berei en was vry totdat die saak voorgekom het. Die voorsitter het die getuies gedagvaar om te verskyn. Enigeen kon aangekla word, man of vrou, slaaf of vryman, behalwe gesagspersone tydens hulle diensperiode en manne besig met sake van openbare belang, soos soldate op diensplig (Robinson 1995:5).

Die saak het byna soos hedendaags verloop waar ‘n jurie optree. Die jurie is ingesweer, elke party het ’n beurt gekry om sy saak te stel, getuies is opgeroep, wedersyds onder kruisverhoor geneem en ‘n finale betoog is gelewer. Die jurie het verdaag en met geslote stembriefies gestem. ‘n Meerderheidstem het gegeld, ‘n staking van stemme is as vryspraak gereken. Die voorsitter het dan die uitspraak gelees en die vonnis opgelê volgens die bepalings van die wet (Robinson 1995:5-6).

Die integrale rol wat die *clientes*-stelsel in die politieke lewe van die Republiek gespeel het, het vereis dat ‘n Romein van goeie stand sy plek in die hof moes kon volstaan, want hy het die verpligting gehad om sy *clientes* in die hof te verdedig wanneer nodig. “Moreover, since Roman society was firmly rooted in patron-client relationships, in which the patron was expected to defend his clients in court, it was important that members of families with a large clientele be well acquainted with rhetorical theory” (Wooton 1988:1114). Ook van die lojale vriende van ‘n aangeklaagde is verwag om hom in die hof by te staan.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die *maiestas*-wet reeds in die Republikeinse tyd geldig was. *Maiestas* (hoogverraad) kan trouens beskou word as een van die oudste misdade, want dit was van oudsher af ‘n misdaad teen die maatskappy. Een

van die *quaestiones perpetuae* soos hierbo genoem, het juis daarmee gehandel[14]. Hunter (1885:1065-1066) sê ook dat die misdaad in Republikeinse tye as *perduellio* bekendgestaan het en slegs met die ondermyning van die staatsveiligheid te doene gehad het. Hy gee ‘n gedetailleerde lys van oortredings wat onder die wet geval het.

1.3.6 Die weë waarlangs ‘n ambisieuse Romein kon uitstyg

Romeine se lewensuitkyk was pligmatig en praktykgerig, gevolglik moes ‘n ambisieuse man aansien verwerf in die openbare lewe. Alle *nobiles* en *equites* moes die *cursus honorum* volg, almal kon op die een of ander stadium lid van die Senaat word en almal kon aspireer om die rang van konsul te bereik[15], maar om werklik roem te verwerf moes daar uitgeblink word op die een of ander terrein, hetsy oorlogvoering, politiek, retoriek, letterkunde of enige kombinasie daarvan. Dit geld natuurlike net vir lede van die hoë lui[16]. Die lewens van persone wat op die terreine van oorlogvoering, retoriek en letterkunde respektiewelik uitgeblink het, word vervolgens ondersoek om te bepaal watter eienskappe elkeen openbaar het om hom vir die titel van *vir bonus* te laat kwalifiseer.

1.3.6.1 Die *vir militaris*

Teen die Republikeinse agtergrond sou ‘n *vir militaris* beskryf kon word as ‘n *vir bonus* wat die Republiek met besondere sukses op militêre gebied gedien en sodoende bo sy portuurs uitgestyg het. As *vir bonus* moes hy dus die *cursus honorum* deurloop het en met eerbare doeltreffendheid al die opeenvolgende pligte behartig het. Hiertydens moes hy boonop sy woord met bekwaamheid kon doen. As soldaat moes hy vanselfsprekend dapperheid openbaar en tot die hoogste rang gevorder het. Dis

---

[14] Tacitus (*Ann*. 1,72 praat van die wet as *legem maiestatis…, cui nomen apud veteres idem, sed alia in iudicium veniebant, si quis proditione exercitum aut plebem seditionibus, denique male gesta re publica maiestatem populi Romani minuisset* (die wet van hoogverraad …, waarvan die naam onder die ou mense dieselfde was, maar ander sake onder sy jurisdiksie geval het, soos wanneer iemand ‘n leermag deur verraad ondermyn, of die gepeupel deur opruiing verontrus, of kortliks deur enige korrupte optrede die waardigheid van die Romeinse volk aantas).

[15] Dat nie-adellikes selde daarin geslaag het om die konsulskap te verwerf, word bewys deur die beskeie aantal wat dit wel reggekry het: Cato (195 v.C.), P. Pompeius Rufus (141 v.C.), Marius (107 v.C.), T. Didius (98 v.C.), C. Caelius Caldus (94 v.C.) en Cicero (63 v.C.). Meeste van hulle was *equites* (Homo 1962:1230).

[16] “The term aristocracy is also applicable to Rome, where the Republic was in practice governed by a restricted group of about 50 aristocratic families (nobiles), who dominated the CONSULSHIP. A class of wealthy, non-noble Romans developed as in Greece, but while entry to the SENATE was achievable through the *quaestorship*, relatively few reached the highest levels so jealously guarded by the old aristocracy” (Edwards 2006:76).

eers op hierdie vlak wat hy as *vir militaris* kon uitstyg, wanneer hy die Republiek se vyande verslaan en veldslae gewen het waardeur die staat se grondgebied uitgebrei en buit verower is. So'n *vir militaris* het dan ook gewoonlik beskik oor besondere leierskaps- en strategiese vermoëns.

As voorbeeld van 'n Romein wat in die Republikeinse era op militêre gebied uitgestyg het, is dit nie nodig om verder te soek nie as Julius Caesar. Hy was weliswaar veel meer as 'n briljante generaal, maar dit is moontlik om met sy prestasies op hierdie gebied te volstaan. Volgens Balsdon (1967:573-574) het hy as junior offisier diens gedoen in die provinsie Asië (81 of 80 v.C.), waar hy sy man gestaan het in militêre operasies en selfs die *corona civica* vir dapperheid gekry het. Daarna het hy die *cursus honorum* deurloop: *quaestor* (69 v.C.), *aedile* (65 v.C.), *praetor* (62 v.C.), en prokonsul van Hispania

(61 v. C.), waar hy die orde so doeltreffend herstel het met sy militêre kampanjes dat hy 'n triomftog daarvoor toegestaan is, maar hy moes dit verbeur om hom vir die konsulskap in 59 v.C. verkiesbaar te stel (Suetonius *Divus Iulius*, 2-3 en 18). Hierby kan Caesar se bekendheid as goeie orator gevoeg word.

Caesar het daarvoor gesorg dat die twee provinsies van Gallië aan hom toegewys word aan die einde van sy konsulskap, en Gallië duskant die Alpe het as toegif bygekom. Vir die volgende jare totdat hy vir 'n tweede keer tot die konsulskap kon toetree, het hy met groot sukses daar oorlog gevoer en sy roem as veldheer en *vir militatis* gevestig. Hy het die grense van die Romeinse grondgebied uitgebrei en beveilig, en baie buit vir die staat, vir homself en vir sy troepe verower. Hy was die eerste Romein wat die Ryn oorgesteek en Brittanje binnegeval het (Suetonius *Divus Iulius*, 22 en 25).

Suetonius gee'n omvattende evaluering van Caesar se hoedanighede as *vir militaris*. Hy was hoogs bedrewe as vegter en ruiter en het selfs goed geswem. Hy het altyd van voor af gelei, soms te perd, meesal te voet, en het beskik oor buitengewone uithouvermoë onder alle weersomstandighede (Suetonius *Divus Iulius*, 57). Daar kan dus afgelei word dat hy geen optrede van sy soldate verwag het waarin hy nie self die voorbeeld gestel het nie.

As generaaal was hy ‘n goeie strateeg, het hy altyd betroubare inligting deur verkenning bekom en sy krygstaktiek gewissel na gelang van omstandighede. Hy was ‘n uitstekende leier, het sy troepe eners behandel en beoordeel op hulle gevegsvermoë, nie hulle karakter of rykdom nie. Sy dissipline was streng, maar hy het geweet wanneer om skiet te gee, en sy soldate paraat gehou deur soms sonder waarskuwing ‘n opmars of aanval uit te voer. Hy kon kophou in krisisse en het die kuns verstaan om sy troepe se lojaliteit te wen en te behou (Suetonius *Divus Iulius*, 57-70).

Toe dit vir hom onmoontlik gemaak is om vir die tweede keer konsul te word, het hy met sy soldate oor die Rubicon marsjeer en sodoende ‘n burgeroorlog ontketen. ‘n Aantal veldslae het gevolg, waarin hy sy teenstanders beslissend verslaan het. Hiervoor het hy nie minder nie as vier triomftogte op ‘n ry gevier (Balsdon 1967:575-576). Hy het geëindig as diktator, die onbetwiste heerser van wat eintlik reeds die Romeinse Ryk was. Caesar het egter nie rekening gehou met die diepgewortelde weersin van die Romeinse hoë lui teen enige vorm van alleenheerskappy nie, al was die tyd daarvoor ryp. Daarvoor het hy met sy lewe geboet. Wat ookal anders van hom gesê kan word, dit kan beskou word dat hy kwalifiseer as *vir bonus* wat as *vir militaris* uitgetroon het.

1.3.6.2 Die orator

Sukses kon egter behaal word sonder ‘n voortreflike militêre rekord, maar weereens moes die aspirant orator homself eers skool op die lees van die *vir bonus*. Hier kan die uitspraak van Quintialianu in gedagte gehou word: *Necque enim tantum id dico, eum qui sit orator virum bonum esse oportere, sed ne futurum quidem oratorem nisi virum bonum.*[17] Vir ‘n Romeinse burger was dit noodsaaklik om sy woord goed te kon doen in die Senaat. Verder is byna al die gesagspersone verkies, sodat kandidate die kiesers moes oortuig om vir hulle te stem. Kennis van retoriek was ook noodsaaklik in die geregshof. Die heersende juriestelsel het daartoe gelei dat die beslissing dikwels in die guns van die advokaat gelewer is wat die jurielede na sy kant toe kon swaai, eerder as

[17] Want ek sê nie net dat hy wat ‘n orator is ‘n goeie man behoort te wees nie, maar dat niemand ‘n orator sal wees nie, behalwe ‘n goeie man (Quintilianus, *Institutio oratoria*, 12.1).

die een wat op feite en bewyse staatgemaak het.[18] Die studie van retoriek was dus by uitstek die vaardigheid waarin die ambisieuse Romein homself moes bekwaam (Wooten 1988:1113-1115).

Cicero word beskou as die uitstaande Romeinse orator. Deur ‘n beperkte faset van sy loopbaan in breë trekke te beskou, kan ‘n idee gevorm word van die skoling wat ‘n goeie orator moes ondergaan en die gebruik wat hy van sy talent en vaardigheid kon maak om bo uit te kom, wat weereens die konsulskap beteken. Rawson sê in haar Inleiding: “Though Cicero’s greatness was not primarily as a politician, it was certainly his public career that he regarded as the most important part of his life; even oratory was not an end in itself but the weapon, indeed the supreme expression, of the statesman…(1975:xiv). Verder sê Zetzel: “Cicero rose to eminence as a public speaker….”(1999:vii). ‘n Mens kan met vertroue aanvaar dat hierdie twee skrywers, Rawson en Zetzel, sou meen dat Cicero kwalifiseer om as *vir bonus* geklassifiseer te word.

Hy was nie ‘n patrisiër soos Caesar nie, maar het uit ‘n plattelandse *eques*-familie van Arpinum gestam, wat vir hom ‘n agterstand gegee het. Die gesin het nogtans spesiaal na Rome verhuis sodat die twee seuns, van wie Cicero die oudste was, die beste beskikbare opvoeding kon kry. Familieverbintenisse het dit vir Cicero moontlik gemaak om die bedryf van politiek onder die inspirasie van die befaamde orator Lucius Licinius Crassus, en dié van wet onder die vlerke van Quintus Mucius Scaevola die *augur*, en sy neef, die hooggeagte juris, Quintus Mucius Scaevola die *pontifex maximus,* te bestudeer. Retoriek en filosofie het hy onder Philo en Diodotus verder gevoer (Rawson 1975:5-6, 18). By geleentheid het hy ‘n toer na die Ooste onderneem en verder studeer in hierdie rigtings, veral onder Molon op die eiland Rhodos. Meer as baie van sy tydgenote het hy homself in hierdie studies verdiep en dit lewenslank voortgesit (Rawson 1975:28).

Soos elke Romein van die regerende klas, was dit Cicero se ideaal om konsul te word, hoewel hy ‘n *novus homo* was[19] en boonop nie in die wieg gelê vir ‘n militêre

[18] “…his technique in winning a case against the evidence is exemplified by *Pro Cluentio*, a speech in an inordinately complex murder trial; Cicero later boasted of ‘throwing dust in the jurymen’s eyes” (Ferguson 1967:762).

[19] Hierdie term verwys na ‘n Romein uit ‘n familie wat tot op datum nog nie ‘n gesagspersoon met *imperium* opgelewer het nie.

loopbaan nie. Hy was dus nie van huis uit *vir bonus*-materiaal nie. Alhoewel militêre diens nie vir hom verpligtend was nie, het hy nogtans ‘n poging daartoe aangewend deur kortliks op die staf van Pompeius Strabo, vader van Pompeius Magnus, en ook by Sulla se leërs in Campania diens te doen (Rawson 1975:15-16).

Hierna tree hy vir die eerste keer in die hof op ten gunste van Quinctius, ‘n saak wat hy waarskynlik gewen het, want hy het sy betoog gepubliseer. Sy briljante verdediging van Sextus Roscius van Ameria nie lank daarna nie, het sy reputasie as advokaat stewig gevestig. Sy baasskap as orator is bewys deur sy onortodokse vervolging van Verres, die oud-goewerneur van Sisilië, vir die uitbuiting van die provinsie. Cicero het naamlik geen betoog gelewer nie, slegs die oorweldigende bewyse uitgeryg, sodat Verres by voorbaat in ballingskap gegaan het (Ferguson 1967:759).

Hoewel dit nie vir ‘n *eques* noodsaaklik was nie, het hy ook verder die *vir bonus*-pad geloop deur die *cursus honorum* te voltooi: *quaestor* in Sisilië (75 v.C.), waar hy wyd reis, vooraanstaande *equites* in die hof verdedig en sodoende *clientes* en prestige verwerf (Rawson 1975:32-35); *aedile* (69 v.C.), sodat hy die publieke oog kan vang met die reël van die populêre Spele en ander openbare take; en *praetor* (66 v.C.). Nou is Cicero in die pylvlak na die konsulskap en doen alles in sy vermoë om die paal te haal (Harvey 1969:100). Sy huwelik met Terentia, ‘n ryk Romeinse vrou uit ‘n vooraanstaande familie, was reeds ‘n stap in die regte rigting[20], en sy eerbare optrede in gesagsposisies het respek afgedwing (Rawson 1975:25). Ook het hy, behalwe in die geval van Verres, altyd opgetree as die advokaat vir die verdediging om sodoende *clientes* te wen. Aanklaers daarenteen, het gewoonlik net vyande gemaak. Die publisiteit verbonde aan hofsake het ook sy bekendheid aangehelp. ‘n Advokaat het nie betaling gekry nie, maar die kliënt het onder ‘n verpligting teenoor hom gestaan, iets wat hy kon uitbuit in ‘n verkiesing (Rawson 1975:30-31). Sy pogings word met sukses bekroon en hy word konsul in 63 v.C.

Cicero se jaar as konsul was veelbewoë. Dat hy die opstand van Catilina gefnuik het, was die hoogtepunt van sy konsulskap. Die doodstraf wat die rebelle opgelê is, was

[20] Dit was algemene praktyk vir ‘n ambisieuse Romein om op die ouderdom van 20 jaar te trou, aangesien ‘n vrou en kinders vir die aspirant gesagspersoon ‘n wetlike voorsprong op die leer van die *cursus honorum* verskaf het (Syme 1958:64).

egter kontroversieel en het later vir hom tot ‘n periode van ballingskap gelei. Hoewel hy in die jaar 51-50 v.C. teensinnig goewerneur van Silisië was, het sy politieke loopbaan daarna die kreeftegang gegaan ten spyte van die hoë aansien wat hy geniet het (Ferguson 1967:750-760). Soos Rawson sê: “In a strictly political sense the whole of Cicero’s life, hitherto so remarkable a success story, is from this point one of failure” (1975:89). As hartgrondige Republikein kon hy homself nie vereenselwig met die nuwe politieke strominge nie en kon hom ook nie daarby aanpas nie. Hy het wel as *novus homo* daarin geslaag om die konsulskap te bereik deur sy begaafheid as orator ten volle te benut, maar dit is nie as staatsman nie, maar as orator, en voortvloeiend daaruit, as denker en skrywer dat hy steeds as *vir bonus* geroem en geeër is en kan word (Rawson 1975:299-308).

1.3.6.3 Die Groot Skrywers van die Republiek[21]

Die eerste deel van die Goue Tydperk van die Latynse letterkunde (80 v.C.– 42 v.C.) word nie verniet die Ciceroniese periode genoem nie (Wilkinson 1967:781). Hierdie periode het in die Republikeinse tydvak geval en is deur Cicero oorheers, wat nie alleen sy hofbetoë geredigeer en gepubliseer het nie, maar ook oor baie ander onderwerpe geskryf het, soos retoriek, filosofie en etiek. Dit was hy wat die Latynse taal ontwikkel het om abstrakte en gekompliseerde gedagtes met helderheid uit te druk. Prosa wat daarop gevolg het, was óf ’n reaksie daarteen, óf ‘n terugkeer na sy styl. Ook Caesar se kommentare oor die Galliese Oorloë hoort tot hierdie era en is hoog aangeskrewe. Hulle is onopgesmuk, objektief, gestroop, tegelyk insiggewende militêre verslae en ‘n slim regverdiging van sy optredes. Hy laat die gebeure hulle eie storie in sy guns vertel, met hier en daar ‘n sprankie humor (Harvey 1969:85).

1.3.6.4 Skrywers van die Oorgangstydperk

Nadat Octavianus oor sy vyande geseëvier het, het hy stelselmatig en doelgerig te werk gegaan om geleidelik die al die mag in sy eie hande te vestig, maar so omsigtig te werk gegaan dat die hoë lui hulleself vir ‘n lang tyd kon bluf dat hulle nog soos

[21] Dit is miskien gepas om daarop te wys dat ‘n skrywer voor die ontstaan van die drukkuns in ‘n heel ander situasie as vandag was. Afgesien van verskillende skryf- en kopieerprosesse, is sy werk dikwels voorgelees aan ‘n aantal genooide gaste, of onder vriende versprei vir kommentaar. In sy artikel oor die jonger Plinius maak Sherwin-White melding hiervan: “He has left a detailed picture of the amateur literary world of his time, and of the salons in which it was the custom to recite one’s work and to seek critical revision from one’s friends” (1967:56).

gewoonlik ‘n beduidende rol in die staatsbestel kon speel. Aanvanklik was die begrip van ‘n *vir bonus* dus nog net so geldig soos in die Republikeinse tyd, maar het mettertyd vervaag, omdat dit nie haalbaar was te midde van die politieke realiteite van die Keiserryk nie. Hierdie proses van ontgogeling word nou in oënskou geneem.

Nóg Cicero, nóg Caesar deug as voorbeelde van Romeine wat dit hulle ten doel gestel het om as skrywers uit te blink. Daarvoor moet die net ‘n bietjie wyer gesprei word om ook ‘n periode in te sluit wat oorgegaan het in die Keisertyd. In hierdie Oorgangstydperk vind ons skrywers wat doelgerig hulle roem in skryfkuns gesoek het en ondersteun is deur liefhebbers van literatuur soos Maecenas, of finansieel onafhanklik was. Voorbeelde is Sallustius (86-35 v.C.), Catullus (84-54 v.C.), Vergilius (70–19 v.C.), Horatius (65 v.C.- 8 n.C), Livius (59 v.C.-17 n.C.) en Ovidius (43 v.C.-18 n.C.), wat elkeen op sy eie gebied naam gemaak het. Sallustius het eers begin geskiedenis skrywe toe hy finansieel onafhanklik geword het en kon sê wat hy wou. Horatius en Vergilius het subtiele druk ervaar (en meesal weerstaan) om Augustus in hulle werke op te hemel, maar die keiser het Ovidius verban om ‘n onbekende rede. Die tekens was reeds daar dat vryheid van spraak nie altyd ‘n gegewe sou wees nie. Tacitus (*Ann.*1,1) praat van daardie skrywers soos volg: *sed veteris populi Romani prospera vel adversa claris scriptoribus memorata sunt; temporibusque Augusti dicendis non defuere decora ingenia, donec gliscente adulatione deterrerentur* (maar die voorspoed en teenspoed van die ou Romeinse volk is opgeteken deur befaamde skrywers; groot geeste het nie die tye van Augustus laat links lê nie, totdat hulle afgeskrik is deur toenemende vleiery). Wanneer Tacitus self die skrywers van hierdie oorgangstydperk “groot geeste” noem, kan met vertroue aangeneem word dat hy elkeen van hulle as ‘n *vir bonus* sou geëer het.

1.3.7 Samevatting

In hierdie afdeling is die volledige ontplooiing van die konstitusie van die Romeinse Republiek uiteengesit: die mate van seggenskap wat die Romeinse burger in die politieke bedeling gehad het, die voorwaardes waaraan hy moes voldoen om ‘n beduidende rol op politieke en administratiewe gebied te speel, hoe en op watter terreine hy nie alleen ‘n beduidende bydrae kon lewer nie, maar bokant sy eweknieë kon uitstyg as ‘n *vir bonus*.

1.4 Die oorgang van Republiek na Ryk

Hoewel die Republiek eers met die bewindsoorname van Octavianus staatkundig in ‘n Ryk omskep is, kan ‘n oorgangsperiode geïdentifiseer word wat begin het toe Julius Caesar die Rubiconrivier oorgesteek het. ‘n Reeks burgeroorloë het gevolg, Caesar was die oorwinnaar en het so outokraties opgetree dat die Republikeinsgesindes, gegewe hulle weersin in alleenheerskappy, hom vermoor het. Octavianus het op sy beurt met mag en geweld beslag gelê op sy erfenis van Caesar. Toe hy egter finaal in die saal was met sy leërs in die agtergrond om sy outoriteit te bevestig, het hy baie omsigtig te werk gegaan om die hoë lui se guns te wen. Deur die skyn te bewaar dat hulle nog altyd hulle gebruiklike rolle kon speel, het hy geleidelik al die mag ingepalm. In sulke veranderlike en onbestendige omstandighede was dit vir ‘n goeie Romein moeilik om die tradisionele deugde te beoefen om ‘n *vir bonus* te wees. Daarom is dit nodig om hierdie oorgangperiode te bestudeer om die geleidelike aftakeling van die ideaal te verstaan.

1.4.1 Politieke ontwikkeling in die Oorgangstydperk

Die stabiliteit van die Republikeinse staat het berus op die balans tussen die regerende liggame en die harmonie tussen die klasse. Die regering was in die hande van die *nobiles* in die Senaat, ondersteun deur die *equites* en ‘n middelklas van plattelandse grondbesitters. Hierdie balans is versteur in die 2de eeu v.C.

As gevolg van vele militêre kampanjes was Rome reeds heer van feitlik die hele gebied rondom die Middellandse See. Die *equites* kon hulle ekonomiese aktiwiteite oor al hierdie gebiede uitbrei[22]. Hulle invloed het dienooreenkomstig toegeneem en hulle het dit misbruik om buitensporige wins te maak (Homo 1962:85-86). Daar het ‘n botsing van belange tussen hulle en die Senaat ontstaan en die wrywing wat hieruit voortgespruit het, het ‘n vertrouensbreuk tussen hulle veroorsaak (Homo 1962:87-89).

Die ineenstorting van die plattelandse middelklas was deels die gevolg van die langdurige oorloë waarvoor hulle die soldate moes verskaf, sodat hulle geledere nie alleen drasties uitgedun is nie, maar hulle plasies verwaarloos is weens hulle lang

[22] Die *lex Claudia* van 218 v.C. het senatore verbied om handel te dryf, maar hulle kon en het deur agente gewerk en so die wet omseil. Self was hulle veronderstel om hulle rykdom uit hulle landgoedere te put (Broughton 1967:664).

afwesigheid op militêre kampanjes. Andersins het die staat groot gronde deur verowerings bekom, wat aan ryk mense gepag en deur slawe bedryf is, die *latifundia*, waarmee die kleinboere nie kon kompeteer nie. Dit het goedkoper geword om koring in te voer, en vir wynbou en veeteelt, wat nog winsgewend bedryf kon word, was groot plase nodig. Die kleinboere het dus Rome toe getrek, waar hulle nie bevoeg was om ‘n bestaan te maak nie. Hulle het gevolglik daar gedemoraliseerd gelewe van gratis koringrantsoene, aalmoese en die verkoop van hulle stemme teen die hoogste bod (Homo 1962:93-98).

Groter outoriteit moes aan die patrisiër Senaat toegestaan word om militêre operasies oor so ‘n groot grondgebied te kon voer. ‘n Aantal middelklas generaals het boonop geblyk rampspoedige bevelvoerders te wees, wat die aansien van hulle klas ‘n knou gegee het, want die patrisiërs moes tot hulle redding kom. Die Senaat het uiteindelik feitlik volmag geniet en was nie geneë om daarvan afstand te doen aan die einde van die oorloë nie. Die laaste bastion van mag wat vir die middelstand oorgebly het, is weggeneem deur die *tribuni plebis* tot die rang van senatore te verhef en sodoende by die hoë klas in te lyf. Die Republiek was goed op pad na ‘n oligargie (Homo 1962:103).

Nog ‘n onbedoelde gevolg van die langdurige oorloë was die opkoms van die generaals. Die bekwaamste generaals moes vir lang tye aaneen bevel voer, teenstrydig met die Republikeinse konstitusie. ‘n Aantal krygshere het na vore getree wat met mekaar om mag gewedywer het. Die leërs het lojaliteit aan hulle generaals gesweer, nie aan die Senaat nie. ‘n Periode wat soms politieke skaakspel en soms burgeroorlog was, het gevolg. “The system of the ancient city…had been unable to reform itself….and made it absolutely necessary to adopt a new constitutional formula….This formula could now be supplied by personal rule alone” (Homo 1962:167-168). Daar was drie moontlike kandidate vir hierdie “personal rule”: Pompeius, Crassus, en Julius Caesar (Homo 1962:176). Crassus is egter uitgeskakel toe hy gesneuwel het in die oorlog teen die Parthiërs (Homo 1962:181). Pompeius het sy leërs ontbind en vergeefs gesoek na ‘n konstitusionele weg om as *princeps* in vennootskap met die Senaat te regeer (Homo 1962:175-183).

Julius Caesar het die gaping gevat en ná ‘n blitsopmars die regering in Rome oorgeneem, vanwaar Pompeius en die anti-Caesargesindes reeds gevlug het. Hy het

alle mag oorgeneem, maar moes nog ‘n hele paar kampanjes veg voordat hy dit stewig in sy hande gehad het. Soos Homo dit stel: “Caesar, with his clear, logical mind, now taught by the experience of the past, without hesitation and without vain illusions, marched straight for his goal, absolute, hereditary monarchy of the Hellenistic type…” (1962:190-191). Die tradisionele staatsorgane het in teorie nog bestaan, maar in die praktyk was die bestel ‘n leë dop. Wat meer is, “…he disdained them as the useless organs of a dead past and an ancient but obsolete constitution” (Homo 1962:195). Die tyd was egter nog nie ryp vir so’n absolute heerskappy nie en Caesar het vir sy stoomrollertaktiek met sy lewe geboet.

1.4.2 Die Prinsipaat van Augustus

By gebrek aan ‘n eie seun, het Julius Caesar sy suster Julia se kleinseun, Gaius Octavianus, van jongs af betrek, postuum in sy testament aangeneem en as erfgenaam benoem. Octavianus was maar 18 jaar oud, maar gedetermineerd om Caesar se skoene vol te staan. Hy het geleer uit Caesar se foute en met koele berekening ‘n haalbare strategie uitgewerk. Soos Homo sê: “Created by the army, forged on the battle-field, the Empire was a military monarchy, and so it would always be. But not all truths should be told, especially in the sphere of politics” (1962:204). Heel eerste moes hy egter ontslae raak van sy konkurrente, wat hy sistematies en meedoëloos gedoen het met behulp van Caesar se leërs, onder die vaandel van wraak op die moord van Caesar. Dit het egter nog baie jare van politieke en militêre maneuvrering gekos voordat hy ná die veldslag by Actium in 31 v.C. stewig in die saal gesit het (Homo 1962:208-210).

Octavianus het besef die benamings “koning” en “diktator” was vir die Romeine onaanvaarbaar en die tradisionele titel *princeps* ingevoer, waaraan hy ‘n heel ander inhoud gegee het. “Octavian…took up this notion of the Principate, bequeathed to him by the Republican past, but, while he played with the word like a political juggler, he changed the thing profoundly”(Homo 1962:205). In sy literêre testament, die *res gestae*, gaan Augustus uit sy pad uit om wettige gronde voor te hou vir die onreëlmatighede wat gepleeg is vandat Caesar dood is totdat hy alleenheerser geword het. Hy verklaar dat hy homself geen onkonstitusionele funksies toegeëien het nie en slegs streng konstitusionele magte aanvaar het. Hy verswyg egter gerieflikheidshalwe met hoeveel wedersydse skynheiligheid tussen hom en die Senaat dit bewerkstellig is.

Grimal stel dit só: "…he began by playing for time….Patiently, pretending to have no desire but to become a private citizen again as soon as order was re-established in the State, he gathered around him the remains of the senatorial party, and….he accepted only the title Augustus…an old ritual term….(which) signified only that the new master had the divine power to begin any enterprise under happy auspices" (Grimal 1963:80).

Augustus het die illusie geskep dat hy nie politieke maatreëls afdwing nie, maar dat die Senaat self besluite neem en dan aan hom die nodige outoriteit verleen om die besluite uit te voer. Hy het ook die kommunikasiekanale tussen hom en alle lae van die bevolking oopgehou. Dat hy nietemin volle seggenskap geniet het, het nie oral onopgemerk verbygegaan nie, maar almal was so sat vir oorlog dat hulle gewillig was om teen enige prys vrede te aanvaar[23].

In die praktyk het Augustus gesorg dat hy al die belangrikste sleutels tot mag in sy eie hande kry: die tribunêre mag, die prokonsulêre *imperium* en die amp van *pontifex maximus.* Die eerste twee is oorgeneem uit die Republikeinse konstitusie, maar is aangepas om nie meer tyds- of gebiedsgebonde te wees nie en het permanent in die persoon van die *princeps* gesetel. Hy het egter eers ná die dood van Lepidus, sy voorganger in die amp, *pontifex maximus* geword, maar daarna het dit saam met die ander magte elke volgende keiser outomaties toegeval (Homo 1962:221-228).

So is 'n nuwe bestel gevestig. Wettiglik het die organe van die Republiek nog bestaan, maar al die mag was in die hande van die *princeps*. Die Senaat was 'n adviesraad, die goewerneurs was verantwoordelik aan die *princeps,* die generaals was ook ondergeskik aan hom en hy alleen kon triomftogte voer en die gode raadpleeg om hulle seën te verkry. In die proses moes Augustus 'n nuwe professionele staatsdiens skep om die Ryk te administreer, wat aanvanklik parallel met die bestaande orde gefungeer het. Dit het wrywing tussen die ou en nuwe bestel veroorsaak totdat die oue uitgefaseer is (Homo 1962:300-302).

Die groot swakheid van hierdie sisteem was egter dat alles gedraai het om die persoonlikheid en bekwaamheid van die heerser. Augustus het dit besef en hard

[23] Augustus…, wat, omdat almal moeg was vir burgerlike onenigheid, hulle onder sy heerskappy betrek het in die naam van leier (*Augustum*…, *qui cuncta discordiis civilibus fessa nomine principis sub imperium accepit,* Tac.*Ann*.1.1).

probeer om ‘n geskikte opvolger in sy eie familie te vind, maar moes noodgedwonge uiteindelik vir Tiberius, sy vrou Livia se oudste seun uit ‘n vorige huwelik, aanneem. Hy kon hom wel nie wettiglik as opvolger aanwys nie, maar het voortydig die tribunêre mag en die prokonsulêre *imperium* met hom gedeel, sodat die Senaat ná sy dood geen keuse gehad het nie as om hom as opvolger te aanvaar en ook die priesteramp aan hom toe te ken (Homo 1962:229). Dit was Augustus wat op hierdie manier die Romeine gewoond gemaak het aan die idee van ‘n dinastie, sonder om ooit te erken dat hy ‘n koning was. Teen die tyd dat hy gesterf het, het hy nie alleen vir Tiberius as sy opvolger gevestig nie, maar ook sy nakomelinge se opvolging verseker (Griffin: 1996:19-20). So is die Republiek die finale nekslag toegedien

1.4.3 Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat die Oorgangstyd nie bevorderlik was vir die aanmoediging en uitoefening van die deugde van ‘n *vir bonus* nie. Daartydens was die broedertwiste waarin almal moes kant kies en deel neem, te teenstrydig. Die onbestendigheid van die tydperk het ook die bekwame verrigting van die tradionele burgerpligte ondermyn. Octavianus het wel vrede gebring, maar teen ‘n prys. Een van die items op die debietkant van die rekening was die verskraling van die moontlikheid om nog ‘n *vir bonus* te wees

1.5 Die ander Julio-Claudiese keisers

1.5.1 Tiberius

Daar is aanduidings dat Tacitus van plan was om ‘n boek net aan Augustus te wy. Miskien daarom begin hy sy *Annales* met die bewind van Tiberius. Hy verwys egter genoeg terug na Augustus se heerskappy om te verduidelik hoe dit gebeur het dat hy verplig was om Tiberius as sy opgevolger te aanvaar.

Op die oog af het Tiberius die regte eienskappe gehad om ‘n goeie keiser (en miskien selfs *vir bonus*?) te wees: bedrewe krygsheer, goeie orator, ervaring van administrasie dwarsoor die Ryk. Daar word trouens algemeen geoordeel dat hy tydens die eerste nege jaar van sy bewind goed regeer het (Scullard 1967:529). Grimal spekuleer dat hy in sy hart ‘n Republikein was (1963:82), maar Homo toon duidelik aan hoe hy die Senaat gemanipuleer het om die keiserskap aan hom oor te dra (1962:235-237).

Hy het egter nie dieselfde aangename persoonlikheid as Augustus gehad nie en sy vroeëre lotgevalle het hom rede gegee om geslote en verbitterd te wees. In die begin het hy probeer om die Senaat te betrek, maar die ruggraatlose liggaam later afgeskryf en heeltemaal outokraties opgetree. Hy het begin om sy enigste seun Drusus as sy opvolger op te lei deur sy magte met hom te deel (Griffin 1996:24).

Drusus se onverwagse dood kan volgens Griffin (1996:86) as 'n keerpunt in Tiberius se bewind gesien word. Hy het nou ál meer op Seianus, die hoof van die Keiserwag, gesteun en deur hom regeer, iets wat Drusus reeds gegrief het (Tac.*Ann*.4,7). Seianus het sy oog op die keiserskap gehad, sy legioene in kampe rondom Rome saamgetrek, sy bes gedoen om ook in die Senaat se goeie boekies te kom en sy mag gruwelik misbruik (Tac.*Ann*.4,2). Tacitus vertel hoe Seianus Drusus se vrou verlei het en hulle twee saamgesweer het om hom te vergiftig (*Ann*.4,2-3 en 8).

Hy het ook vir Tiberius aangemoedig om homself terug te trek, eers na Campania en toe na Capreae. Toe Tiberius nie Drusus se weduwee aan Seianus as vrou wou gee nie, het hy begin om al die gesinslede van die gestorwe Germanicus, broerskind van die keiser, en dus in lyn vir die keiserskap, uit die pad te probeer kry.'n Tydige waarskuwing aan Tiberius deur die jong Gaius se ouma Antonia het hóm egter gered. Tiberius het hom na Capreae ontbied en Seianus[24] tot 'n val gebring. Tipies van hom het hy in die geheim vir Naevius Sutorius Macro in die plek van Seianus as bevelvoerder van die Keiserwag aangestel en hom na Rome gestuur met 'n brief aan die Senaat waarin hy Seianus ten sterkste veroordeel. Seianus is heeltemaal onkant gevang en summier verdoem en tereggestel (Barrett 2000:27-28).

Dit is in Tiberius se bewind dat die misbruik van die *maiestas*-wet begin het. Hierdie wet van hoogverraad, wat uit die Republikeinse tyd dateer het, is reeds deur Augustus ook van toepassing gemaak op die persoon van die keiser, as beliggaming van die staat, maar hy het dit nie juis toegepas nie (Scullard 1967:529). Nou het beroepsverklikkers mense ten regte en ten onregte aangekla van *maiestas*, want by skuldigbevinding is die aangeklaagde se eiendom gekonfiskeer en het die *delator*

[24] Tiberius se vertroue in Seianus is oorspronklik ferm gevestig toe die grot waarin die geselskap besig was om te eet, op hulle ingetuimel het. Seianus het hom gered het deur hande-viervoet bo-oor hom te gaan staan om hom teen die vallende rotse te beskerm (Tac.*Ann*.4,59).

(beroepsverklikker) sy deel daarvan gekry. Misbruik van die wet het tot ‘n skrikbewind gelei, wat Tiberius se bewind ontsier het (Scullard 1967:529).

Gedurende die bewind van Tiberius het die invloed en mag van die Keiserwag in vergelyking met die leërs in die provinsies, die militêre toneel begin oorheers as gevolg van die mag wat hulle bevelvoerder Seianus uitgeoefen het. Van toe af het die Keiserwag vir ‘n geruime tyd vir alle praktiese doeleindes die keisers gemaak en/of gebreek, maar altyd die nuwe keiser uit die dinastie gekies. Caligula het die steun van die bevelvoerder Macro geniet (Suetonius *Caligula* 1,12) en is deur lede van die Keiserwag vermoor; Claudius is deur hulle gevind waar hy in die paleis wegkruip en tot keiser verhef (Suetonius *Divus Claudius*, 5-10); ook Nero is deur Burrus en die Keiserwag as keiser uitgeroep en uiteindelik tot selfmoord gedwing (Griffin 1996:182).

1.5.2 Gaius Caesar, bekend as Caligula

Toe Tiberius vir Seianus tot ‘n val gebring het, het hy vir Caligula[25], wat toe negentien jaar oud was, na Capreae ontbied en by hom laat woon. Macro, wat vir Seianus verplaas het as bevelvoerder van die Keiserwag, het besef dat Caligula waarskynlik die volgende keiser sou wees en uit sy pad gegaan om die jong man te bevriend en ter wille te wees (Barrett 200:27-29). Die enigste ander moontlike opvolger was Tiberius Gemellus, die seun van Tiberius se broer Drusus, maar hy was nog te jonk.

Tiberius het in sy testament vir Caligula en Tiberius Gemellus gesamentlik as erfgename benoem. Dieselfde tyd as wat die berig van Tiberius se dood na Rome gestuur is, het Macro die bevelvoerders van die leërs ingelig, en beveel om die eed van getroudheid teenoor Caligula af te lê. Toe Macro, gestuur met ‘n brief van Caligula, dus later by die Senaat aankom, het die gesamentlike weermag hom reeds tot *imperator* uitgeroep. In die lig hiervan het die Senaat geen keuse gehad as om hulle voorbeeld te volg nie. Macro het boonop vooraf met senatore en juriste

[25] Caligula, of Gaius Caesar, was die seun van Germanicus, wat op sy beurt die seun was van Nero Claudius Drusus, jongste seun van Livia uit haar eerste huwelik en Tiberius se broer. Caligula was dus die kleinseun van Livia en Tiberius was sy grootoom. As keiser het hy homself Gaius Caesar Germanicus genoem, ter ere van sy beroemde pa.

onderhandel en die testament is terstond nietig verklaar, die eerste stap na Caligula se bewindsaanvaarding (Barrett 2000:50-52).

Caligula het omtrent tien dae later ná ‘n triomfantelike optog vanaf Misenum in Rome aangekom en is as seun van die gewilde Germanicus oral langs die pad met vreugde as die nuwe keiser toegejuig. Hy het byna dadelik ‘n sitting van die Senaat bygewoon en al die titels en meegaande magte is aan hom oorgedra “...with the *consensus* of all three orders, in the tradition laid down by Augustus in the *Res Gestae*” (Barrett 2000:56). Hy het die Senaat aanvanklik met die grootste respek behandel en gunstig beïndruk, onder andere deur vir Tiberius Gemellus aan te neem en al Tiberius se erflatings uit te betaal, alhoewel die testament ongeldig verklaar was. Hy het ook *pietas* gedemonstreer met baie eerbewyse aan sy gestorwe verwante. Sy opskorting van die *maiestas*-aanklag was veral gewild (Barrett 2000:64-65).

Dit het egter nie lank goed gegaan nie. ‘n Geheimsinnige siekte het hom aangetas en die dood van sy geliefde suster Drusilla het hom blykbaar heeltemaal laat ontaard in ‘n wrede megalomaan. Tiberius Gemellus, sy skoonvader M. Junius Silanus en Macro is gedwing om selfmoord te pleeg, die *maiestas*-wet is teruggebring en sy suster Agrippina is onder andere verban (Griffen 1996:26-27). Suetonius (*Gaius Caligula*, 22) sê in sy biografie: “So much for Caligula the emperor; we must now tell of his career as a monster.”[26] In die byna vier jaar van sy bewind het hy alle perke van wreedheid, immoraliteit, uitspattigheid en spandabelrigheid oorskry. Geen wonder dat ‘n komplot teen hom gesmee is nie en hy na net vier jaar aan bewind deur Cassius Chaerea, ‘n *tribunus* van die Keiserwag, om die lewe gebring is (Balsdon 1967:643).

1.5.3 Claudius

Toe Caligula keiser geword het, het hy van al sy familielede wat vir hom ‘n bedreiging kon inhou, ontslae geraak, behalwe sy oom Claudius, wat hy beskou het skadeloos en as ‘n soort hofnar in die paleis aangehou het (Suetonius *Divus Claudius* 5,7-8). Die moordenaars van Caligula het egter nie vooraf besin oor wie om in sy plek te stel nie. Toe hulle ná die keiser se moord die paleis deursoek, kom hulle op Claudius in sy skuilplek af en roep hom terstond tot keiser uit. Hy het as’t ware by

[26] *Hactenus quasi de principe, reliqua ut de monstro narranda sunt* (Suetonius, *Gaius Caligula*, 22).

verstek keiser geword (Suetonius *Claudius* 5,10), vanselfsprekend heeltemaal onvoorbereid vir die rol wat op vyftigjarige ouderdom aan hom opgedwing was.

Claudius was naamlik die seun van Tiberius se broer Drusus, maar sy slegte gesondheid, onaantreklike voorkoms, lompheid en selfs ‘n spraakgebrek het veroorsaak dat hy deur die keiserlike familie as ongeskik beskou is om vir die publieke lewe opgelei te word. Hulle het hom sover as moontlik uit die oog gehou, maar nie sy opvoeding verwaarloos nie. Dit het egter meegebring dat hy grootliks aan sy eie lot oorgelaat is en geselskap gesoek het by mense buite die gevestigde orde (Levick 2001:17).

Hy was wanaangepas, onvoorspelbaar, by tye genadeloos, maar nie so wreed soos sy twee voorgangers nie. Tog was hy nie so onnosel en sonder insig as wat hy soms voorgestel is nie. Dis eerder dat hy inkonsekwent was in sy optrede, sy voorkoms en gedrag hom bespotlik gemaak het en hy homself deur sy vroue en vrymanne laat manipuleer het. Nietemin wys Momigliano (1967:886-887) daarop dat die negatiewe oordeel wat klassieke geskiedskrywers oor Claudius se bewind uitgespreek het, eensydig was en dat hy die adminstrasie van die regering energiek hanteer het. Hy het veral stukrag verleen aan die uitbreiding en opknapping van die staatsadministrasie wat deur Augustus geïnisieer is.

1.5.4 Nero

Nero is deur Claudius aangeneem op aandrang van sy ma Agrippina, Claudius se derde vrou. Deur die gekonkel van Agrippina en Afranius Burrus, die bevelvoerder van die Keiserwag, het Nero vir Claudius opgevolg, in plaas van sy eie seun Britannicus (Tac.*Ann*.12,25 en 68-69). Aanvanklik het Nero goed regeer onder sy moeder se oog en die invloed van sy tutor Annaeus Seneca en Burrus, maar die tuig het mettertyd begin skawe (Tac.*Ann*.13,2-11). Britannicus is reeds as ‘n moontlike bedreiging uitgeskakel nog voor Nero aan die bewind gekom het, maar vir Agrippina het hy laat vermoor toe hy reeds keiser was, omdat sy teveel in sy sake ingemeng het (Tac.*Ann*.13,16 en 14,4-8). Dit is onseker of Burrus aan natuurlike oorsake dood is of nie, maar Seneca is later gedwing om selfmoord te pleeg (Tac.*Ann*.14,51 en 15,60-65).

Nero se vrou Poppaea en Burrus se opvolger as bevelvoerder van die Keiserwag, Tigellinus, het nou die meeste invloed oor hom uitgeoefen en hom aangemoedig om homself uit te leef. Hy het dus gedoen net wat hy wou (Griffin 1996:103-104). Hy het homself gesien as ‘n talentvolle sanger, lierspeler, akteur, digter en selfs *auriga*[27], het in die publiek opgetree en aan kompetisies deelgeneem, waar hy altyd toegelaat moes word om te wen. Mense is verplig om na hom te kom luister en moes natuurlik sy “talent” ten hemele prys (Tac.*Ann*.14,14 en Griffin 1996:41-43).

Boonop het hy die gewoonte gehad om saans die strate in te vaar en elke denkbare brutaliteit te begaan. Vermom as ‘n slaaf en vergesel van ‘n groep vriende, het Nero snags bordele en drinkplekke besoek, stalletjies beroof, mans aangerand en vroue beledig. Toe hy straffeloos daarmee wegkom, het ander bendes sy voorbeeld gevolg, sodat Rome snags soos ‘n verowerde stad uitgesien het, volgens Tacitus. Nero is selfs later tydens sy misdrywe deur ‘n gewapende lyfwag beskerm (Tac.*Ann*.13,25). Hierdie gedrag word juis NIE van ‘n *vir bonus* verwag word nie, hoeveel te meer laakbaar van ‘n keiser wat die rolmodel moes wees! Dit was vir Tacitus en die stoere Romeine onaanvaarbaar.

Uit agterdog het hy begin om mense uit die weg te ruim wat vir hom ‘n bedreiging kon wees, hoe ongegrond sy agterdog ookal was (Griffin 1996:116-117 en 164-165). Sy uitspattighede het die staatskas uitgeput en hy het die *maiestas*-wet gebruik om geld in die hande te kry. Die provinsies is op groot skaal uitgebuit met dieselfde doel. Die soldate se soldy is nie betaal nie en hulle het begin rebelleer in die provinsies, so ook selfs die Keiserwag in Rome. Nero was so gehaat deur die hoë lui dat die Senaat hom voëlvry verklaar het en hy moes selfmoord pleeg (Griffin 1996:182).

1.5.5 Gevolgtrekking

Hoewel gesê sou kon word dat Julius Caesar die grondlegger was van die Julio-Claudiese dinsatie wat met die dood van Nero tot ‘n einde gekom het, kom die eer eintlik Augustus toe. Elkeen van hierdie alleernheersers het met die ondersteuning van hulle leërs aan die bewind gekom, maar dit was hy wat die Romeine gewoond gemaak het aan die idee van ‘n dinastie, sonder om ooit te erken dat hy ‘n koning was. Teen

[27] ‘n *Auriga* was die drywer van ‘n strydwa waarmee in die Circus Maximus resies gejaag is. Die strydwa, gewoonlik ‘n *quadrigae* (deur vier perde getrek), was van ligte konstruksie. Dit was ‘n gevaarlike sport en die drywer moes oor baie bedrewenheid beskik (Rose 1967:1121).

die tyd dat hy gesterf het, het hy nie alleen vir Tiberius as sy opvolger gevestig nie, maar ook sy nakomelinge se opvolging verseker (Griffin 1996:19–20).

Gedurende die bewind van Tiberius het die invloed en mag van die Keiserwag in vergelying met die leërs in die provinsies die militêre toneel begin oorheers as gevolg van die mag wat hulle bevelvoerder Seianus uitgeoefen het. Van toe af het die Keiserwag oor ‘n geruime tyd vir alle praktiese doeleindes die keiser gemaak en/of gebreek, maar altyd die nuwe keiser uit die dinastie gekies. Caligula het die steun van die bevelvoerder, Macro, geniet (Suetonius: *Caligula* 1, 12) en is deur die lede van die Keiserwag vermoor; Claudius is deur hulle gevind waar hy in die paleis wegkruip en tot keiser verhef (Suetonius: *Divus Claudius* 5–10); ook Nero is deur Burrus en die Keiserwag as keiser uitgeroep en uiteindelik tot selfmoord gedwing (Griffin 1996:182).

In hierdie afdeling is die geskiedkundige agtergrond waarteen Tacitus se *Annales* gelees moet word, kortliks geskets met die fokus op die optrede van elke keiser individueel. Op hierdie stadium kan reeds gesê word dat nie een van hulle vanaf Tiberius tot by Nero as *vir bonus* kwalifiseer nie. Al het Tiberius aanvanklik baie van die nodige eienskappe besit, het sy latere agterdog, wreedheid en perversiteit hom gediskwalifiseer. Tacitus hamer ook dikwels op sy geveinsdheid. Selfs Augustus skiet tekort, want Tacitus sien duidelik raak hoedat hy die Senaat op ‘n onderduimse manier gemanipuleer het om al die mag in die hande.

1.6 Die tydperk gedek deur die *Historiae* van Tacitus

1.6.1 Die Jaar van die vier keisers (68-69 n.C.)

Na Nero se dood kon die dinastie wat Augustus tot stand gebring het, nie meer ‘n aangewese op volger oplewer nie. Die leërs wat onder Tiberius se bewind so in mag en seggenskap gedy het, het toe die hef in hande geneem. Soos Tacitus in *Historiae* 1,4 opmerk, die geheim van oppermag is openbaar, naamlik dat ‘n keiser elders as in Rome gemaak kan word (*evulgato imperii arcano, posse principem alibi quam Romae fieri*). Nou was dit nie die Keiserwag nie, maar die leërs in die provinsies wat die inisiatief geneem het. Te midde van ‘n bloedige burgeroorlog het Galba, Otho en Vitellius elkeen vir ‘n paar maande regeer, totdat Vespasianus as algehele oorwinnaar

uit die stryd getree het. Weereens is die omstandighede nie gunstig vir die eienskappe van ‘n *vir bonus* om te voorskyn te kom nie. Tacitus maak dan ook geen melding van iemand wat in hierdie tydperk naastenby kwalifiseer nie.Vespasinus skep weer orde en vestig ‘n kortstandige dinastie, met sy seuns Titus en Domitianus wat hom opvolg. Oor hulle sal later meer gesê word

Dit is hierdie gebeure wat Tacitus in sy *Historiae* beskrywe. Hoewel dit eerste geskryf is, handel dit oor later gebeure as die *Annales,* oor ‘n tydperk wat hy persoonlik beleef het. Dit is asof hy met die skryf daarvan uiting gee aan ‘n gewaarwording van morele verval in die staat, en die gebrek aan integriteit by die individuele Romein; asof hy onwillekeurig vergelykings tref tussen wat hy beleef het en die ideaal van die *vir bonus* wat nog in sy agterkop bestaan. Daarom is dit tog belangrik om ‘n bietjie stil te staan by sommige van die karakters wat op die toneel verskyn het, al was dit hoe kortstondig.

1.6.1.1 Galba

Galba was op die oog af goeie keiserlike materiaal: van goeie afkoms, konserwatief, goed onderleg in die regte, ‘n streng maar bekwame generaal, het tot die konsulskap en selfs ‘n goewerneurskap gevorder: amper *vir bonus*-materiaal, maar tog nie. Hy kon as keiser nie die mas opkom nie. Hy het Romeine van alle klasse die harnas ingejaag en die dodelike fout gemaak om die leërs van hom te vervreem deur sy arrogansie en suinigheid. Tacitus (*Hist*.1,49) se verdoemende uitspraak oor hom is *omnium consensu capax imperii nisi imperasset* (volgens die oordeel van almal geskik vir heerskappy as hy nie sou regeer het nie). Galba is in die forum vermoor op aanstigting van Otho nadat hy net sewe maande lank aan bewind was (Tac.*Hist*.1,40-41).

1.6.1.2 Otho

Otho het volgens Suetonius uit ‘n goeie Etruskiese familie gestam. Hy het Nero se guns gewen en sy vertroueling geword. Hulle het egter vasgesit oor sy vrou Poppaea en Nero het hom as goewerneur na Lusitania gestuur om hom uit die pad te kry. Sy vorige reputasie ten spyt, het Otho homself daar met integriteit van sy taak gekwyt (Suetonius *Otho* 2-4).

Hy het aanvanklik sy steun aan Galba, goewerneur van die buurprovinsie Hispania, toegesê in die hoop om as sy opvolger aangewys te word, aangesien Galba reeds in sy sewentiger jare was. Toe Galba egter vir Licinianus Piso kies om hom op te volg, het Otho in opstand gekom. Met die ondersteuning van die Keiserwag en Galba se vervreemde troepe, is Otho tot keiser uitgeroep, en Galba en sy aangewese opvolger is vermoor (Tac.*Hist*.1,14 en 21-41).

Intussen het die leërs in Germania ook gemuit, hulle eie generaal Vitellius tot keiser uitgeroep en was reeds in opmars na Rome (Tac.*Hist*.1,57-62). Otho het probeer om genoeg troepe bymekaar te maak, maar die oorwig was teen hom. Hy het die slag van Bedriacum verloor en besluit om selfmoord te pleeg. Dit kan hom ten goede gereken word dat hy liewer sy eie lewe geneem het as om die burgeroorlog te verleng, al was die stryd nog nie heeltemaal verlore nie (Tac.*Hist*.1,90 en 2,39-49). Dit en sy goeie bestuur van die provinsie Lusitania is al wat Tacitus te gunste van hom te sê het.

1.6.1.3 Vitellius

Vitellius het aan die hof op Capreae groot geword, was later ‘n ingesetene by die keiserlike hof in Rome, berug vir elke soort vergryp. Caligula het sy vaardigheid as *auriga* bewonder en Claudius sy vernuf met dobbel, vir Nero het hy ondersteun in sy loopbaan as kunstenaar. Hierdie keisers het natuurlik sy loopbaan bevorder en hy was selfs goewerneur van die provinsie Asië, waar sy optrede wisselvallig was (Suetonius *Vitellius*, 4-5*)*. Dit was vir hom ‘n ware uitkoms toe Galba hom as goewerneur na *Germania Inferior* toe stuur, want hy was diep in die skuld (Tac.*Hist.*1,9 en Suetonius *Vitellius* 7). Die troepe, reeds op die punt om teen Galba te muit, het hom met ope arms ontvang. Hy het hulle met soveel toegeeflikheid behandel dat hy binne ‘n maand tot keiser uitgeroep is en die leërs van *Germania Superior* ook by hom aangesluit het (Tac.*Hist*.1,57-62).

Vitellius het sy leërs onder die generaals Caecina en Valens verdeel en hulle met verskillende roetes na Italië gestuur. Caecina het eerste aangekom en die slag teen Otho by Bedriacum beklink. Vitellius het die nuus gekry toe hy nog in Gallië was en stadig na Rome aanbeweeg. Volgens Suetonius het hy en sy soldate hulle skandelik langs die pad gedra. In Rome het dit gou geblyk dat hy ‘n tweede Nero sou wees,

vraatsugtig en sadisties wreed (Suetonius *Vitellius* 9-11), dus beslis geen *vir bonus* nie.

Intussen het die legioene in die Ooste, gevolg deur dié van Danuvius, wat vroeër vir Otho ondersteun het, vir Vespasianus as keiser uitgeroep (Tac.*Hist*.2,79-80). Die generaal Antonius Primus het met sy leërs van Pannonia afgeswiep en die magte van Vitellius by Cremona verslaan (Tac.*Hist*.3,26-33). Daarna het hulle na Rome opgeruk en Vitellius is omgebring. Die Senaat het dadelik alle keiserlike magte aan Vespasianus oorgedra (Tac.*Hist*.3,85 en 4,3). Dit was in Desember 69 n.C., maar die nuwe keiser het eers teen Oktober van die volgende jaar persoonlik in Rome aangekom (Chilver 1967:1010).

In hierdie onbestendige jaar het nie een van die drie keisers Galba, Otho en Vitellius lank genoeg regeer om hulle stempel op die regering af te druk nie. Dit het egter duidelik geblyk watter groot die rol die legioene in die gebeure gespeel het en hoeveel dit van die persoonlikheid van die keiser afgehang het of stabiliteit bewerkstellig is of nie. Dit was eers Vespasianus wat weer orde kon skep.

1.7 Die Flaviese dinastie en Nerva

Hoewel die *Historiae* die tydperk tot en met die dood van Domitianus gedek het, het nie al die boeke behoue gebly nie en eindig die Flaviese periode by die beleg van Jerusalem deur Titus. Nietemin maak Tacitus melding van die drie Flaviese keisers wanneer hy sê: "Ek sal nie ontken nie dat my vooruitgang begin is deur Vespasianus, bevorder is deur Titus en verder gevoer is deur Domitianus"[28] (*Hist.* 1,1). Ook laat Tacitus in die *Agricola* blyk hoe sleg sy skoonvader deur Domitianus behandel is. Sy ander voorneme om op sy oudag te skrywe oor die keiserskappe van Nerva en Traianus het hy ongelukkig nooit uitgevoer nie[29]. Hierdie leemtes is dus uit ander bronne aangevul.

---

[28] *dignitatem nostram a Vespasiano inchoatam, a Tito auctam, a Domitiano longius provectam non abnuerim, Hist. 1.1.*

[29] *quod si vita suppeditet, principatem divi Nervae et imperium Traiani…materiam senectuti seposui*…(As my lewe lank genoeg blyk te wees, het ek vir my oudag opsygesit (om te skryf oor) die bewind van die vergoddelikte Nerva en die heerskappy van Traianus…(*Hist*.1,1).

1.7.1 Vespasianus

Vespasianus was nie ‘n patrisiër nie, maar ‘n *eques*, wat die *cursus honorum* deurloop en ‘n militêre loopbaan gekies het. Sy vormingsjare was tydens die bewind van Tiberius en dit wil voorkom asof hy hom toegewy het aan sy gekose beroep en hom nie met politiek bemoei het nie. Onder Claudius lewer hy voortreflike diens in Brittanje en onder Nero word hy as goewerneur na Afrika gestuur. Hy vergesel ook die keiser na Griekeland waar hy in onguns raak omdat hy tydens die keiser se konsert aan die slaap geraak (of alternatiewelik daartydens uitgeloop) het. Hy word verban uit die hof en vrees selfs vir sy lewe, maar ‘n opstand in die Ooste kom tot sy redding. Nero het sy enigste deurwinterde generaal nou dringend nodig en stuur Vespasianus na Asië om die orde te herstel. Hy neem sy oudste seun Titus saam (Suetonius *Vespasianus* 2-4).

Vespasianus is op die punt om Jerusalem te beleër toe hy van Nero se dood hoor. Hy sweer aanvanklik trou aan Galba, maar ná Otho se dood begin hy steun vir homself werf. Een na die ander het die legioene van Egipte, Judaea, Sirië en Moesia hulle steun aan hom toegesê. Toe Antonius Primus ná die slag van Cremona met sy leërs in Rome opdaag as Vespasianus se afgevaardigde, was die stryd gewonne (Levick 1999:50-51).

Vespasianus was ‘n heeltemaal ander tipe mens as sy voorgangers. Sy regeringstyl was gevolglik ook baie anders. Hy het klaarblyklik sy keiserskap beskou as ‘n taak wat aan hom opgedra is en wat hy vasbeslote was om tot die beste van sy vermoë te verrig. Sy optrede was nugter en prakties en sonder uiterlike vertoon. Hy het blykbaar selfs ‘n aardse sin vir humor gehad.

Sy eerste prioriteit was om orde te herstel. Hy het met groot sukses die leërs wat aan weerskante geveg het, geïntegreer en tot dissipline teruggevoer. Hy het die Keiserwag afgeskaal na hulle normale komplement en Vitellius se troepe herontplooi na basisse waar hulle die minste kwaad kon doen (Chilver 1967:1010).

Daarna moes hy die staatskas vul, wat deur Nero feitlik leeggeplunder is. Hy moes belastings verhoog, het finansiële hervormings ingevoer waardeur voor- en alleenregte van senatore weggeneem is, sekere toegewings aan die provinsies teruggetrek en staatseiendom in Egipte verkoop. Hy is beskuldig van hebsug, maar

wou nie homself verryk nie, net doeltreffende regering teweegbring en die Ryk opbou. Hy het ook Romeinse burgers van die provinsies bevoordeel by staatsaanstellings om nuwe bloed in die Senaat in te voer. Hierdie maatreëls het hom nie populêr gemaak nie, maar hy het hom nie daardeur van stryk laat bring nie (Chilver 1967:1010 en Grimal 1963:511).

Hy het die belangrikheid van ‘n aangewese opvolger vir die stabiliteit van die staat besef en sy seuns Titus en Domitianus van die begin af by sy bewind betrek. Vespasianus was die eerste keiser sedert Augustus wat aan natuurlike oorsake oorlede is en hy is gladweg opgevolg deur sy oudste seun Titus (Levick 1999:197). Vespasianus was eintlik ‘n goeie Keiser, maar die skrywer vermoed dat Tacitus ‘n bietjie teveel van ‘n snob was om die boerse Vespasianus as’n *vir bonus* te erken!

1.7.2 Titus

Aan die ander kant kon Titus dalk wel gekwalifiseer het as *vir bonus*. Volgens Suetonius het Titus tydens die bewind van Claudius saam met dié se seun Britannicus in die paleis grootgeword. Hy het gevolglik aan ‘n heel ander lewenstyl gewoond geraak en daarom ook heel anders opgetree as sy pa. Boonop was hy aantreklik, gemoedelik en begaafd. Hy het die opvoeding van ‘n adellike Romein ondergaan en met onderskeiding in die leërs van Britannia en Germania gedien. Hy het as advokaat in Rome opgetree om ondervinding op te doen en aan die einde van sy *quaestor*skap by Vespasianus in die Ooste aangesluit as generaal van ‘n legioen (Suetonius *Titus* 2-4).

Titus se aangename persoonlikheid het van hom ‘n goeie diplomaat gemaak. Hy het die goewerneur van Sirië, Licinius Mucianus, met sy vader versoen en hulle twee se samewerking het ‘n beduidende rol gespeel in Vespasianus se suksesvolle poging om die keiserskap te bekom (Tac.*Hist.*2,5; 2,74 en 2,76-84).

Ná Vespasianus se bewindsaanvaarding het Titus Jerusalem verower en toe na Rome teruggekeer om die keiser by te staan. Hy is aangestel as bevelvoerder van die Keiserwag en opperbevelhebber van al die leërs (Suetonius *Titus* 6). As sodanig was hy onpopulêr as gevolg van die streng maatreëls wat hy getref het om enige bedreiging vir die Vespasiaanse bewind te fnuik. Hierdie afkeer is vererger deur sy verhouding met die Joodse koningin Berenice, wat as sy vrou saam met hom in die

paleis gelewe het. Met Cleopatra in die agterkop, was die Romeine heftig teen hierdie verhouding gekant. Hy kon dit egter eers oor sy hart kry om haar finaal weg te stuur toe hy sy vader as keiser opgevolg het (Suetonius *Titus* 7,1-2).

Sy bewind van net oor die twee jaar was tog onverwags gewild, waarskynlik omdat hy met ‘n oop hand vermaak aan die gepeupel verskaf het. Hy het sy bes gedoen om hulp te verleen tydens die groot rampe wat in hierdie tyd plaasgevind het: die uitbarsting van Vesuvius, ‘n groot brand in Rome en ‘n ernstige uitbreking van pes. Hy het verklikkers gehaat en streng teen hulle opgetree (Suetonius *Titus* 8). Met sy dood is die hele Rome in rou gedompel.

1.7.3 Domitianus

Suetonius vertel dat Domitianus armoedig groot geword het, maar grotendeels veilig in Rome gewoon het terwyl die stryd tussen Vitellius en Vespasianus aan die gang was. Oplaas moes hy en sy oom Sabinus met ‘n paar howelinge egter asiel in die Kapitool soek, wat ondersteuners van Vitellius terstond aan die brand gesteek het. Hy en ‘n vriend het ontvlug en in dié se huis weggekruip totdat dit veilig was. In die periode totdat Vespasianus in Rome aangekom het, het hy skaamteloos misbruik gemaak van sy posisie as die nuwe jong prins (Suetonius *Domitianus* 1-2).

Omdat hy elf jaar jonger as sy broer was, het hy ‘n mindere rol in sy vader se bewind gespeel, wat hom nie aangestaan het nie. Hy kon in ieder geval nie vir sy broer kers vashou nie en was dus naywerig op hom. Na Vespasianus se dood het hy verwag om saam met Titus te regeer soos dié saam met sy vader regeer het. Toe dit nie gebeur nie, het hy komplotte teen hom probeer smee (Suetonius *Domitianus* 2).

Die hoë lui het hom as keiser gehaat, meer weens sy wreedheid en vertoonsug as oor sy militêre onbevoegdheid of administratiewe onbeholpenheid. Sy grootheidswaan het ook gepla. Hy wou in sy leeftyd as *dominus et deus* aangespreek word. Ten goede kan weer genoem word dat hy streng beheer oor die administrasie van die staat uitgeoefen het en baie gewild onder sy soldate was omdat hy hulle soldy verhoog het (Chilver 1967:576-577).

Sy wreedheid het egter gou handuit geruk. Die wet van *maiestas* is weer aktief toegepas, in ‘n mate omdat hy geld nodig gehad het om sy bouprogram te finansier en

sy soldate te betaal. Tussen 93 en 96 n.C. toe hy dood is, het hy ‘n skrikbewind gevoer. Die komplot om hom dood te maak, is gesmee deur die bevelvoerders van die Keiserwag, ‘n aantal howelinge en sy eie vrou Domitia Longina (Chilver 1967:577).

1.7.4 Nerva

Die samesweerders het egter gesorg dat ‘n opvolger vir Domitianus agter die coulisse wag, die gerespekteerde senator Cocceius Nerva, wat as bevryder na vore gebring is. Die hoop het opgevlam dat die goue eeu van Augustus sou herleef en die outoriteit van die Senaat herstel word. Nerva was al oud en het besef dat hy so gou moontlik ‘n opvolger moes aanwys. Hy het wyslik nie uit sy eie familie gekies nie, maar die mees geskikte kandidaat gesoek, “a man capable of holding the Empire together after his death, an Emperor who, by virtue of his origin and past career, could be expected to bring into being the unity of feeling and harmony between Rome and the provinces without which there could only be anarchy” (Grimal 1963:85). Sy keuse het geval op Traianus, ‘n Hispaniër van geboorte en ‘n goeie generaal. Nerva is kort daarna dood en ‘n nuwe dinastie het begin, wat inderdaad ‘n tweede goue era (96-192 n.C.) vir die Romeinse Ryk ingelei het.

Deel 2: Tacitus se benadering tot die tydperk waaroor sy werke handel

Hoofstuk 2: *vir bonus* volgens Tacitus

2.1 Inleiding

Wanneer werke van klassieke Romeinse geskiedskrywers soos Tacitus oor die Keisertydperk bestudeer word, is dit opmerklik in hoe 'n groot mate hulle konsentreer op die doen en late van 'n beperkte laag van die samelewing: die keiser, sy *amici* en die intriges van die keiserlike hofhouding; die senatore en hulle onderhandelings in die Senaat; die generaals en hulle militêre kampanjes. Die interaksie van groepslede onderling en die groepe met mekaar word onder die vergrootglas bekyk en beoordeel, maar die reperkussies daarvan op die res van die samelewing word grootliks buite rekening gelaat. Soos Levick dit stel in haar biografie van Vespasianus (1999:207): "As civil war raged, ordinary inhabitants of the Empire were going about their business, farming, travelling to trade fairs to sell their wares as they always did." Dat daar volgens Tacitus (*Hist*.3,32) 'n kermis in Cremona aan die gang was toe die stad voor Antonius Primus geval het, staaf hierdie stelling.

Daar moet verder in gedagte gehou word dat klassieke geskiedskrywing 'n sterk morele inslag gehad het. Die werklike toedrag van sake was nie altyd bekombaar en/of kontroleerbaar nie, maar dit was belangrik dat die morele lesse daarvan uitgelig word tot stigting van die nageslag. 'n Romeinse geskiedkrywer soos Livius begin sy *Ab urbe condita* met 'n verklaring van voorneme waarin hy onder andere sê dat hy die manne en die lewensinstelling wat Rome tot sulke groot hoogtes verhef het, sal beskryf, asook die morele agteruitgang wat die omwentelings van die eerste eeu v.C. teweeggebring het, sodat sy lesers die toepaslike lesse daaruit kan leer (Harvey 1969:243-244)[30].

McDonald (1967:158) noem in 'n artikel oor Livius dat hy Cicero as mentor gebruik het in die teorie en praktyk van geskiedskrywing, en vermeld verder: "Both men believed that history as *magistra vitae* ("guide to life") had a moral purpose…" 'n

[30] Ook Kraus (2006: 525) sê: "Yet Livy is less interested in 'how it really was' than in how we read the past and what guidance it provides for contemporary MORAL and ETHICAL dilemmas…."

Mens sou die hele *Agricola* van Tacitus kon beskou as ‘n beliggaming van hierdie beginsel dat geskiedskrywers vir hulle lesers goeie voorbeelde moet voorhou ter navolging, en omgekeerd. Tacitus skryf self in *Annales* 3,65: *quod praecipuum munus annalium reor ne virtutes sileantur utque pravis dictis factisque ex posteritate et infamia metus sit* (Ek beskou dit as die hoogste verpligting van die geskiedenis dat voortreflikhede nie onaangeteken moet wees nie en dat die veroordeling van oneerbare woorde en dade deur die nageslag gevrees moet word).

2.1.1 Die eienskappe van die geïdealiseerde *vir bonus*

Watter voortreflikhede word dan toegeskryf aan die *vir bonus par excellence*? (Grimal 1963:99-100) verwys na Polybius wat die ontstaan en uitbreiding van Rome tot ‘n Ryk onder andere toegeskryf het aan die Romeine se toewyding aan hulle tradisies en hoë etiese standaarde. Hoewel hierdie oordeel ‘n bietjie onrealisties skyn te wees, het die Romeine tog ‘n ideaal van deug gehad wat hulle in die verlede teruggeprojekteer het en waaraan hulle waardig probeer wees het. Die belangrikste fasette hiervan, waarvan die oorheersende eienskap bestendigheid (“permanence”) is, het beslag gekry in die oorspronklike landelike periode. Hiervolgens was alles goed wat bydra tot die behoud van die bestaande orde, alles sleg wat wetteloosheid en omwenteling meebring.

Deug manifesteer dus hoofsaaklik as pligsbesef teenoor die gode, die staat en die naasbestaandes, maar hierdie begrippe kom nie heeltemaal ooreen met wat vandag daaronder verstaan word nie. So het *pietas* nie net beteken om die amptelik voorgeskrewe godsdienstige rites nougeset na te kom nie, maar ook regverdige optrede teenoor al die verskeie sosiale groepe waaraan ‘n persoon behoort. ‘n Belangrike uitvloeisel van die begrip *pietas* was dié van *fides,* wat gesonde verhoudings tussen mense en die nakom van kontrakte en ooreenkomste behels het. Om hierdie deug te misken, was om die hele sosiale struktuur in gevaar te stel (Grimal 1963:100, 103-104).

Die begrip *res publica* behels nie net die staatsregering nie, maar ook die openbare welsyn, wat met die nodige toewyding en erns, *gravitas,* gedien moet word (Grimal 1963:98). Soos hierbo aangetoon (1.3.4), is verwag dat ‘n Romeinse burger sy militêre diensplig moes doen, vanselfspreknd met mannemoed of *virtus,* en ook die

cursus honorum moes deurloop ten einde die verskillende ampte tot die beste van sy vermoë te kon behartig. *Virtus* sluit ook selfbeheersing en –dissipline in en het ‘n sterk morele inslag (Walsh 1967:66), wat nie net die *res publica* geld nie, maar ook die *familia,* ‘n ander term met veel wyer trefkrag as die Afrikaanse ekwivalent. *Familia*[31] het, behalwe die gesin ook almal wat van die gesin afhanklik was, sowel as die familiebesit, ingesluit.

Toe Rome in die 2de eeu v.C. onder die invloed van Griekse filosowe gekom het, het die Romeine instinkmatig daardie fasette van die stoïsisme aangegryp waarby hulle bestaande morele onderbou aanklank gevind het: selfbeheersing, matigheid, regverdigheid en moed. Die filosoof Paenatius, wat ‘n skool in Rome gehad het, het die filosofie aangepas vir sy Romeinse aanhangers, een van hulle Cicero, onder wie die begrip *humanitas*[32] wording gekry het (Grimal 1963:105-106).

Niks was vir die Romein so belangrik nie as om in sy leeftyd ‘n goeie naam te hê en ná sy dood ‘n reputasie vir *virtus*. “*Virtus*, *pietas*, *fides,* self-dissipline, respect, faithfulness to engagements – such was the Roman ideal. This trilogy dominates every aspect of military, domestic, economic and social life and…religion merely established its applicability to the entire scheme of things….” en voeg by…“But Rome’s defence against death…was virtue, and following virtue, glory” (Grimal 1963:105).

2.2 Tacitus

2.2.1 Tacitus se geskiedkundige werke

Dit word algemeen aanvaar dat Tacitus sy *Historiae* voor die *Annales* geskryf het. Uit die oogpunt van die historikus is die rede daarvoor vanselfsprekend: hy het die

[31] “*Familia*, ‘household’ or ‘familiy property’, normally connoted its male head, *paterfamilias*, his children, freedmen and freedwomen, and sometimes his wife, if she was married with manus (Rawson 2006:340).

[32] Grant (1979:171) verduidelik hierdie begrip soos volg. “…he (Cicero) was convinced that right is right and wrong is wrong objectively, and that no pronouncements or laws can make them otherwise. And what was most wrong of all…was for one person to tyrannize others. For, following up the precepts of Stoic philosophy…he accepted its injunction that men and women should treat each other generously and honestly. They must do so because all human beings have their own personal value and importance. This is because, according to Stoic doctrine, all individuals share a spark of divinity which makes them akin to each other, irrespective of race or status or sex, in the universal brotherhood of mankind.”

gebeure self deurleef. Behalwe dat hy baie daarvan persoonlik ervaar het, was daar ook nog volop ander bronne om te ontgin, beide op skrif en in menseheugenis.

Dat hy die *Historiae* met die *Annales* opgevolg het, is nie so voor-die-hand-liggend nie. In die Inleiding tot sy vertaling van die *Annales* wys Michael Grant (1963:15-16) daarop dat Tacitus van plan was om die *Historiae* op te volg met ‘n relaas van sy eie gelukkiger tye (*Hist*.1.1), maar die voorneme laat vaar het ten gunste van die vroeër periode. “For that contained the source of recent evils; and on those evils…he still brooded”(Grant 1963 :15-16). Tacitus het dus met die skrywe van die *Historiae* besef dat die wortel van die kwaad veel verder in die verlede lê en in die *Annales* dieper gegrawe in ‘n poging om te bepaal waar en hoe die verrotting begin het.

Reeds in die begin van die *Historiae* (1,1) en die *Annales* (1,2) laat Tacitus blyk dat hy skepties staan teenoor die klakkelose verering van Augustus en sy bewind. ‘n Mens kan jouself dus afvra hoekom hy nie die *Annales* daar begin het nie, maar eerder ná ‘n kort inleiding met die bewindsaanname van Tiberius. Miskien was dit die aura van onaantasbaarheid waarmee Augustus omgewe is deurdat hy homself so suksesvol in wetmatigheid gehul het. Miskien was dit die ongenaakbare persoonlikheid van Tiberius vergeleke met die skynbare toeganklikheid van Augustus wat hom as die opperste booswig laat uitstaan het. Tacitus spekuleer self dat die rede vir sy aanneming van Tiberius was om die verskil tussen hulle te belemtoon (*Ann.*1,10). Miskien was dit maar net dat Augustus so’n groot sluk op die bottel was dat hy ‘n boek van sy eie geregverdig het. Trouens, Syme (1979:128) interpreteer juis *Annales* 3,24.3 só in sy boek *Ten Studies in Tacitus*. Nietemin is daar genoeg verwysings na Augustus in beide die *Historiae* en die *Annales* waaruit afgelei kan word dat Tacitus nie geflous is deur die mooi broodjies wat Augustus gebak het nie.

2.2.2 Tacitus se temas

Tacitus skryf sy werke met die beeld van die geïdealiseerde *vir bonus* van die Republikeinse tyd in die agtergrond. Bogenoemde uitgelese groepe (2.1) was veronderstel om rolmodelle van die tradisionele Romeinse deugde te wees, maar juis hulle het tekortgeskiet. Trouens, die *viri boni* skitter bykans deur hulle afwesigheid in Keisertyd. Tacitus sê dit selde reguit, maar laat dit aan sy leser oor om self die gevolgtrekking te maak. Enersyds doen Tacitus dit omdat hy onderneem het om

objektief te skrywe, maar andersyds ook, soos hy in Historiae 1,1 sê, omdat dit steeds nie heeltemaal veilig was om te dink wat jy wil en te sê wat jy dink nie (*sentire quae velis et quae sentias dicere licet*). Vir sy tydgenote was dit nie moeilik om die afleidings te maak nie, want die hunkering na die "goeie ou Republikeinse tyd" het nog vlak in die geheue gelê. Die moderne leser moet egter tussen die lyne lees en dus deels bespiegel.

Tacitus is nie tevrede daarmee om net die tekortkominge van die *nobiles* van die Keisertyd aan die groot klok te hang nie. Dit was vir denkende Romeine van Julius Caesar se tyd af al duidelik dat die staatsorganisie wat voldoende was toe die Republiek hoofsaaklik net Italië omvat het, nie meer gedeug het om die ganse Romeinse Ryk te regeer nie. Daarvandaan was daar 'n konstante stryd tussen diegene wat hierdie feit onder oë gesien het en 'n nuwe bestel tot stand wou bring, en diegene wat verbete aan die *status quo* vasgeklou het. Dit is duidelik dat Tacitus besef het dat die Republikeinse bedeling onherroeplik verby was, maar hy betreur dit dat die tradisionele Republikeinse deugde daarmee saam moes verdwyn omdat daar nie meer ruimte was om hulle uit te leef nie. Hy worstel dan met die vraag of daar in die nuwe bestel nog enigiets van hierdie deugde behoue kon bly, en indien wel, in watter vorm.

Walker noem die hooftema van Tacitus se *Annales* "the death agony of Roman virtue" (1952:154). Op 'n ander plek sê dieselfde skrywer: "His interpretation of events between A.D. 14 and 69 may be briefly summed up as the triumph of evil. The most obvious forms of evil…are cruelty and self-interest" (Walker 1952:78). Dan gaan Walker voort om aan te toon hoe wydverspreid hierdie euwels voorgekom het. Nie net neem keisers se tirannie toe in omvang en felheid nie, maar vrymanne is hardvogtig en arrogant, professionele soldate brutaal, vooraanstaande vrouens verteer deur ambisie en veral verklikkers floreer. Laasgenoemdes is te vinde op elke sosiale vlak: verarmde senatore, opportunistiese *equites*, aspirerende klimvoëls. Tydens Nero se bewind manifesteer egoïsme as die sug na luukse en allerhande vorms van fisieke bevrediging. Dit lei ook tot ruggraatloosheid by mense, omdat hulle ten alle koste probeer om gevaar of selfs ongemak te ontvlug, wat weer verhoed dat hulle standpunt teen magsuitbuiting inneem. Uiteindelik is mense dan oorgelewer aan vrees en huigelary (Walker 1952: 78).

Walker kwoteer Jung uit Jacobi se boek *The Psychology of Jung* (Jacobi 1946:10) omtrent die maniere waarop verskillende tipes mense gebeurtenisse waarneem. "The sensation type…will take notice of a historical event in all its detail but disregard the psychological context in which it is set; the intuitive, on the contrary, will pass over the details carelessly but will perceive without difficulty the inner meaning of the occurrence, its possible relations and consequences" (Walker 1952:189). Sy beweer dan dat Tacitus intuïtief te werk gaan en motiveer hierdie stelling soos volg: "In his portraits we find always that he presents mental and moral qualities…physical details and accidental circumstances are omitted….Tiberius is described visually only when he seeks to hide his disfigured face in retreat[33]. It is the same in…crowd scenes and landscapes. Realistic detail is avoided, but there is an immediate perception of a psychological state, a state of fear, suffering, desolation, cruelty, occasionally of peace or nobility." Baie insidente waar intuïtiewe waarneming geld, word genoem, waarvan die skuldigbevinding en teregstelling van Sabinus (Tac.*Ann.*4,68-70) 'n goeie voorbeeld is (Walker 1952:189-191).

Tacitus begin hierdie passasie (*Ann.*4,68-70) met die einde van die verhaal, draai dan in sy spore om en vertel hoe dit by daardie punt uitgekom het. Inmiddels beklemtoon hy hoe onreg hoogty gevier het, en die *nobiles* in 'n atmosfeer van vrees gelewe het.

Die nuwe jaar (*Ann.*4,68) word ingewy met 'n gruwelike daad (*foedum anni principium incessit*), deurdat die vooraanstaande en eerbare *eques* Titus Sabinus tronk toe gesleep word weens sy lojaliteit aan sy *patronus,* die gestorwe Germanicus (*ob amicitiam Germanici*). Al die ander *clientes* het hulle rug gekeer (*post tot clientes unus*) op sy weduwee en kinders uit vrees vir Tiberius, by wie hulle in onguns geraak het. Tiberius kommunikeer reeds net per brief (*Caesar…epistula precatus, Ann.*4,70) met die Senaat en regeer deur Seianus, die bevelvoerder van die Keiserwag. Seianus se guns moet verkry word as iemand opgang wil maak (*ad quem non nisi per Seianus aditus*) en dit kan slegs gedoen word deur 'n misdaad te pleeg (*neque Seiani voluntas nisi scelere quaerebatur*). Die vier senatore wat strewe na die konsulskap, besef hoe kwesbaar Sabinus is weens sy isolasie van die gemeenskap en stel vir hom 'n strik (*strueret dolum*).

[33] "Though tall and distinguished looking, he suffered from a skin disease of the face which made him embarrassed in public; moreover even his walk conveyed the haughtiness traditionally associated with his family, the Claudii. In addition he was tactless and pedantic and his tortuous speeches seemed to imply a lack of frankness" (Chilver 1967:1106).

Latinius Latiaris speel die hoofrol in die komplot omdat hy vir Sabinus skrams ken. Hy gee voor dat hy Germanicus se gesin goedgesind is en simpatie met Sabinus se probleme het. Gaandeweg wen hy Sabinus se vertroue in so'n mate (*speciem artae amicitiae fecere*), dat Sabinus sy hart by hom uitpraat, selfs teen Seianus uitvaar en oor Tiberius kla (*Ann.*4,68). Seker van sukses, lok Latiaris hom na sy huis om kastig nuwe informasie oor te dra (*velut recens cognita narraturus, Ann.*4,69). Die ander drie samesweerders het hulle reeds tussen die dak en die plafon ingewurm, en luister die gesprek af waarin Sabinus homself reddeloos kompromitteer. Hulle kla hom dadelik skriftelik by Tiberius aan en skroom nie om met hulle eie aandeel in die komplot te spog nie.

Dit is op hierdie stadium dat Tacitus (*Ann.*4,70) terugkeer na die eerste dag van die jaar. In dieselfde brief waarmee hy die jaar open, volg Tiberius sy toewydingsgebede direk op met die eis dat namens hom wraak op Sabinus uitgeoefen moet word (*vertit in Sabinum*). Die Senaat laat die aangeklaagde summier in boeie wegsleep, met sy kop toegebind, terwyl hy luidkeels protesteer (*trahebatur damnatus, quantum obducta veste et adstrictis faucibus niti*). Aan die einde van *Annales* 70 lees ons presies hoe godslasterlik hierdie gebeure was: want watter dag sal straffeloos wees wanneer tussen die inwyding van tempels en altare, op 'n tyd wanneer volgens gebruik selfs van ongewyde woorde afgesien moet word, boeie en 'n halter ingevoer word[34]?

Die oorheersende atmosfeer van vrees word ook van die begin af in *Annales* 4,68 beklemtoon. Uit vrees vir Tiberius, versaak al Germanicus se *clientes* behalwe Sabinus hulle plig teenoor sy gesin en vertoon hiermee 'n on-Romeinse gebrek aan *fides*. Tiberius het hom van die regering gedistansieer en regeer deur Seianus, wie se wreedheid, hooghartigheid en ambisie Sabinus in trane by Latiaris bekla *(onerat Seianum, saevitiam, superbiam, spes eius*). Hierdie gesprekke moet egter in die uiterste geheimhouding met 'n mees vertroude vriend (*quasi ad fidissimum deferre*) plaasvind (*Ann.*4,68), want dit is soos 'n oortreding (*tamquam vetita*). Later in *Annales* 4,69 lees ons hoe versigtig sulke gespreksgenote moes wees. Die plek van samekoms moet die skyn van geheimhouding bewaar, en as hulle agter 'n deur sou staan, is daar die vrees om gesien te word, gehoor te word, of dat agterdog per

[34] *quem enim diem vacuum poena ubi inter sacra et vota, quo tempore verbis etiam profanis abstineri mos esset, vincla et laqueus inducantur*? (*Ann.*4,70).

ongeluk mag ontstaan[35]. Tacitus beskryf die skuilplek van die drie samesweerders tussen die dak en die plafon as skaars minder skandelik as wat die bedrogspul haatlik was (*haud minus turpi latebra quam detestanda fraude*).

Tacitus skets ‘n beeld van ‘n vreesbevange Rome toe hierdie gebeure bekend word: *non alias magis anxia et pavens civitas, tegens adversum proximos; congressus, conloquia, notae ignotaeque aures vitari; etiam muta atque inanimata, tectum et parietes circumspectabantur* (*Ann*.4,69)[36]. Hierdie vrees kom nog sterker na vore wanneer die reaksie van die burgery op die brutale inhegtenisneming van Sabinus beskryf word. Daar was vlug en desolasie, die strate en pleine verlate (*fuga vastitas, deseri itinera fora*). Sommige toeskouers het egter teruggekom, sidderend omdat hulle deur te vlug hulle vrees openbaar het (*id ipsum paventes quod timuissent*). Tiberius se brief word gesien as ‘n beleidsverklaring dat die tronke saam met die tempels en altare geopen word (*quo modo delubra et altaria, sic carcerem recludant*), amper asof almal nou voëlvry is[37].

Tacitus sluit die relaas ironies af met Tiberius se opvolgbrief aan die Senaat, waarin hy hulle bedank dat hulle die staat van so’n groot bedreiging gered het, terwyl sy eie lewe so onseker is as gevolg van vyande se komplotte. Hy noem nie name nie, maar almal besef hy verwys na Agrippina en Nero.

Uit bogenoemde kan afgelei word dat daar nie soseer gekonsentreer moet word op wat Tacitus geskryf het nie, as hoe hy dit geskryf het. Op ‘n emosionele vlak interpreteer ‘n mens gebeure volgens sy eie lewenservaring. Tacitus het in die jare waarin hy gemuilband was, geleer dat die eintlike waarheid omtrent gebeure nie op die feitelike vlak lê nie, maar die verborge, en dat die enigste sinvolle uitsprake omtrent mense op etiese gronde gemaak kan word. Hy sien die lewe as ‘n gedurige stryd tussen diegene wat mag het, dit misbruik en sodoende deug ondergrawe, en diegene wat moedig en hoopvol teenstand bied en gevolglik kwesbaar is tot die dood toe. Hierdie siening

---

[35] *nam loco in quem coibatur servanda solitudinis facies; et si pone foris adsisterent, metus visus, sonitus aut forte ortae suspicionis erat (Ann*.4.69).

[36] Nooit was die burgery meer ontsteld en vreesbevange nie, skuilend teen hulle naasbestaandes; vergaderings, samesprekings, die ore van bekendes sowel as onbekendes is vermy; selfs stom en lewelose dinge, die dak en die mure is met agterdog bejeën.

[37] “The passive infinitives ‘vitari’, ‘deseri’, may be noted as typical; with the abstract nouns ‘civitas’, ‘fuga’, ‘vastitas’, and the passive ‘circumspectabantur’, they have the effect of generalising the emotion; it seems not only that men are afraid, but that the whole scene is a manifestation of fear” (Walker 1952:191).

word so'n diep oortuiging, dat enigiets wat nie daarmee strook nie, verwerp word. Dit is daarom dat feite wat in Tiberius se guns tel, opsy geskuif kan word met die oortuiging dat sy ware boosheid maar net tydelik gemaskeer is. Tacitus is dus byna altyd feitelik korrek, maar poog om met sy interpretasie van gebeure sy innerlike oortuigings te staaf waar die feite onseker is (Walker 1952:197-198).

2.2.3 Tacitus se soeke na 'n *vir bonus* in sy eie tyd

Ash beklemtoon dat dit vir die loopbaan van die jong Romein in die Republikeinse tyd van deurslaggewende belang was om 'n generaal te word, omdat die intrinsieke waarde van suksesvolle militêre optrede diep in die Romeinse psige ingebed was as 'n paspoort na roem. Dat respek vir militêre welslae so sentraal gestaan het, het probleme veroorsaak toe die Ryk sy optimum grootte bereik het en die moontlikheid van verowerings verskraal het. Soveel te meer was dit die geval omdat enige glorie wat deur militêre optrede gewen kon word, alleen die keiser toegekom het (Ash 2006:39).

Alles inaggenome is dit duidelik dat die Republikeinse *vir bonus* in sy geïdealiseerde vorm in die keisertyd die finale nekslag toegedien is. Dit was eenvoudig nie meer moontlik om die tradisionele amptelike rolle binne die *res publica* met integriteit te vervul en sodoende roem te verwerf nie, of in uiterste gevalle, selfs te oorleef nie.

Tacitus beskryf die verloop van die proses na aanleiding van wat met leidende figure gebeur het. Sommige het tevergeefs hardnekkig probeer om die Republikeinse ideale uit te leef (*Ann*.4,34-35), sommige het terwille van persoonlike voordeel kruiperig die knie voor die keisers gebuig (Ann.11,2-3 en 12,4-6) en ander het maar net probeer oorleef met soveel eerbaarheid as moontlik (Ann. 14,12 en 48-49).

Die geïdealiseerde weergawe van die Republikeinse *vir bonus* moet nou weer as maatstaf voorgehou word. Hy is 'n Romeinse burger van die hoë klas wat lewe om die *res publica* pligsgetrou te dien in watter hoedanigheid hy ookal benodig word. Om dit te kan doen, moet hy sy talente ontwikkel en homself bekwaam om die beste moontlike diens te kan lewer. Sy doel moet nie wees om homself te verhoog of te verryk nie, maar hy kan verwag om hierdie dinge bykomend te verwerf deur sy plig teenoor die *res publica* op voortreflike wyse na te kom (1.3.4).

Soos reeds aangedui (1.3.6), het dit in praktiese terme beteken dat iemand sy plig teenoor die *res publica* vervul as suksesvolle *vir militaris,* of as orator wat in die Senaat en/of in die geregshof sy kant bring, of as skrywer, wat ook geld vir die publiseerder van geredigeerde toesprake (Cicero), of as digter (Vergilius en Horatius), of as geskiedskrywer (Sallustius en Livius), of natuurlik in meer as een van hierdie kategorieë tegelyk (1.3.6).

2.3 Verskraling van geleenthede vir die *vir bonus*

Vanaf die begin van die Keisertyd het die mate van seggenskap wat die Romeinse burger in die politieke bedeling gehad het, geleidelik verminder. Omdat hy nie meer ‘n sinvolle politieke en administratiewe rol kon speel nie, het hy nie meer moeite gedoen om die voorwaardes waaraan hy vroeër moes voldoen, na te streef nie. Daar was nie juis meer terreine waarop hy ‘n beduidende bydrae kon lewer nie, laat staan nog uitstyg bokant sy eweknieë (vergelyk *Ann.*1.3.7). Kortom: die *vir bonus* was nie meer in aanvraag nie, net die keiser se guns moes gesoek word.

2.3.1 Die verlies van aansien van die *vir militaris*

Die luister van ‘n *vir militaris* was nie meer vir die suksesvolle soldaat in die Keisertyd beskore nie. Soos reeds in 1.3.2 beskrywe, was die Romeinse leërs in die Republikeinse tyd ‘n burgerlike milisie wat opgeroep is uit die Klasse wat vermoënd genoeg was om hulle eie wapens te verskaf, in die praktyk ryk patrisiërs en hulle *clientes.* Hierdie bron het geleidelik uitgeput geraak en die vereistes vir militêre diens moes noodgedwonge verlaag word, maar die langdurige kampanjes vér van die huis af het selfs die kleinboere onwillig gemaak om in die leërs te dien.

Die generaal Gaius Marius (157-86 v.C.) het die probleem opgelos deur vrywilligers te werf onder diegene wat nie vir militêre diens gekwalifiseer het nie, die sogenaamde *capite censi,* hulle self te bewapen, op te lei en te vergoed. Dit het meegebring dat die soldate aan hom persoonlik trou verskuldig was en het ‘n presedent geskep wat daarna deur ander generaals gevolg is. Soos Southern (2001:103) dit stel: “The time-served veterans…were not toothless old men…. They had joined to follow one man, whether that man were Caesar, or Antonius, or Octavian himself. They joined for the duration of the campaigns, and then required settlement.”

Sulke soldate kon en het ‘n suksesvolle aanvoerder op die slagveld tot *imperator* uitgeroep en dit was amper vanselfsprekend dat die Senaat aan die betrokke generaal, die *triumphator*, ‘n triomftog as eerbewys sou toestaan. So’n triomftog was ‘n skouspelagtige parade deur die strate van Rome en die toppunt van ‘n generaal se ambisie.

Dit het alles in die Keisertyd tot niet gegaan. Octavianus het ná sy oorwinning by Actium sy leërs ontbind, die soldate op die gebruiklike wyse beloon, en toe ‘n nasionale weermag op die been gebring “…a standing army, regularly recruited, serving for a specified length of time, and properly catered for after retirement” (Southern 2001:103). Hierdie weermag het aan hom persoonlik die eed van getrouheid afgelê en hy het hulle uit die staatskas betaal. Alle ander generaals is beskou as ondergeskik aan sy jurisdiksie as opperbevelhebber. Voortaan sou die titel *imperator* die keiser alleen toekom. “The name Imperator, which he had been using on coinage of the Triumviral period, was now confirmed his by right” (Southern 2001:107). ‘n Verdere implikasie hiervan was dat alle buit nou die keiser toegekom het, maar sy persoonlike rykdom was inderdaad noodsaaklik vir die doeltreffende bestuur van die Ryk. Dit was die militêre en finansiële vermoëns van die keiser wat hom in alles behalwe naam ‘n koning gemaak het (Griffin 1996:19).

Dit was ook nie lank nie, of triomftogte was slegs vir die keiserlike familie beskore. Die toekenning daarvan is egter geleidelik uitgefaseer. Tacitus vermeld byvoorbeeld in *Ann*.3,74 dat Tiberius die titel *imperator* vir die laaste keer aan Blaesus, die oom van Seianus, toegestaan het vir sy kampanje teen Tacfarinas in Afrika. In plaas daarvan is die suksesvolle generaals toegelaat om op feesdae die klere van ‘n triomftog te dra, die *ornamenta triumphalia* (Southern 1999:107 en 140). Ook die hooggeagte seremonie van die *spolia opima*[38] was van die baan.

Tacitus se eerste boek *Agricola* is juis ‘n poging om reg te laat geskied aan sy skoonvader, wat nie die erkenning vir sy voortreflike morele karakter en suksesvolle

[38] ‘n *Triumphator* wat sy vyandelike eweknie persoonlik doodgemaak het, het die eer verwerf om die wapens wat van sy vyand gebuit is, aan die tempel van Jupiter Feretrius toe te wy in hierdie seremonie, ‘n eer wat begryplikerwys selde opgeëis kon word en gevolglik hoogs gesog was. Al hierdie eerbewyse is deur die generaal M.Licinius Crassus vir sy kampanje in Moesia in 29-28 v.C. opgeëis, maar al wat hom teensinnig deur Augustus toegestaan is, was ‘n triomftog, een van die laastes aan ‘n nie-keiserlike veldheer. Die keiser het boonop doelbewus gesorg dat hy nie in Rome was om die geleentheid by te woon nie (Southern 2001:114-115).

militêre rekord gekry het wat hom toegekom het nie. ‘n Triomftog was hom nooit beskore nie en hy moes homself op die kruin van sy loopbaan vrywillig aan die publieke lewe onttrek weens die naywer van keiser Domitianus (Tac.*Agric*.39-43).

Agricola is nie die enigste, miskien selfs nie die grootste generaal wat ondanks die voortreflike diens wat hy gelewer het, nogtans sleg daarvan afgekom het nie.Voor hom was daar ook Corbulo, aan wie Tacitus heelwat aandag gee (*Ann.*13,35-41; 14,23-26; 15,1-17 en 25-31). Anders as Agricola, wat ‘n *eques* was, was Corbulo ‘n patrisiër met uitgebreide verbintenisse onder lede van sy eie stand. Sy dienstydperk het gestrek van Caligula tot Nero, vir wie hy almal met lojaliteit gedien het.

Corbulo was die mees bekwame generaal van sy tyd en moes deur Nero ingespan word om ernstige opstande in Asië te hanteer. Dit het hy so suksesvol gedoen dat daar vir die volgende halfeeu vrede op die Armeense grens was (Grant 1979:231). Dit het hom niks gebaat nie. Nero het bedreig gevoel deur sy aansien, hom tydens sy Griekse toer soontoe ontbied, en beveel om selfmoord te pleeg, ‘n bevel wat hy sonder meer gehoorsaam het.

2.3.1.1 Gevolgtrekking

‘n Romein kon in die Keisertyd nog steeds ‘n militêre loopbaan volg, maar dit kon nie lei tot die roem en glorie wat hy in die Republikeinse era sou geniet het nie. Alle eer het die keiser as opperbevelvoerder toegeval. Augustus het ook aan sy opvolgers as beleid aanbeveel om die grense van die Ryk nie verder uit te brei nie, maar die bestaande grense te konsolideer en te beveilig soos hy dit nagelaat het (Scullard 1967:529). Dit het hulle ter harte geneem, en daarom was die dae van veroweringstogte en volop buit verby. Boonop kon dit gevaarlik wees vir ‘n *vir militaris* om té suksesvol te wees. Die keiser kon hom maklik as ‘n bedreiging beskou en van hom ontslae raak. Die aansien wat die Romein so hoog geag het, kon dus nie meer langs hierdie weg gevind word nie. Trouens, die begrip *vir bonus* het in die Keisertyd verdwyn en Tacitus kon dus in sy werke net sinspeel daarop.

2.3.2 Die ontmagtiging van die Senaat in die Keisertyd

As gevolg van sy oorweldigende militêre en finansiële magte, asook sy ander bevoegdhede soos die *imperium consulare*, die *tribunicia potestas* en sy amp as

pontifex maximus, was dit nooit vir ‘n keiser ‘n realistiese opsie om werklik sy verantwoordelikhede met die Senaat te deel nie. Tog het baie van die keisers aan die begin van hulle bewind so’n onderneming gegee, net om later te besef dat dit nie haalbaar was nie. Die Keiserryk kon alleen doeltreffend funksioneer met die toestemming en samewerking van die Senaat, maar van die kant van die keiser is verwag om konstitusionele gebruike te respekteer, die Senaat as ‘n liggaam te ag en om geleenthede vir die hoë lui daar te stel om hulle ambisies te verwesenlik (Griffin 1996:60). Die mate waarin die keisers hierdie ongeskrewe kontrak eerbiedig het, is een moontlike maatstaf om die sukses van hulle bewind te beoordeel.

2.3.2.1 Die ontmagtiging van die Senaat tydens die Prinsipaat van Augustus

Soos ook reeds in 1.4.2 genoem is, het Augustus stelselmatig al die belangrikste hefbome van mag in die staat oorgeneem, die konsulêre *imperium*, die tribunale magte en die amp van *pontifex maximus*, maar op so ‘n subtiele manier dat die Senaat en die publiek gedink het dis hulle eie idee.

Hy het van die begin af sterk gesteun op sy posisie as konsul (*consulem se ferens*, Tac.*Ann*.1,2), maar dit was oëverblindery, want sy magte was baie wyer as dié van ‘n Republikeinse konsul, soos Tacitus ook impliseer: *insurgere paulatim, munia senatus magistratuum legum in se trahere, nullo adversante* (algaande het hy sy mag uitgebrei, die funksies van die Senaat en die regspleging van die gesagspersone ingepalm, terwyl niemand hom teengaan nie, *Ann.*1.2). Om mee te begin was hy aanvanklik vir sewe jaar aaneenlopend konsul en het so ander kandidate uitgesluit. Toe hy sien dat dit ontevredenheid uitlok, het hy die amp neergelê en dit later net saam met een van sy aangenome seuns beklee (Southern 2001:121).

Hy het nietemin nog die *imperium consulare*, die konsulêre mag, behou, al was hy nie konsul nie. Hoe hy dit bewimpel het, is nie duidelik nie. Hierdie mag het ook uit die Republikeinse tyd dateer, maar hy was nie aan die oorspronklike beperkings onderhewig nie, behalwe ten opsigte van die tydsduur, wat telkens hernu is en in werklikheid lewenslank was. Hy kon ook tydens senaatsittings tussen die twee verkose konsuls sit, wat noodwendig intimiderend moes ingewerk het op die

beraadslagings van die liggaam. Verder het hy die twaalf *fasces*[39] van ‘n konsul behou (Southern 2001:121 en 131).

Toe hy ná sy sewende konsulskap in 23 v.C. die amp “neergelê” het, het hy aangekondig dat hy die Republiek “herstel” (*res publica restituta*) deur die regering van die Ryk aan die Senaat terug te gee. Hulle het die bal summier teruggeslaan en ‘n kompromisvoorstel van Augustus is daarop aanvaar: hy sou ‘n aantal provinsies regeer deur *praetors* deur homself aangestel en aan hom persoonlik verantwoordelik; die ander provinsies sou soos vantevore onder beheer van die Senaat bly. Hierdie toegewing was egter nie veel werd nie, aangesien Augustus met die *imperium consulare* in ieder geval mag oor die provinsies wat deur die Senaat regeer is, behou het, aangesien hy die leërs en die finansies beheer het (Southern 2001:111-113).

‘n Ander belangrike aspek van die *imperium consulare* was dat Augustus daardeur kontrole oor al die graanproduserende gebiede, veral Egipte, gehad het, en gevolglik oor Rome se kosvoorraad, ‘n situasie wat Vespasianus later uitgebuit het. Die goewerneur van Egipte was altyd ‘n *eques* deur die keiser aangestel en aan hom alleen verantwoordelik. Toegang tot Egipte is streng beheer. Senatore is belet om die gebied sonder die uitdruklike toestemming van die keiser binne te gaan (Southern 2001:107). Dat Germanicus hierdie verbod onder die bewind van keiser Tiberius verontagsaam het, het hom suur bekom (Tac.*Ann*.2,59).

Nog ‘n mag wat Augustus ingepalm het, was die *tribunicia potestas*, hoewel hy nooit as *tribunus* verkies is nie. Om die mag van die amp te skei, was rewolusionêr. Die titel van *tribunus* was die belangrikste wapen in Augustus se arsenaal. Tacitus noem dit die *summi fastigii vocabulum* (titel van hoogste aansien). Dit het behels dat hy nie alleen die *plebs* verteenwoordig het en persoonlik onaantasbaar was nie, maar hy kon die Senaat byeenroep, die besluite van die Senaat veto en self nie deur die ander tribunes geveto word nie. Die troonopvolger is later aangedui deur hierdie magte aan hom toe te ken (Southern 2001:123 en 237, nota 20).

[39] Die *fasces* was die ampsteken van ‘n Romeinse gesagspersoon met *imperium.* Dit het bestaan uit bondels houtstawe vasgebind met ‘n rooi band, waaruit die kop van ‘n byl gesteek het. Dit het sy mag om te gésel en te onthoof gesimboliseer en is gedra op die linkerskouers van die *lictores* wat hom vergesel het. Die getal *lictores* het die persoon se rang aangedui (Broughton 1967:103).

In die Republikeinse tyd het die Senaat volle beheer oor buitelandse sake gehad, maar ook hierdie mag het Augustus oorgeneem. Reeds toe hy nog in die Ooste was in 31 en 30 v.C. het hy op eie verantwoordelikheid met afvaardigings van vreemde moondhede onderhandel. Rekords toon dat hy van homself in die eerste persoon praat en toegang tot hom as persoon aanmoedig. So is die weg daarvoor gebaan dat hy self later alle afvaardigings en petisies ontvang het en uiteindelik ook alleen verdrae met vreemde moondhede gesluit het sonder om die Senaat te raadpleeg (Southern 2001 102).

Augustus het die Senaat geleidelik van alle werklike mag gestroop. Deurdat hy so dikwels konsul was, kon minder senatore die status verkry en ondervinding opdoen. Ook het hy weinig gebruik van oud-konsuls in die staatsdiens gemaak. Hulle vordering met die *cursus honorum* is dus vertraag. Boonop het hy en Agrippa tydens hulle konsulskap die magte van *censores* verkry sonder om die posisie amptelik te beklee, sodat hulle die Senaat kon hervorm (Southern 2001:110). Die dooie hout is uitgesny, weliswaar op taktvolle wyse, maar ‘n hele aantal *homines novi* is tot patrisiërstand verhoog en in die Senaat ingebring. Die liggaam was dus nie meer die uitsluitlike domein van die adel nie (Southern 2001:165). So is perke gestel aan ambisie, want niemand kon strewe daarna om die keiser se gelyke te wees nie, laat staan nog om hom te oortref. Om ‘n prominente posisie in die verskraalde bestel te verwerf, het slegs van die keiser se gunste en gawes afgehang.

Die gevolg was apatie. Senatore het belang in die vergaderings van die Senaat verloor en weggebly. Augustus het op allerlei maniere probeer om hulle betrokke te kry, sonder veel sukses. Een van die pogings was om hulle te laat deel in die samesprekings van ‘n *concilium principis,* ‘n komitee bestaande uit die twee konsuls, ‘n *praetor*, ‘n *aedile*, ‘n *quaestor* en vyftien senatore wat deur loting gekies is. Dit was egter net wat Southern (2001:144) noem “an exercise in psychology”, want die lede is geroteer en het geen invloed op besluite gehad nie. Die hele proses moes net die skyn van deelname bewaar.

Augustus het die fondament van die stelsel gelê waarop die regering van al die keisers ná hom gebaseer is. Self het hy die skyn probeer bewaar dat die Senaat nog sy tradisionele rol in die *res publica* te speel het en hy het ook nie al die magte gebruik wat aan hom toegesê is nie. Hy het byvoorbeeld nooit sy tribunale veto gebruik nie.

Dat hy dit wel kon gebruik as hy wou, was voldoende dreigement (Southern 2001:237-238, nota 20).

2.3.2.2 Die posisie van die Senaat onder die ander Julio-Claudiese keisers

Retoriek het in die Republikeinse tyd floreer omdat diegene wat dit beoefen het, ‘n daadwerklike rol in die gesagstrukture gespeel het. Nou was dit anders. Met die mag in die hande van een man gesetel, kon debatte in die Senaat nie gedy nie, omdat die senatore gedurig moes probeer om eers die keiser se gedagtes te peil. Onder Augustus was dit reeds ‘n kwessie, maar onder sy opvolgers het dit veel erger geword (Ash 2006:43).

Met Augustus se dood was Tiberius *filius, collega imperii, consors tribuniciae potestatis* (seun, kollega in gesag, vennoot in tribunale mag, Tac.*Ann*.1.3) en het dus as troonopvolger reeds al die toepaslike magte gehad. Dit moes net formeel aan hom oorgedra word. Oënskynlik het Tiberius aanvanklik ‘n eerlike poging aangewend om die Senaat weer by die regering betrokke te kry. Hy het verklaar dat die liggaam alle staatsake moet bespreek, hy as *princeps* sou net hulle dienskneg wees. Die poging is doodgebore. Tacitus is oortuig dat hy dit nie opreg bedoel het nie (Tac.*Ann*.1,11-12).

Dit het ál hoe duideliker geword dat die Senaat in der waarheid alle reële mag verloor het, maar Tiberius het nogtans die senaatsittings gereeld bygewoon terwyl hy in Rome was en sake aan hulle voorgelê (Griffin:1996:93). Die *concilium* van Augustus het verdwyn, maar Tiberius het wel sy *amici* en ‘n aantal ervare staatsmanne geraadpleeg en hulle is deur die Senaat aangewys (Griffin 1996:91). Die konsuls het tydens hierdie bewind al begin teensinnig word om besluite te neem oor sake wat onverwags te berde gebring is, en het daartoe geneig om sulke sake uit te stel sodat dit eers aan die keiser voorgelê kon word vir oorweging (Tac.*Ann.*3,52) .

Tacitus noem ook dat die verkiesings toe vir die eerste keer van die Campus Martius na die Senaat verskuif is, ‘n stap wat die Senaat verwelkom het, omdat dit hulle bevry het van die noodsaaklikheid om stemme te werf en/of te koop, maar die deelname van die gewone burgers weggeneem het (Tac.*Ann*.1,15). Scullard (1967:529) stel dit só: “The senatorial administration came to depend even more on the will of the *princeps,* although the Senate now entirely replaced the people in the election of magistrates and its judicial activities increased.” Wooten (1988:115) stel dit egter baie krasser. In

‘n artikel “Roman Education and Rhetoric” beweer hy dat die Romeinse opvoedingstelsel, wat daarop gemik was om knap orators te lewer, in die Republiek van praktiese waarde was “when there were democratic assemblies and free courts.” Onder die keisers het retoriek egter uitgediend geraak. Griffin (1996:94) sê verder: “The general process of degeneration of senatorial independence was well under way.” Die Senaat het sy werklike mag verloor en is gereduseer tot ‘n rubberstempel om besluite van die keiser te bekragtig en uit te voer. Daar was dus geen plek meer vir politieke retoriek nie, veral ná die besluit van Tiberius soos hierbo genoem. Nog ‘n eienskap van die *vir bonus* het dus in die slag gebly.

Die dele van Tacitus se *Annales* wat handel oor die bewind van Caligula het ongelukkig verlore gegaan, maar ons kry ‘n aanduiding van wat hy kon geskryf het in die toespraak wat hy in *Annales* 6,48 aan die veroordeelde Lucius Arruntius toedig. Laasgenoemde sê Tiberius is wel sterwend, maar hy weier om sy lewe te verleng in die hoop dat dit onder die nuwe keiser beter sal gaan. Tiberius het ten spyte van sy lang ervaring verword onder die korrupsie van absolute mag, hoe sou Gaius Caesar, skaars uit sy kinderskoene, totaal onkundig en onder Macro se slegte invloed, beter kon vaar? Hy voorsien’n steeds meer nypende slawerny en vlug dus weg van die verlede sowel as die komende bedreiging (*prospectare iam se acrius servitium eoque fugere simul acta et instantia*).

Soos gesê (1.5.2), is Caligula aanvanklik met vreugde as keiser ontvang. Sy afkoms het hom verseker van die ondersteuning selfs van die Senaat, wat die welwillendheid van sy oupa Nero Drusus en sy vader Germanicus onthou het, en dieselfde hoop in hom gevestig het (Levick 2001:9). Dit is ook moontlik dat die senatore gedink het hy is jonk en onervare genoeg om manipuleerbaar te wees (Barrett 2000:52). Hulle is egter wreed ontnugter.”The Roman senate soon came to regret that they had so enthusiastically handed over supreme power to a personable but totally inexperienced young man” (Barrett 2000: xvi).

Caligula het nietemin goed begin. Die Senaat is met respek behandel, die *maiestas*-aanklag is opgeskort, bannelinge is teruggeroep en die beendere van sy gestorwe verwante is met piëteit ter ruste gelê (Barrett 2000:55 en 60-64). Die keerpunt het gekom met sy geheimsinnige siekte en die dood van sy suster Drusilla. In die loop van die jaar 39 n.C. het Caligula die Senaat ingevaar en ‘n striemende aanval op die

senatore gemaak (Barrett 2000:90). Hy het die volle potensiaal van sy mag beproef, gebruik en misbruik[40]. Die verklikkery wat hy aanvanklik opgeskort het, is gou weer aangemoedig en die Senaat met minagting behandel (Barrett 2000:93). Hy het jag gemaak op hooggeplaastes vir vermeende en werklike oortredings van die verlede en die hede. Die korte duur van Caligula se bewind word deur Scullard (1967:530) beskou as die enigste pluspunt daarvan.

Tacitus beskuldig Claudius dat hy alle wetlike en administratiewe funksies in sy eie persoon gekonsentreer het (*cuncta legum et magistratuum munia in se trahens*, *Ann*.11,5), maar Levick (2001:81) sê dit is nie heeltemaal waar nie. Drie redes word genoem vir die aanklag dat daar ‘n aanval op die magte en prestige van die Senaat was: die geneigdheid van die keiser om in te meng in sake wat liefs gelaat moes word om hulle gang te gaan; die keiser se verskille en toutrekkery oor mag met die Senaat; en administratiewe wysigings wat hy op verskeie gebiede aangebring het (Levick 2001:82).

Weliswaar het Claudius baie aktief deelgeneem aan die regspleging, dikwels op ‘n *ad hoc*-basis in die paleis, waar die voorgeskrewe prosedures nie gevolg is nie en “where elaborate judicial oratory would be ineffective and inappropriate. Thus the imperial system took away much of the free life that had fostered republican, Ciceronian oratory” (Wooten 1988:1115). Die verhoor van Valerius Asiaticus is hiervan ‘n goeie voorbeeld (Tac.*Ann*.2-3). Claudius se formele wetgewing word egter as prysenswaardig beskou (Levick 2001:119-120).

Verder het Claudius ampte en eerbewyse aan vrymanne en lede van sy huishouding toegestaan wat voorheen net vir senatore beskore was. Hulle, nie senatore nie, het nou sy raadgewers en vertrouelinge geword. Hierdie manne het baie mag en rykdom verkry en was vir die senatore ‘n steen des aanstoots (Scullard 1967:531). Hierdie neiging van Claudius is te verstane as onthou word wat die vlak van die samelewing was waarin hy beweeg het in die tyd toe hy deur die keiserlike familie afgeskryf was. Verder was hy ingestel op dienslewering en het die ampte en rade gevul met mense wat bevoeg was om die werke te doen, maar wat nie noodwendig senatore was nie. Claudius was ook erkentlik genoeg om lojaliteit te beloon sonder aansiens des

[40] “The Principate shook Gaius into experimenting to discover its limits for himself. As he told his grandmother Antonia, for him every act, against no matter whom, was lawful” (Levick 2001:8).

persoons. Die onvermydelike gevolg was dat die aandeel van die Senaat aan die regeringsadministrasie verwater is (Levick 2001:82-83).

Ongelukkig was Claudius se vertrouelinge uiteraard nie van die edelste nie. Omdat hy onseker van homself en baie beïnvloedbaar was, kon sy vroue en vrymanne saamkonkel om hulle eie agendas te bevorder. Tacitus beskryf in detail die intriges waarin hulle die leidende aandeel gehad het: die val en dood van Messalina (*Ann.*11,26-38); die ongeoorloofde huwelik van Claudius met Agrippina (*Ann.*12,3-7); die aanneming van Agrippina se seun Nero deur Claudius (*Ann.*12, 25-26); die dood van Claudius self; en die manier waarop Nero keiser geword het (Ann.12,66-69).

Nero se bewind het eweneens belowend begin. In sy eerste toespraak voor die Senaat, deur sy mentor Seneca geskryf, het hy onderneem om die riglyne van Augustus te volg. Hy verklaar dat hy geen vooroordele het nie en geen wraak sal neem vir gedane misdrywe nie, maar amnestie sal verleen. Hy verwerp die mees gehate praktyke van Claudius en belowe om sy verantwoordelikhede met die Senaat te deel. Hy het ook aanvanklik woord gehou (Tac.*Ann.* 13,4-5).

Nero het onder andere die regspleging herstel tot die peil voordat Claudius daarmee ingemeng het, veral deur weg te doen met regsake wat agter geslote deure gevoer is. *Maeistas*-aanklagte is opgeskort, soos ook deur Caligula en Claudius gedoen is, maar anders as hulle, het Nero vir agt jaar hierby gehou. Hy het ook onderneem om sy huishouding skoon te maak van die korrupsie en onbehoorlike beïnvloeding wat in Claudius s'n geheers het. In die lig van die kontrak in 2.3.2 genoem, het Nero wel aanvanklik in goedertrou gehandel (Griffin 1996:60).

Dit het egter nie lank goed gegaan voor die tuig begin skawe het nie. Agrippina het haar bes probeer om saam met Claudius te regeer en wou 'n nog groter rol in haar seun se bewind speel. Seneca en Burrus het hulle invloed gebruik om Nero by sy eerste goeie voornemens te laat hou[41] en was bang dat haar ambisies negatief op sy regering sou inwerk. Hulle het haar dus teengestaan. Haar dreigement om liewer vir

[41] "Seneca urged Nero to practise clemency in order to win the love of his subjects, the only true guarantee of safety for a ruler. The policy which Nero carried out under his guidance could be summed up in the word *civilitas*. As a method of achieving popularity and security, it required self-control as well as a real, or well-feigned, desire for that degree of equality with the upper orders that the Emperor's position permitted" (Griffin 1996:104).

Britannicus te ondersteun, het tot sy dood gelei (Tac.*Ann*.13,13-16) en haar afkeur van Nero se verhouding met Poppaea het ook haar einde beteken (Tac.*Ann.*14,4-8).

Intussen het Poppaea, Nero se vrou, en Tigellinus, wat Burrus opgevolg het, se invloed toegeneem. Tacitus verwys na hulle as *quod erat saevienti principi intimum consiliorum* (wat die intieme ondersteuning van die keiser in sy wreedhede was, *Ann.*15,61). Griffin (1996:104) sê dat hulle van laer status was en gevolglik meer afhanklik van die keiser se guns. Dit is dus te verwagte dat hulle aan hom ander advies sou gee en op ander maniere sy guns sou probeer behou as hulle voorgangers. "Tigellinus and Poppaea encouraged exhibitionism as a means of popularity and repression as an antidote to fear" (Griffin 1996:104). Hulle het hom aangemoedig tot gedrag wat nóg oordeelkundig, nóg waardig was, en hom van die hoë lui vervreem het. Dit het gelei tot 'n terreurveldtog teen werklike of vermeende komplotte, asook 'n handige metode om die staatskas te vul, wat hy met sy verkwisting geledig het. Van Seneca se gewaande *civilitas* het niks oorgebly nie.

Nero se heersende passie om op die verhoog op te tree, het die Romeinse gesagsorde geskok en vervreem. "The imperial friendship came to be offered or refused according to a man's degree of zeal in clapping, and he came to regard as a rival anyone who enjoyed popularity of any kind" (Griffin 1996:114). Selfs sy generaals, soos Corbulo, het dit ontgeld en hulle het onveilig begin voel, sodat dit net 'n kwessie van tyd was voordat een van hulle 'n opstand sou inisieer of ondersteun (Griffin 1996:118). Dit was dan ook die opstand van Vindex in Gallië wat die bal aan die rol gesit het wat Nero tot 'n val gebring het.

2.3.2.3 Die keisers na die Julio-Claudiërs

Galba, Otho en Vitellius het elkeen te kort regeer om blywende impak op die regering en Ryk te maak, maar hulle kortstondige verskyning op die toneel het nietemin onteenseglik bewys hoe afhanklik 'n keiser van sy leërs se ondersteuning was, nie net die Keiserwag in Rome nie, maar ook die leërs in die provinsies.

Vespasianus het egter weer bestendigheid gebring. Hy kon staat maak op die leërs wat hom tot die keiserskap verhef het en sy volle aandag wy daaraan om weer orde en bestendigheid in die Ryk te herstel. Hy het die Senaat met respek behandel, maar nie toegelaat om hom te dwarsboom nie. "Vespasian normally showed the House respect

by constant attendance and by transacting business through it which emerged as decrees…, so that in form at least, although what it discussed might have been trivial, and weighty matters were decided elsewhere, it…seemed to enjoy its inherited authority" (Levick 1999:178-179).

Teen hierdie tyd het die Senaat reeds baie van sy politieke funksies verloor, maar in belangrikheid toegeneem as 'n bron waaruit hoë amptenare en generaals gewerf kon word. Die liggaam wat Vespasianus aangetref het, was egter erg uitgedun as gevolg van verskeie faktore, onder andere die vervolging deur die vorige keisers. Vespasianus het hulle geledere dadelik aangevul met sy eie ondersteuners, veral uit militêre kringe, en sodoende die Senaat ook meer verteenwoordigend van die hele Ryk gemaak. Later het hy en sy seun Titus met dieselfde doel ook 'n formele sensus gehou (Levick 1999:170-171).

Hyself was 'n hardwerkende, skerpsinnige, plattelandse *eques* van Sabynse oorsprong, nie 'n patrisiër nie. Hy het senatore vanuit alle dele van die Ryk benoem en 'n nuwe aristokrasie geskep wat op diens geskool was. "But if the Senate now provided better administrators…any claim it had tried to maintain to be a partner of the emperor disappeared; Vespasian might treat it with courtesy, but not on equal terms" (Scullard 1967:532).

In Titus het Vespasianus 'n opvolger gehad wat reeds deur Mucianus bekwaam om te heers (*capax imperii*) verklaar is en hy het vroeg in sy bewind die *imperium consulare* en die *tribunicia potestas* met hom gedeel, sodat daar geen twyfel daaromtrent kon wees nie (Jones1984:77-79). Wanneer Vespasianus nie self 'n senaatsitting kon bywoon nie, het Titus dit namens hom gedoen, want hy was byna elke jaar saam met sy vader konsul. Hulle het ook as *censores* saam die lys van senatore gesuiwer en aangevul.

As kroonprins en bevelvoerder van die Keiserwag was Titus nie gewild nie, want hy het meedoënloos opgetree teen moontlike ondermyning van Vespasianus se keiserskap en sy eie opvolging (Levick 1999:192-193). Nietemin was sy keiserskap onverwags populêr, moontlik as gevolg van die flinke wyse waarop hy die rampe hanteer het wat die Ryk in daardie tydperk getref het. Hy het die *maiestas*-aanklag

afgeskaf en in sy kort bewind oor die algemeen net voortgegaan om sy vader se verstandige regeringstyl te handhaaf[42].

Sy jonger broer Domitianus het as keiser aanvanklik met voortreflike matigheid en welwillendheid opgetree (Levick 1999:200), maar gou weer die skroef aangedraai. Hy was, soos sy vader, byna aaneenlopend konsul en lewenslank *censor*, waardeur hy die samestelling en gedrag van die Senaat en sy lede beheer het. Hy het die *ornamenta triumphalia* na senaatsittings gedra en daarop aangedring om as *dominus et deus* (meester en god) aangespreek te word (Chilver 1967:577).

Na die mislukte opstand van Saturninus, die goewerneur van Bo-Germania, in 89 n.C., het ‘n aantal teregstellings gevolg, en later is die wet van *maiestas* vryelik teen senatore gebruik. ‘n Vlaag van terreur het gevolg. Hy het die veroordeeldes se eiendom gekonfiskeer omdat sy uitgebreide bouprogram en geldelike toegewings aan sy leërs hom ná aan bankrotskap gebring het (Chilver 1967:577). Sommige senatore soos Agricola en Frontinus het die slagting vrygespring deur uit die openbare lewe te verdwyn, maar ook Domitianus moes uiteindelik met sy dood die prys vir sy wrede optrede betaal.

2.3.2.4 Gevolgtrekking

Volgens McDonald (1967:600) het Tacitus sy politieke loopbaan as *quaestor* in 81 n.C. begin, die jaar toe Domitianus vir Titus opgevolg het. Eers na die dood van Domitianus vorder hy tot *consul suffectus* onder Nerva. Hy het dus persoonlike ondervinding opgedoen van ‘n opset waarvan hy self met bitterheid getuig as *servitute, adempto per inquisitiones etiam loquendi audiendique commercio. memoriam quoque ipsam cum voce perdidissemus, si tam in nostra potestate esset oblivisci quam tacere* (in knegskap, nadat ook die interaksie tussen spraak en gehoor deur geregtelike ondersoeke weggeneem is. Ons sou selfs die vermoë om te onthou saam met ons stem verloor het, as dit tot so’n mate in ons mag was om te vergeet as om te swyg, *Agric.*2).

[42] “He could be the charming and affable diplomat, and, at the same time, display the shrewdness and practicality of his ancestors; unlike them, he knew that it was advisable to disguise such talents” (Jones 1984:145).

Skrywers soos Tacitus en Plinius kon nie anders nie as om raak te sien en te oordeel dat, ten spyte van sy goeie hoedanighede, die bewind van Augustus die weg gebaan het vir, en vinnig ontaard het in, oorheersing deur mense soos Nero en Domitianus. Southern (2001:138) sê: "Augustus stands accused by Tacitus of encroaching on power, gathering it into his own hands until he held everyone and everything in his grasp. It cannot be denied that such was the end result….".

Wanneer die status van die Senaat vanaf die bewind van Augustus, soos hierbo beskryf, vergelyk word met die status van die liggaam in die Republikeinse tyd, is dit duidelik waarom die tradisionele *vir bonus* nie meer daar tereg kon kom nie. Onder Augustus kon hy nog dink wat hy wou en selfs in 'n mate sê wat hy wou, maar hy kon geen invloed op die gang van sake uitoefen nie, al was hy ook hoe bekwaam en welsprekend. Onder latere keisers was dit lewensgevaarlik vir hom om sy sê te sê, of selfs die indruk te gee dat hy dink wat hy wil.

2.4 Die verlaging in status en moraliteit van die regsberoep in die Keisertyd

2.4.1 Die wysiging van die regsprosesse

Met verloop van die keiserryk het die *quaestiones perpetuae* geleidelik in onbruik verval, alhoewel hulle nooit formeel afgeskaf is nie. Tiberius het waarskynlik nog na hulle verwys toe hy kort na sy bewindsaanvaarding gesê het dat die wette nog geldig bly (Tac.*Ann*.1,72). Later word byvoorbeeld nie melding gemaak van 'n spesifieke hof om *maiestas*-sake te verhoor nie, soos Suetonius en Tacitus sekerlik sou gedoen het as dit nog bestaan het. Sake is aangehoor deur die *praetor urbanus* en ander amptenare in nuutgeskepte gesagsposisies, die Senaat en die keiser self (Robinson 1995:7).

Die Senaat het gereeld as hof opgetree in die eerste eeu n.C. Al die geboekstaafde gedinge voor die Senaat was kriminele sake, *crimina iudiciorum publicorum*, sake wat voor die *quaestiones perpetuae* sou kon gedien het, maar daar bestaan geen spoor van 'n wet waarvolgens hierdie verskuiwing gewettig is nie (Robinson 1995:7-8). Die Senaat het jurisdiksie oor sy eie lede gehad, maar het ook sake van hoogverraad deur *equites* aangehoor (Tac.*Ann*.3,49-51;4,15;14,28 en 40), soms ook sake teen geallieerde konings met die keiser as voorsitter (Tac.*Ann.*2,42 en 67).

Die Senaat was nie onderhewig aan die norme van die *quaestiones* nie. Sy jurisdiksie was *cognitio*, dit wil sê ‘n regterlike ondersoek. Die politieke komponent was dus altyd aanwesig en strawwe was nie voorgeskryf nie. Die aanklag is gewoonlik mondelings gemaak en aanvaar of nie, somtyds ná bespreking deur die senatore, anders deur die keiser alleen. Op hierdie stadium kon die keiser sy tribunale veto uitoefen (Robinson 1995:8).

As daar verskeie aanklagte of meerdere aanklaers was, kon daar vooraf bespreek word hoe om die saak ten beste te hanteer. ‘n Dag is dan vir die verhoor bepaal en tyd is toegestaan vir die insameling van getuienis. Dieselfde eed as by die *quaestiones perpetuae* is afgelê, getuienis is gelei en ‘n bespreking het gevolg, waartydens toesprake onderhewig was aan ‘n tydsbeperking. Oor die uitspraak is gestem en by skuldigbevinding kon ‘n verdere bespreking volg oor die verdeling van die veroordeelde se gekonfiskeerde eiendom, of die straf vir ‘n valse verklikker. Die doodsvonnis is gewoonlik dadelik uitgevoer, maar in 21 n.C. is ‘n wagtyd van tien dae bepaal voor die vonnis voltrek kon word. Nog later moes die keiser self alle doodsvonnisse bekragtig, maar hy kon ook sy vetoreg gebruik (Robinson 1995:8-9).

Die ontwikkeling van die keiser se persoonlike jurisdiksie was ‘n heel nuwe verskynsel. Soos Robinson (1995:9) dit uitdruk: “The relationship between imperial decisions and the rule of law certainly became formalized, but of its nature it was not governed by law.” Sy *concilium* het wel ‘n sterk adviserende rol gespeel en het waarskynlik die dekrete wat hy uitgevaardig het en die beslissings wat hy gevel het, geformuleer, maar hy het ook opgetree sonder om hulle te raadpleeg. Ook in die regspleging van die keiser self en sy gedelegeerde amptenare is wegbeweeg van die gebruike van die *quaestio perpetua* na die proses van *cognitio*. Vonnisse was aanvanklik nie voorgeskryf nie en die regsplegende amptenaar kon sy eie diskresie gebruik. Hierdie diskresie is egter ook mettertyd gereguleer en daar kon altyd na die keiser appel aangeteken word teen die vonnis van ‘n amptenaar (Robinson 1995:10-11). Die delegasie van magte aan amptenare is uitgebrei tot die jurisdiksie van ‘n goewerneur van ‘n provinsie. So belangrik het hierdie item op die pligtestaat van laasgenoemde geword dat algemeen na hom verwys is as die *iudex* (Robinson 1995:10).

Die proses van afskaling en uitfasering van die magte van die tradisionele Republikeinse magspersone ook op regterlike gebied was ‘n geleidelike proses. Met die totstandkoming van die Republiek is die interpretasie en toepassing van die wet aan die konsuls opgedra (Grant 1979:57), wat aanvanklik ook *iudices* (regters) genoem is. Toe hulle pligte te veel geword het, is die pos van *praetor* geskep, spesifiek om hulle met regspleging by te staan, soos in 1.3.4 en 1.3.5 uiteengesit is. *Praetores* is later in die Keisertyd hoofsaaklik as prokonsuls na provinsies gestuur en selfs ingespan om die Spele in Rome te organiseer.

Augustus het die Senaat omskep in ‘n hoër hof, maar terselfdertyd ‘n ander, keiserlike hof geskep, waaroor hy persoonlik jurisdiksie gehad het (Grant 1979:204). As Tiberius in die Senaat teenwoordig was, het hy ook tussen die konsuls gesit, wat hulle mag subtiel ondermyn het. Tydens die *maiestas*-verhore, wat dikwels voor die Senaat gedien het, het hy geen twyfel gelaat watter uitspraak hy verwag nie. Voorgeskrewe prosedures is ál meer oorboord gegooi (Grant 1979:225-226). Caligula het teen die Senaat gedraai en alles aan sy vrymanne oorgelaat, terwyl Claudius weer die regspleging vir homself toegeëien het en graag self sake *in camera* verhoor het (Grant 1979:229). Nero het, na sy aanvanklike goeie begin, ook die *maiestas*-wet misbruik en die konsuls was later te bang om ‘n besluit van die Senaat te bekragtig voordat die keiser dit goedgekeur het. Daar was trouens ‘n neiging dat die keiser ál meer self die konsulskap beklee het en hy het buitendien permanent oor die *imperium consulare* beskik. Die Senaat het opgehou om as ‘n onafhanklike geregshof te fungeer, waarskynlik in die 3de eeu n.C. (Robinson 1995:9). Lee (1944:13) beweer selfs: “Under the empire the consulship became a dignified sinecure….It was abolished by Justinian in A.D.541.”

2.4.2 Die misbruik van die *maiestas*-wet in die Keisertyd

Vanaf die keisertyd is die misdaad beter bekend as *crimen laesae maiestatis,* die oortredings is omskryf in die *lex Iulia maiestatis* en die straf bepaal as *aqua et igni interdictio* (ballingskap); later is ook die doodstraf bygevoeg. Hierdie wet het in belangrike opsigte van die ander wette verskil: daar was geen straf vir kwaadwillige vervolging nie; persone wat verbied was om onder enige ander wet klagtes in te dien, kon dit onder hierdie wet doen; die aangeklaagde, van watter rang ookal, kon gemartel word; slawe kon gebruik word om teen hulle base te getuig; en die

vervolging het voortgegaan na die dood van die aangeklaagde, sodat die staat sy eiendom kon konfiskeer as hy skuldig bevind word (Hunter 1885:1065-1066).

Hierdie wet het die persoon van die keiser gelykgestel aan die staat en enigiets wat die eer van die keiser kon aantas, in woord of daad, was *maiestas* (Robinson 1995:77-78). Soos Tacitus (*Ann*.1,72) voortgaan om te sê, *facta arguebantur, dicta inpune erant. primus Augustus cognitionem de famosis libellis specie legis eius tractavit* (Dade was aanklaagbaar, woorde was ongestraf. Augustus het eerste onder dekmantel van sy wet geregtelike ondersoek gedoen teen lasterlike geskrifte).

Robinson (1995:100) wys daarop dat weens die gebrek aan 'n polisiemag en aanklaers, dit nodig was om gewone burgers aan te moedig om klagtes ten opsigte van kriminele oortredings voor te lê om misdaad te bekamp. Daar moes dus belonings wees vir suksesvolle vervolgings: slawe kon hulle vryheid verkry, vreemdelinge burgerskap en burgers eerbewyse. Wat in die Republikeinse tyd 'n noodsaaklike diens was, het egter in die Keisertyd ontaard in misbruik vir eie gewin, soos duidelik blyk uit die saak teen Libo Drusus (Tac.*Ann*.2,27-32).

Hierdie aanklaers was bekend as *delatores* (verklikkers). Onder die keisers is hulle geldelik beloon, gewoonlik met 25% van die gekonfiskeerde eiendom van die veroordeelde. Dit het veroorsaak dat klikkery 'n betalende beroep geword het. Dit het algemeen voorgekom, veral onder die keisers soos Nero, wat komplotte teen hulle heerskappy gevrees het en die staatskas met die gekonfiskeerde eiendom wou aanvul. *Delatores* het gevolglik 'n slegte reputasie gekry. As in gedagte gehou word dat hulle nie vervolg kon word oor valse aanklagte nie, volg dit logies dat hulle aanklagte kon fabriseer, getuies kon omkoop en selfs 'n lokval vir iemand stel om sy mond verby te praat (Brunt 1967:189). Tacitus stel *delatores* deurgaans voor as deurtrapte skurke met wie geen ordentlike orator vereenselwig wil word nie. Hy skets 'n verdoemende prentjie van verklikkers in (*Hist*.1,2): *nec minus praemia delatorum invisa quam scelera, cum alii sacerdotia et consulatus ut spolia adepti, procurationes alii et interiorem potentiam, agerent verterent cuncta odio et terrore. corrupti in dominos servi, in patrones liberti; et quibus deerat inimicus per amicos oppressi.* (Die beloning van verklikkers was nie minder haatlik as hulle misdade nie, sodat sommiges priesterlike en konsulêre aanstellings as buit ingepalm het, andere prokuratorskappe en mag van meer vertroulike aard. Almal het aangekla en geruïneer te midde van haat

en vrees. Slawe is omgekoop teen hulle eienaars, vrymanne teen hulle beskermhere; en hulle wat sonder‘n vyand was, is deur hulle vriende verdruk.)

Die eerbare Romein het voor ‘n netelige probleem te staan gekom wanneer sy vriend aangekla is en iemand gesoek het om hom te verdedig. Dit het die gevaar ingehou om verdink te word van sameswering met die aangeklaagde. Onder sulke omstandighede was dit riskant om ‘n vriend te hulp te kom en baie kon nie die moed bymekaarskraap nie. Dit kom duidelik na vore in die hofsaak teen Libo Drusus wat Tacitus vroeg in die *Annales* beskryf om die misbruik van die *maiestas*-wet te illustreer (2,27-32).

2.4.2.1 Gevolgtrekking

Die ontmagtiging van die Senaat het die prestige van senatorskap van meeste van sy glans beroof. Deelname aan die regsproses weer, het ‘n slegte naam gekry. Daar was gevolglik al minder aansporing vir die eerbare Romein, die *vir bonus*, om die *cursus honorum* te deurloop en/of hom as orator te bekwaam.

2.5 Tacitus se beskouing van die *vir bonus* in die tydperk waaroor hy skryf

2.5.1 Inleiding

In die eerste deel van hierdie tesis is aangetoon hoedat die Romeinse staatsbestel evolueer het van die moontlik legendariese Koningstyd tot die Republiek en vervolgens tot die Keiserryk. Die staatstrukture het in breë trekke behoue gebly, maar is telkens na behoefte aangepas. Gevolglik het die eise van goeie burgerskap ook mettertyd daarvolgens verander. So het dit duidelik geword dat die eienskappe wat van‘n burger in die Republiek ‘n *vir bonus* gemaak het, nie meer in die Keisertyd dieselfde gewig gedra het nie.

Tacitus gee nie in sy werke eksplisiete aanduidings van hoe die goeie burger in die Keisertyd waaroor hy berig, manifesteer nie. Daar kan slegs gelet word op hoe hy hom uitlaat oor die optredes van spesifieke persone en daaruit afleidings maak. Hy is egter baie uitgesproke oor gedrag wat hy laakbaar vind. Dit is derhalwe sinvol om hierdie afkeuringswaardige optredes eerste onder die loep te neem ten einde die eienskappe te identifiseer wat **nie** die goeie burger betaam nie.

2.5.2 Die *nefas* van Bedriacum

Die hoogaangeskrewe digter Vergilius se beroemde epos, die *Aeneïs,* het in die bewind van Augustus die lig gesien. Daar is trouens by hom aangedring om dit ter ere van die keiser te skryf. Elke geletterde Romein sou goed daarmee vertroud gewees het. ‘n Mens kan jou sonder moeite voorstel dat Tacitus dit in sy agterkop gehad het toe hy die afgryslike tonele op die slagveld van Bedriacum in soveel detail beskryf het (*Hist.*2,70).

In die epos word beskryf hoe die Sibille vir Aeneas deur die Doderyk begelei (Vergilius *Aen.*6,325-332). By die rivier Acheron aanskou Aeneas tot sy ontsteltenis hoedat die bootman Charon sommige gestorwenes ru van sy boot af wegstoot en ander wel oor die rivier dra. Die Sibille verduidelik dat alleen diegene wie se beendere behoorlik te ruste gelê is, oor die rivier mag gaan. Die ander dwaal vir ‘n honderd jaar rond voordat hulle ook oorgeneem kan word. Om die dooies met disrespek te behandel en nie te begrawe nie, was van die vroegste tye af teen die hemel skreiend, *nefas*. Dat Vitellius, sy voetvolk en die gepeupel van Cremona die toneel van die broederslagting by Bedriacum met soveel genoegdoening ervaar, is vir Tacitus afstootlik, ‘n uiterste bewys van die algemene morele verval.

Vitellius…insistere Bedriacensibus campis ac vestigia recentis victoriae lustrare oculis concupivit, foedum atque atrox spectaculum. intra quadragensimum pugnae diem lacera corpora, trunci artus, putres virorum equorumque formae, infecta tabo humus, protritis arboribus ac frugibus dira vastitas. nec minus inhumana pars viae quam Cremonenses lauru rosaque constraverant, extructis altaribus caesisque victimis regium in morem;….vulgus quoque militum clamore et gaudio deflectere via,…strues corporum intueri mirari;….at non Vitellius flexit oculos nec tot milia insepultorum civium exhorruit….

“Vitellius…het begeer om die slagvelde van Bedriacum te besoek en die spore van die onlangse oorwinning met sy eie oë te bekyk, ‘n afskuwelike en haatlike gesig. Tot op die veertigste dag vanaf die geveg lê daar verskeurde lyke, afgekapte ledemate, ontbindende liggame van gevegsmanne en perde, die aarde deurdrenk met bloed, ‘n aaklige verlatenheid weens die vernietigde bome en oeste. Nie minder walglik nie, was die deel van die pad wat die mense van Cremona met lourierblare en rose bestrooi

het, altare is opgerig en offers geslag soos vir konings;….ook die voetvolk van die leërs het met gejuig en vreugde van die pad afgedraai,…hulle verwonder om die hoop liggame te aanskou;….maar Vitellius het nie sy oë weggedraai nie en nie gesidder oor soveel duisende burgers wat nie begrawe is nie….”

2.5.3 Skynheiligheid en valsheid vervang die integriteit van die Republiek

In die Inleiding tot sy vertaling van die *Annales* oordeel Grant (1963:18-19) dat Tacitus byna obsessioneel was omtrent die tradisionele deugde van Rome en die ou Republiek[43], terwyl hy terdeë besef het dat Republikeinse tye onherroeplik verby was en nooit weer kon herlewe nie[44]. Hy beskou selfs politieke teenstand teen die outokrate as grootdoenerig en buitensporig as dit verder gaan as passiewe, gelate aanvaarding. “Rome has declined so far, he seems to feel, that there is no room any longer for traditional valour, passivity has become the only honourable course” (Grant 1963:19).

Grant gaan voort om te sê dat Tacitus, ten spyte van neerhalende kommentaar, oënskynlik bewondering vir Augustus gekoester het in vergelyking met die keisers wat hom opgevolg het (Tac.*Ann*.1,9). Tog lyk dit asof hy nie werklik kan glo dat so iets soos ‘n goeie outokraat kan bestaan nie, want hy haper gedurig op die euwels van die oppergesag van een man. “Perhaps this conviction is the central point of his philosophy. No amount of experience, he infers, can stand up against the corrupting effects of autocratic authority” (Grant 1963:19).

Tacitus, self ‘n senator, plaas die Senaat onder ‘n vergrootglas. Hy beskryf die proses van ontmagtiging van die liggaam deur die keisers, “for it illustrates the moral theme of degeneracy from the good old days of the past” (Grant 1963:20). Die Senaat is magteloos teen die keiser. Dit is hy wat op direkte of indirekte wyse alles bepaal wat saak maak. Daarom bestudeer Tacitus die motiewe en sedes van die keisers so intens, en veral die kritieke periodes van opvolging, gegewe die rampe wat ontstaan het toe die keiserskap betwis is. Wanneer die staat deur een man regeer word, hang die

---

[43] *Igitur verso civitatis statu nihil usquam prisci et integri moris* (Nadat die bestel van die staat omgekeer is, het niks êrens oorgebly van die eertydse gesonde moraliteit nie, Tac.*Ann*.1,4).

[44] *nullo adversante,…ceteri nobilium…praesentia quam vetera et periculosa mallent* (niemand het teenstand gebied nie…die ander hoë lui…het die heersende orde verkies bo die vorige en gevaarlike, Tac.*Ann*.1,2).

welsyn af van die karakter van hierdie man. Onderdrukking spruit uit, en veroorsaak morele dekadensie (Grant 1963:20).

Soos reeds gesê (2.1.1), was die ontstaan en uitbreiding van die Romeinse Ryk volgens Polybius grotendeels te danke aan die hoë morele standaarde van die Romeine self: onkreukbaarheid, dissipline, eerbaarheid in die nakoming van beloftes, en eerlikheid: hierdie is die eienskappe van die geïdealiseerde Republikeinse *vir bonus.* Geen wonder dan dat Tacitus dit so ontstellend vind dat hierdie eienskappe in, of selfs deur, die keisersbewind hulle geldigheid verloor het nie. Dit is veral die geveinsdheid van die keisers en die verkragting van die reg waarop hy hamer.

2.5.4 Die geveinsdheid van die keisers

Augustus gee voor dat hy onder geen omstandighede alleenheerskappy wil voer nie en vermy versigtig enige titel wat daaop kan dui, maar terselfdertyd manipuleer hy doelbewus die Senaat om alle mag aan hom oor te dra, totdat hy *de facto* diktator word. Ergste van alles is dat die senatore goed weet wat besig is om te gebeur, maar meesal voorgee dat hulle dit nie raaksien nie. Augustus het wel vrede gebring, maar Tacitus wonder of die prys dalk te hoog was (*Ann*.1,1).

Tiberius, weer, verskuil sy gedagtes en gevoelens agter byna onleesbare gelaatstrekke[45]. Hy laat toe dat die *maiestas*-wet weer toegepas word en deur sy persoonlike deelname aan hofsake en uitsprake word verklikkers toenemend aangemoedig en beloon om mense aan te kla, ten regte of ten onregte[46]. Dit is asof Tacitus hierdie hofsake opmekaarstapel om te wys hoe die masker ál meer van Tiberius se gesig afgeglip het om die onderliggende wreedheid te openbaar, totdat hy uiteindelik die masker afgehaal en aan sy natuurlike neigings vrye teuels gegee het (*tantum ingenio utebatur*, Tac.*Ann*.6,51).

---

[45] *Tiberioque etiam in rebus quas non occuleret, seu natura sive adsuetudine, suspensa semper et obscura verba: tunc vero nitenti ut sensus suos penitus abderet, in incertum et ambiguum magis implicabantur* (Hetsy van geaardheid of uit gewoonte, was die woorde van Tiberius altyd dubbelsinnig en ondeursigtig, selfs omtrent sake wat hy nie wou verdoesel nie: toe, terwyl hy sukkel om sy gevoelens diep weg te steek, is hulle te meer in onsekerheid en dubbelsinnigheid verstrengel, Tac.*Ann*.1,11)

[46] *Sed Caesar…vertit in Sabinum , corruptos quosdam libertorum et petitum se arguens, ultionemque haud obscure poscebat* (Maar Caesar…het Sabinus aangeval, beskuldig dat hy met sekere vrymanne geheul en sy lewe bedreig het, en in geen onseker terme nie, wraak geëis, Tac.*Ann*.4,70).

Wat Tacitus omtrent die volgende twee keisers te sê gehad het, is ongelukkig grotendeels verlore, maar van Nero is daar weer genoeg gegewens in Tacitus om sekere gevolgtrekkings te maak. Veral kan gesien word hoedat die keisers se geveinsdheid ook howelinge gedwing het om maskers te dra. Wanneer Britannicus vergiftig word (*Ann.*13,16), maak Nero doodluiters asof niks verkeerd is nie, maar die ander gaste aan tafel, wat besef of raai wat aangaan, verstar, met hulle oë op Nero gerig (*resistunt defixi et Neronem intuentes*), en volg sy voorbeeld. Agrippina kan nie heeltemaal haar skok verberg nie (*quamvis vultu premeretur*) en besef dat hier ‘n resep vir ouermoord (*parricidii exemplum intellegebat*) en sy in die gevaarlinie is. Octavia, jonk soos sy is, het reeds geleer om haar gevoelens te verberg (*dolorem caritatem, omnis adfectus abscondere didicerat*).

2.5.5 Die verkragting van die reg

Wat die verkragting van die reg aanbetref, kan maar net gelet word op die verhoor van Libo Drusus soos Tacitus dit in *Annales* 2,27-32 beskyf. Hy verduidelik eers hoekom hy dit so breedvoerig doen: *eius negotii initium, ordinem, finem curatius disseram, quia tum primum reperta sunt quae per tot annos rem publicam exedere* (Ek sal die begin, verloop en einde van hierdie besigheid des te meer breedvoerig uiteensit omdat toe vir die eerste keer dinge te voorskyn gebring is wat vir soveel jare die staat uitgemergel het). Daaruit is dit duidelik hoeveel vergrype teen die wet gepleeg is. Kortliks kom dit hierop neer:

Die arme Libo Drusus is doelbewus deur ‘n senator verlei tot ‘n lewenstyl wat hom tot bankrotskap gebring het (*hortaturque ad luxum et aes alienum, socius libidinum et necessitatum*) sodat die agterdog gewek kon word dat hy ‘n aanslag op die keiserdom wou maak om sy finansiële situasie te beredder. Toe is hy valslik by Tiberius aangekla (*demonstrato crimine et reo*). Dié het hom ewe valslik aangemoedig (*non vultu alienatus, non verbis commotior*) om te glo dat hy hoog in aansien is, terwyl hy eintlik maar net sy kans afgewag het om toe te slaan. Iemand is omgekoop (*Iunius quidam, temptatus…indicium detulit*) om te verklaar dat hy geeste opgeroep het, wat beskou is as ‘n wederregtelike poging om oor die keiser se welstand navraag te doen. ‘n Professionele verklikker (*celebre inter accusatores Trionis ingenium erat*) het hom aangekla en niemand wou die verdediging onderneem nie (*abnuentibus cunctis*), soos Libo Drusus se familie en vriende na regte verplig was om te doen. Sulke belaglike

klagtes (*protulit libellos vaecordes*) is gelê dat hulle selfs onder hierdie omstandighede nie kon slaag nie, en die beskuldiging wat steek gehou het, is op ‘n onwettige manier verkry **(***callidus et novi iuris repertor Tiberius mancipari singulos actori publico iubet*), nogal deur ‘n slenterslag van die keiser self. Voor die vonnis gevel is, is Libo Drusus geïntimideer om selfmoord te pleeg (*cingebatur…milite domus, strepebant etiam in vestibulo ut audiri, ut aspici possent*). Die hofsaak is voortgesit en hy is postuum gevonnis (*accusatio tamen apud patres adseveratione eadem peracta*). Die senatore het gewedywer om sy nagedagtenis te onteer *(ne imago Libonis exequias posterorum comitaretur…ne quis Scribonius cognomentum Drusi adsumeret….supplicationum dies…constituti, dona Iovi…dies, quo se Libo interfecerat, dies festus haberetur*). Tiberius was skynheilig genoeg om voor te gee dat hy Libo Drusus sou vrygespreek het as hy nie so haastig was om homself om te bring nie (*iuravitque Tiberius petiturum se vitam quamvis nocenti, nisi voluntariam mortem properavisset,Ann.2,31*).

2.5.5.1 Gevolgtrekking

Tacitus beskryf die hofsaak so breedvoerig om te beklemtoon hoedat elke moontlik ongerymdheid gepleeg is om hierdie naïewe jong man te verlei en sy dood onder die *maiestas*-wet te bewerkstellig sodat sy eiendom gekonfiskeer kon word en sy aanklaers hulle deel kon kry. Selfs Tiberius weet die beskuldiging is vals, maar verkies om dit ernstig op te neem. As die aanklag nie steek hou nie, bedink hy die plan om die slawe ‘n valse getuienis te laat aflê. Na Libo Drusus se gedwonge selfmoord, gaan die hofsaak ongestoord voort, sy eiendom word verdeel en Tiberius is skynheilig genoeg om voor te gee dat hy die jong man sou begenadig het as hy nie reeds selfmoord sou gepleeg het nie! Dit is die peil waartoe regspleging in die Keisertyd gedaal het, dat selfs die keiser die reg verkrag, wil Tacitus hiermee sê.

2.6 Tacitus beoordeel sy mede-senatore

Wanneer Tacitus se werke ondersoek word met die doel om te probeer vasstel hoe hy die gedrag van sy kollegas in die Senaat takseer het, is dit opmerklik dat hy drie moontlike optredes beskrywe waarvolgens die situasie in die Senaat in die Keisertyd hanteer kon word: direkte konfrontasie met noodlottige gevolge, diplomatiese optrede wat soms ‘n mate van redelikheid en besinning teweeggebring het, maar ook net tot

op ‘n punt die onvermydelike kon afweer, en slaafse meelopery, wat ook nie ewe maklik was nie, omdat dit nie altyd moontlik was om af te lei watter reaksie die keiser werklik wou hê nie. ‘n Voorbeeld van elkeen word ter illustrasie behandel.

2.6.1 Direkte konfrontasie

Volgens Tacitus (*Ann*.4,34-35) word Cremutius Cordus aangekla omdat hy ‘n geskiedenis geskrywe het waarin hy vir Marcus Brutus prys en Caius Cassius die laaste Romein noem. Hierdie manne was onder andere vir Julius Caesar se dood verantwoordelik. Die aanklaers is vertrouelinge van Seianus en Tiberius luister met sigbare argwaan na die aanklag. Cremutius aanvaar by voorbaat die doodsvonnis (*relinquendae vitae certus*) en besluit om nie doekies om te draai in sy verdedigingstoespraak nie. Hy wys daarop dat die *maiestas*-wet alleen op die keiser en sy moeder van toepassing is, hy geeneen van hulle te ná gekom het nie en dus onskuldig is. Baie ander skrywers het ook die lof van hierdie twee manne besing sonder om teenspoed op te tel. Brutus en Cassius is al meer as sewentig jaar dood en hulle standbeelde is nie eers deur hulle seëvierende oorwinnaar, Augustus, vernietig of verwyder nie. Dat die geskiedskrywer Livius daardie keiser se vyand Pompeius ten hemele geprys het, het ook nie hulle vriendskap versuur nie (Tac.*Ann*.4,34). Cicero het ‘n lofrede oor Cato geskryf waarin hy Julius Caesar kwaai aangeval het, maar dié het volstaan daarmee om ‘n repliek daarop te skrywe (Tac.*Ann*.4,34). Dit was nog altyd vir Romeine beskore om vryelik te praat oor diegene wat reeds die tydelike met die ewige verwissel het. Die nageslag gee aan elke man die eer wat hom toekom en al hang die doodsvonnis oor hom, sal daar mense wees wat hom sal onthou saam met Brutus en Cassius (*nec deerunt, si damnatio ingruit, qui non modo Cassii et Bruti set etiam mei meminerint,* Tac.*Ann*.4,35).

Hierna het Cremutius die Senaatsgebou verlaat en uit eie keuse ‘n hongerdood gesterf. Die Senaat het beveel dat al sy boeke verbrand word, maar ‘n paar kopieë is weggesteek deur die toedoen van sy dogter, volgens O’Gorman (2000:126 nota 7), wat vir Dio kwoteer (57.24.4), en later weer gepubliseer. Direkte konfrontasie was dus nie ‘n doeltreffende opsie nie.

2.6.2 Diplomatiese optrede

Aan die ander kant het ‘n man soos Thrasea Paetus probeer om op ‘n taktvolle wyse redelikheid en besinning in die Senaat te bewerkstellig. Hy maak sy verskyning in *Annales* 13,49, waar hy kapsie maak teen die triviale dinge waarmee die liggaam hom besig hou. As vryheid van spraak dan vir die welsyn van die staat nodig is, hoekom hou die senatore hulle nie met veel ernstiger sake besig nie, as met die vraag hoeveel Spele die stad van Sirakuse mag aanbied? Hierdie was natuurlik ‘n gelaaide vraag, want Thrasea Paetus wou juis uitwys dat die Senaat hom met triviale sake besig hou omdat hy nie meer toegelaat word om gewigtige sake te hanteer nie. Sy vraag kon dus nie anders nie as om by Nero, ‘n entoesiastiese ondersteuner van Spele, argwaan te wek nie.

Toe die senatore later ná die moord op Agrippina oormekaar val met blyke van danksegging oor Nero se “wonderbaarlike ontkoming”, wel wetende dat hy haar laat vermoor het, is Thrasea Paetus so gewalg deur hulle blatante geveinsdheid, dat hy hulle vleiery nie meer kan verduur nie en uit die Senaatsaal uitstap, ‘n stille veroordeling wat nie ongesiens by Nero verbygegaan het nie (Tac.*Ann*.14,12).

Met sy optrede tydens die vonnisoplegging van die praetor Antistius, wat skuldig bevind is aan *maiestas* deurdat hy lasterlike verse teen Nero voorgelees het by ‘n privaat dinee, tree Thrasea Paetus beslissend op om die wrede vonnis te versag. Hy prys die keiser oorvloediglik en keur die vergryp streng af, maar wys daarop dat ander vonnisse sonder wreedheid en oneer opgelê kan word. Laat die skuldige se eiendom liewer gekonfiskeer en hy na ‘n eiland verban word, waar hy die res van sy skuldige bestaan in ellende kan slyt as voorbeeld van die keiser se genade. Die Senaat skep moed en bekragtig sy voorstel, maar die konsul waag dit nie om hul besluit sonder meer deur te voer nie en verwys die saak na Nero. Hy gee sy misnoeë duidelik te kenne, maar gee tog toe dat hy nie in die pad van begenadiging sal staan nie. Almal hou voet by stuk en vir eenmaal het Thrasea Paetus vermag dat die Senaat sy man staan teen ‘n keiser (Tac.*Ann*. 14,48-49).

Dit was nie lank voordat Nero sy afkeuring getoon het nie. Toe die dogterjie van die keiserin Poppaea kort na geboorte te Antium sterf en die hele Senaat daarheen stroom om simpatie te betuig, is Thrasea Paetus eksplisiet verbied om mee te doen

(Tac.*Ann.*15,23), ‘n ooglopende belediging en omen wat hy nietemin onverstoord aanvaar het, stoïsyn wat hy was.

Nadat Nero ‘n groot aantal vooraanstaande manne doodgemaak het, kon hy homself uiteindelik sover bring om “deug self” uit te roei (*virtutem ipsam excindere concupivit,* Tac.*Ann.*16,21) deur vir Thrasea Paetus en Barea Soranus te vermoor. Die aanklagte teen Thrasea Paetus het bogenoemde optredes behels, maar ook ‘n hele lys van ander vergrype wat omtrent almal daarop neergekom het dat hy deur homself te onttrek, sy weersin in die optrede van die Senaat getoon het. Hy was onder andere vir drie jaar lank nooit by ‘n senaatsvergadering nie en het nie die gebruiklike offers vir die keiser se welstand gebring nie. Dit was te meer opmerklik omdat hy vroeër polities aktief was.

Thrasea Paetus het skriftelik geëis dat die aanklagte teen hom geboekstaaf word, sodat hy sy onskuld kon bewys. Nero het egter nie die moed gehad om die onverskrokke blik van die eerbare man te konfronteer nie en die onus op die Senaat geplaas (Tac.*Ann.* 16,21-22 en 24)[47]. Sommige van sy vriende het Thrasea aangespoor om die voorbeeld van Cremutius Cordus te volg, ander het gevoel dat hy homself net tevergeefs aan onnodige beledigings en vernederings sal blootstel. Hy het besluit om nie die senaatsitting by te woon nie. Die verhoor het nietemin plaasgevind te midde van ‘n militêre magsvertoon wat duidelik gewys het watter uitspraak van die senatore verwag word. Thrasea Paetus, Barea Soranus, in onguns weens sy eerbaarheid en ywer (*iustitia atque industria*), dié se dogter Servilia, wie se goedbedoelde hulp haar pa van die wal in die sloot laat beland het, en Curtius Montanus, wat verfoeilike verse geskryf het, is almal saam verhoor. Laasgenoemde is deur sy pa losgepleit, maar vir die eerste drie was die doodsvonnis ‘n uitgemaakte saak. Die enigste toegewing was dat die metode van selfmoord pleeg aan hulle self oorgelaat is (Tac.*Ann.*16,25-33).

---

[47] *Thrasea… codicillos ad Neronem composuit, requirens obiecta et expurgaturum adseverans, si notitiam criminum et copiam diluendi habuisset. eos codicillos Nero properanter accepit, spe exterritum Thraseam scripsisse, per quae claritudinem principis extolleret suamque famam dehonestaret. quod ubi non evenit vultumque et spiritus et libertatem insontis ultro extimuit, vocari patres iubet* (Thrasea…het ‘n brief aan Nero geskryf om te vra waarvan hy aangekla is en te verseker dat hy sy onskuld sal bewys as hy weet wat die beskuldigings is en ‘n geleentheid ter verdediging kry. Nero het die brief gretig ontvang, in die hoop dat Thrasea uit vrees geskryf het om hiermee die roem van die keiser te verhoog en sy eie aansien te onteer. Toe dit nie so gebeur nie, en hy inteendeel die aangesig en onafhanklike gees van die onskuldige man vrees, het hy beveel dat die Senaat byeengeroep word).

Die hele oefening was grootliks gemik teen die stoïsynse beweging, van wie Thrasea Paetus die leier was. Hulle het hulle afkeur van Nero se vergrype getoon deur hulle uit die politieke lewe te onttrek. Die aanklaer Capito praat eksplisiet van hulle as ‘n sekte wat met ‘n vertoon van vryheid poog om die Keiserryk omver te werp (*ut imperium evertant libertatem praeferunt,* Tac.*Ann.*16,22). Thrasea Paetus was juis saam met sy vriende in sy tuin besig met filosofiese gesprekke toe hy die nuus van sy doodsvonnis kry. Hy het sy verslae vriende dadelik weggestuur sodat hulle nie moet boet deur hulle verbintenis met hom nie. Hy het sy vrou oorreed om ter wille van hulle dogter nie saam met hom te sterf nie, sy polse gesny en die bloed as ‘n drankoffer aan Jupiter die Verlosser op die grond gesprinkel, miskien in gebed vir ‘n beter bedeling (Tac.*Ann.*16,34-35). Dit is interessant dat Seneca met die water van die warm bad waarmee hy sy bloedvloei wou versnel, dieselfde drankoffer met dieselfde bede aan Jupiter gebring het (Tac.*Ann.*15,64).

2.6.3 Slaafse meelopery

Manne wat sonder meer hulle mantel na die wind gedraai het, was meer die reël as die uitsondering, afgesien van diegene wat as verklikkers hulleself gewetenloos verryk het deur die *maiestas*-wet te misbruik. Gnaeus Piso is ‘n duidelike voorbeeld. Hy vra vir Tiberius tydens die verhoor van Granius Marcellus of hy van plan is om eerste of laaste te stem, sodat hy nie onwetend self verkeerd sal stem nie (Tac.*Ann.*1,74). As die vraag met die tong in die kies gevra is, is Tacitus natuurlik reg om dit as ‘n laaste sprankie van onafhanlikheid voor te hou. Dit het in ieder geval die heilsame effek gehad dat die aanklag van hoogverraad op niks uitgeloop het nie.

Dat die priesters offers gebring het vir Tiberius se welvaart, asook dié van die jong prinse Nero en Drusus, lok die kommentaar van Tacitus uit dat dit minder uit liefde vir die prinse was, as uit kruiperigheid, want versuim én oormaat van sulke eerbewyse is ewe gevaarlik in ‘n korrupte tydperk (*adulatione, quae moribus corruptis perinde anceps, si nulla et ubi nimia est*, Tac.*Ann.*4,17). In teenstelling hiermee is daar die priester Lucius Piso, een van die weinige hooggeplaastes wat op ‘n hoë ouderdom aan natuurlike oorsake dood is. Van hom sê Tacitus (*Ann.*6,10) dat hy nooit uit vrye keuse ‘n slaafse mosie ingedien het nie en, indien omstandighede vir hom te veel was, altyd verstandige kompromisse voorgelê het.

Iemand wat Tacitus egter onomwonde veroordeel, is Lucius Vitellius wat in *Annales* 6,32 vir die eerste keer sy opwagting maak. Tacitus is bewus van die man se slegte reputasie in Rome en die liederlike stories omtrent hom wat in omloop was, maar gee toe dat hy met die deugdelikheid van vervloeë tye opgetree het toe Tiberius sy hele Oosterse beleid aan hom toevertrou het. Dit was eers met sy terugkeer uit die Ooste dat hy uit vrees vir Gaius Caesar en deur sy intieme verhouding met Claudius verval het in ‘n slaafsheid so laag dat hy deur die nageslag beskou word as ‘n voorbeeld van die mees verfoeilike kruipery (*turpe in servitium mutatus exemplar apud posteros adulatorii dedecoris habetur*, Tac.*Ann*.6,32). Dit is hy wat later vir Messalina gehelp het om die vryman Valerius Asiaticus valslik aan te kla sodat sy Asiaticus se pragtige tuine in die hande kon kry, en dan met slim praatjies (*impudico Vitellii ore*) verhoed het dat Claudius hom begenadig (Tac.*Ann*.11,2-3). Gedurende die komplot van die vryman Narcissus om van Messalina ontslae te raak, bly Vitellius egter neutraal (Tac.*Ann*.11,34-35).

Tydens die wedloop om vir Claudius ‘n nuwe vrou te kies, sien hy vir homself meer voordeel aan die kant van Agrippina. Tacitus sê hy gebruik die naam van *censor* om ‘n slaaf se gekonkel te verbloem en ‘n huwelik tussen Claudius se dogter Octavia en Agrippina se seun Domitius te bewerkstellig. Sy is verloof aan Lucius Silanus en Vitellius beskuldig hom valslik van ‘n verhouding met sy eie suster sodat hierdie verlowing verbreek kan word (Tac.*Ann*.12,4).

Vitellius is ook die voorspraak in die Senaat vir die wetgewing om Claudius se ongeoorloofde huwelik met Agrippina geldig te maak. Dit sou bloedskande gewees en die welsyn van die staat bedreig het. Hy begin deur te redeneer dat die keiser werklik ‘n huweliksmaat nodig het en voer dan bewyse aan dat Agrippina die beste kwalifikasies het. Buitendien is daar geen wet wat dit spesifiek verbied nie en is dit in ander lande algemeen (Tac.*Ann*.12,4-6). So gereed is die Senaat om oortuig te word dat hulle Claudius omtrent dwing om die huwelik met Agrippina te bevestig. Ook die verbintenis van Octavia met Domitius word met soortgelyke argumente goedgekeur (Tac.*Ann*.12,7 en 9).

2.6.4 Tacitus se voorbeeld van eerbaarheid

Daar is darem een persoon van wie Tacitus met onverbloemde goedkeuring praat, Marcus Lepidus. Van hom sê hy (Ann.4,20): "*hunc ego Lepidum temporibus illis gravem et sapientem virum fuisse comperior: nam pleraque ab saevis adulationibus aliorum in melius flexit. necque tamen temperamenti egebat, cum aequabili auctoritate et gratia apud Tiberium viguerit.*" (Ek vind dat hierdie Lepidus 'n koersvaste en verstandige man vir daardie tye was: want vele onheile as gevolg van die gewelddadige vleiery van ander mense het hy ten goede afgeweer. Nogtans het hy met gelykmatigheid opgetree en volgehoue aansien geniet asook die guns van Tiberius.).

Wanneer Lepidus se loopbaan in Tacitus nagespeur word, blyk die volgende. In *Annales* 1,13 word gesê dat Augustus hom as *capacem sed aspernantem (*bekwaam maar ongeïnteresseerd) teenoor keiserskap takseer. As Piso sukkel om advokate te kry in sy verhoor ná die dood van Germanicus, is Lepidus een van dié wat hom oor Piso ontferm (Tac.*Ann*.3,11). Dan weer verdedig hy pligshalwe sy suster Lepida teen die aanslae van Publius Quirinus, alhoewel sy klaarblyklik nie die beste van reputasies gehad het nie en ook skuldig bevind is (Tac.*Ann.*3,22).

Wanneer Caius Clutorius Priscus tot die dood veroordeel word omdat hy verse geskryf het waarin hy Drusus se siekte en moontlike sterwe betreur, is dit Lepidus wat in die Senaat vir versagting van die vonnis pleit. Hy voer aan dat daar 'n verskil is tussen ydelheid deur misdaad, woorde deur kwaadwilligheid, (*vana a scelestis, dicta a maleficiis differunt*), en dat verbanning en verlies van eiendom genoegsame straf is. Sy pleidooi val op dowe ore, en die aangeklaagde word summier tereggestel. Tiberius is dubbelsinnig hieroor, soos gewoonlik, maar prys vir Lepidus en daar word tog iets goeds uit Lepidus se tussenkoms gebore: die doodsvonnis mag in die vervolg nie binne nege dae voltrek word nie (*Ann*.3,49-51).

As die keuse vir die prokonsulskap van Afrika tussen Lepidus en Junius Blaesus, die oom van Seianus lê, voer hy allerhande redes aan om verskoon te word, om nie in konflik met Seianus te kom nie[48] (Tac.*Ann*. 3,35). By 'n ander geleentheid wys hy dit

[48] *…intentius excusante se Lepido, cum valetudinem corporis, aetatem liberum, nubilem filiam obtenderet, intellegereturque etiam quod silebat, avunculum esse Seiani Blaesum atque eo praevalidum* (Lepidus vra dringend om verskoon te word en hou sy gesondheid, die jeug van sy kinders en sy hubare

volgens Tacitus uit beskeidenheid van die hand om self ‘n assistent te kies wat hom in Asië moet bystaan met die herstel van die tempel te Smyrna. Die keuse moet liewers volgens gebruik deur die lot bepaal word: *quia Lepidus ipse deligere per modestiam abnuebat, Valerius Naso e praetoriis sorte missus est* (aangesien Lepidus uit beskeidenheid geweier het om self te kies, is Valerius Naso uit die geledere van die eks-*praetores* deur loting aangewys, Tac.*Ann*.4,56). Weer eens is hy versigtig om op niemand se tone te trap nie.

Net eenmaal het Lepidus homself onkant bevind en dit teenoor die boesemvriend van Tiberius, Cotta Messalinus, maar Tacitus vermeld dit sonder kommentaar*: querensque de potentia M’. Lepidi ac L. Arruntii, cum quibus ob rem pecuniariam disceptabat, addidisse: ‘illos quidem senatus, me autem tuebitur Tiberiolus meus’* (en terwyl hy kapsie maak teen die invloed van Lepidus en Arruntius, met wie hy vasgesit het oor geldsake, het hy bygevoeg: “Hulle sal weliswaar staat maak op die Senaat, maar ek aan die ander kant op my liewe klein Tiberius”, Tac.*Ann.*6,5). Wanneer Lepidus se dood aan natuurlike oorsake vermeld word, word hy nog vir oulaas geprys vir sy gematigdheid (*moderatio*), verstandigheid (*sapientia*) en adellike afkoms (*nobilitas*) in *Annales* 6,27.

2.6.5 Selfmoord in Tacitus

Die voorkoms van selfmoord is opvallend in Tacitus se werke, veral in die *Annales*. Daar is verskeie fasette wat van belang is. Openbare teregstelling was uiters wreed en daar was eintlik net ‘n paar min of meer aanvaarbare strawwe wat vir die hoë lui opgelê kon word: verbanning met of sonder die konfiskering van eiendom[49], en die keuse om selfmoord te pleeg.

Selfmoord is egter in die Romeinse kultuur as ‘n eerbare uitweg beskou en ‘n *vir bonus* was veronderstel om dit moedig en sonder omhaal te verrig, watter metode hy of sy ookal sou kies. Tacitus sinspeel daarop wanneer hy sê dat die onvermydelike doodsure van voortreflike manne onverskrokke verduur is en hulle heengaan

---

dogter voor as redes en hy verswyg wat tog algemeen bekend is, dat Blaesus Seianus se oom is en om daardie rede voorrang geniet, Tac.*Ann*. 3,35).

[49] Sellin (1967:847) verduidelik die straf vir halsmisdaad soos volg: “In Roman law the term had a wider significance and meant, besides the *summum supplicium* (death), those punishments that affected the *caput* (status) of the citizen, namely, banishment (*aqua et igni interdictio*) under the republic or *deportatio* under the empire, and condemnation *in opus perpetuum* (a life sentence to hard labour)”.

gelykwaardig was aan die prysenswaardige sterftes van vorige geslagte (*supremae clarorum virorum necessitates fortiter toleratae et laudatis antiquorum mortibus pares exitus, Hist.*1,3). Dit is duidelik dat Tacitus nie enige bewondering het vir die onbeholpenheid van Messalina nie (*Ann.*11,38) en in ander bronne lees ons dat Nero net so onwaardig rondgeval het tydens sy selfmoordpoging (Suetonius: *Nero*, 49).

Dit is ook nie net mans wat hierdie straf te beurt val nie. Dit is opmerklik dat Tacitus pertinent verwys na vrouens wat uit eie keuse saam met hulle mans selfmoord gepleeg het, soms vir hulle die voorbeeld stel. So het Arria haar man voorgegaan met die aanmoediging dat dit nie seer maak nie: *paete, non dolet* (Plinius *Epp.*3,16). Die vrou van Seneca sny haar polse met dieselfde mes af. Hoewel Tacitus half skepties is oor haar motiewe, bevestig hy nietemin dat sy dit uit eie vrye wil gedoen het (*Ann.*15,63-64). Tacitus maak ook soms melding van manne wat hulle vrouens pertinent afraai daarvan om saam met hulle die pad te loop. Thrasea Paetus is ‘n goeie voorbeeld hiervan, soos reeds vermeld in 2.6.2.

‘n Laaste aspek van selfmoord wat van belang is, is gevalle waar manne eenvoudig besluit dat hulle nou genoeg gehad het van al die gruwels en hulle nie net uit deelname aan die staatsbestel nie, maar aan die lewe self onttrek. Die eerste geval is Cocceius Nerva, ‘n intieme vriend van Tiberius en vooraanstaande patrisiër, wat homself verhonger het ten spyte van die keiser se pogings om hom daarvan te laat afsien. Volgens sy vriende het hy in gramskap en afgryse ‘n eerbare einde begeer, terwyl hy nog deugsaam en onbesoedel was, namate hy die euwels van die staat van naderby beskou het (*ferebant gnari cogitationum eius, quanto propius mala rei publicae viseret, ira et metu, dum integer, dum intemptatus, honestum finem voluisse,* Tac. *Ann.*6,26). Die tweede persoon is Lucius Arruntius, ‘n patrisiër wat deurgaans ‘n aktiewe maar onafhanklike rol in die politieke lewe gespeel het. Hy besluit om as veroordeelde nie die sterwende Tiberius se heengaan uit te wag nie, maar om dadelik sy polse te sny, want hy voorsien ‘n nog erger slawerny onder die bewind van Gaius Caesar (*prospectare iam se acrius servitium eoque fugere simul acta et instantia,* Tac.*Ann.*6,48). Dit is asof Tacitus wil sê dat die *vir bonus* verplig is om sy lewe vir die staat af te lê, ook as ‘n teken van protes teen ‘n bestel wat die spoor byster geraak het.

Slot: Hoe lyk Tacitus se *vir bonus* uiteindelik?

In die eerste deel van die tesis is die ontwikkeling van die Romeinse staatsbestel in oënskou geneem, vanaf die Koningtydperk tot en met die Republiek, asook die oorgang na die Keiserryk tydens die Prinsipaat van Augustus en die verdere ontwikkeling daarvan in die tydperk gedek deur die werke van Tacitus. Die regering was in die begin uitsluitlik in die hande van ‘n beperkte aristokrasie, maar die groei van die Ryk het genoodsaak dat die *equites* geleidelik al meer betrek is, en uiteindelik is selfs vrymanne as staatsamptenare ingespan.

Soos die gesagstrukture verander en verbreed het, het ook die rol van die verskillende gesagspersone verander. Die pligsgetroue Romein van die Republikeinse tyd het sonder vergoeding gedien en moes dus finansieel onafhanklik wees, maar kon in die uitvoering van sy pligte prestige, roem en eer verdien. Daar is ook van hom verwag om ‘n hoë morele standaard te handhaaf. ‘n Romein wat in hierdie bestel uitgestyg het, was ‘n *vir bonus*.

Onder die keisers het hierdie sisteem radikaal verander. Die gesagstrukture het nog in naam bestaan, maar het alle wesentlike mag verloor. Die mag het nou in die keiser gesetel en ‘n staatsdiens het die administrasie behartig. Prestige, roem en eer het nou van die guns van die keiser afgehang. Persoonlike integriteit het plek gemaak vir kruipery, en die eienskappe van die oorspronklike *vir bonus* was nie meer in aanvraag nie.

Alles in ag geneem, kan gesê word dat daar in die Republikeinse tyd ‘n ongeskrewe maar duidelike stelsel was waarvolgens ‘n Romein kon aspireer om ‘n *vir bonus* te wees, maar dat hierdie stelsel ál hoe minder toepaslik geword het namate die Republikeinse konstitusie deur ‘n alleenheerser vervang is. Die keiser het die enigste *vir militaris* geword, en senator net ‘n eretitel, want staatsamptenare het die staatsbestel bedryf. Die dag van die groot orator was verby, ook in die geregshof. Dit is hierdie proses van morele agteruitgang wat Tacitus betreur. Hy bevraagteken selfs die moontlikheid om in die nuwe bedeling nog ‘n *vir bonus* te wees.

Hy begin die Historiae (1,3) in ‘n somber trant, maar noem ook sonder om name te noem voorbeelde van prysenswaardige optredes: *comitatae profugos liberos matres, secutae maritos in exilia coniuges: propinqui audentes, constantes generi, contumax*

etiam adversus tormenta servorum fides; supremae clarorum virorum necessitates fortiter toleratae et laudatis antiquorum mortibus pares exitus (Moeders het hulle vlugtende kinders vergesel, vrouens hulle mans in ballingskap gevolg: daar was waagmoedige familielede, standvastige skoonseuns, onwrikbare getrouheid van slawe selfs onder marteling; die laaste onvermydelikhede is dapper verdra deur groot geeste en afskeidstonele gelykstaande aan die veelgeprese sterftes van die mense van antieke tye). Op die keper beskou, het dit alles te doen met lojaliteit in persoonlike verhoudings en daar kan afgelei word dat hy hierdie eienskap as besonder voortreflik beskou het. In dié konteks is dit ook ‘n aanklag teen ‘n staatsbestel wat sulke abnormale optredes nodig gemaak het.

In *Historiae* 4,8 laat Tacitus vir Marcellus Eprius ‘n pragmatiese verklaring aflê, *ulteriora mirari, praesentia sequi; bonos imperatores voto expetere, qualiscumque tolerare* (Ek bewonder vroeëre tye, pas aan by die heersende; ek pleit in gebed om goeie keisers, verduur watter een ookal). Daar moet in gedagte gehou word dat hierdie man ‘n berugte aanklaer in die skrikbewind van Nero was, en onder andere aandadig was aan die vervolging van Thrasea Paetus. Tydens ‘n senaatsitting het hy die aangehaalde credo gelewer as verdediging teen ‘n aanval van Helvidius Priscus, wat sy kans wou waarneem om die die dood van sy skoonvader Thrasea Paetus te wreek.

Die generaal Verginius Rufus is ‘n sprekende voorbeeld van iemand wat hierdie filosofie uitgeleef het. Sy loopbaan kan gevolg word uit die *Historiae* van Tacitus waar sy naam telkemale opduik. Volgens Chilver is hy deur Nero as bevelhebber na Germania Superior gestuur, waar hy hom in die jaar 68 n.C. bevind (1967:984). Sy troepe onderdruk die opstand van Vindex teen Nero (Tac. *Hist*.1,6). Toe Galba ná Nero se dood deur die Senaat as keiser aanvaar is, sweer Verginius nie onmiddellik trou aan die nuwe keiser nie, maar gee ook nie gehoor aan sy troepe wat hóm tot keiser wil verhef nie. Tacitus sê dis onseker of hy werklik belanggestel het om keiser te word, maar dit word algemeen aanvaar dat die keiserskap hom wel aangebied is (Tac.*Hist*.1,8-9). In ieder geval ontbied Galba hom tydens sy opmars na Rome tot ‘n ontmoeting langs die pad en onthef hom van sy bevel, tot die groot verontwaardiging van sy troepe (Chilver 1967:984).

Hierna verdwyn hy tydelik van die toneel, maar hy kom weer tevoorskyn wanneer Otho reeds keiser is en sy regeringsamptenare ontplooi. Verginius word aangestel as

bevelhebber van die Germaanse leërs (Tac.*Hist.*1,77). Later duik hy op in Otho se kamp by Brixellum. Otho het reeds die stryd gewonne gegee en sy volgelinge gebied om veiligheid te soek, maar sy strydlustige soldate sien die sulkes as verraaiers en Verginius as een van hulle. Otho tree tussenbeide om hom te red. Na Otho se dood wil sy troepe Verginius met alle geweld in sy plek keiser maak, maar hy slaag daarin om agterlangs te ontsnap voordat hulle by die voordeur inbars (Tac.*Hist.*2,49 en 51).

'n Rukkie later vind ons hom aan tafel as gas van Vitellius by 'n banket te Ticinum, waar laasgenoemde vertoef op pad na Rome (Tac.*Hist.*2,68). Volgens Chilver (1967:984) het Verginius tydens die bewind van Vespasianus en sy seuns die skryfkuns as stokperdjie beoefen, maar onder Nerva weer as konsul saam met die keiser gedien. Hy is in 97 n.C. dood en met 'n staatsbegrafnis vereer, waar Tacitus self as konsul die grafrede gehou het (McDonald 1967:600). Ash (2006:18-19) noem dat Verginius beroemd was omdat die keiserskap hom telkemale deur sy soldate aangebied is voor en tydens die burgeroorloë van 68 n.C. Alhoewel hy dit geweier het, het hy volgens Plinius (*Epp.*6,10) beveel dat die volgende grafskrif op sy graftombe aangebring moes word:

Hic situs est Rufus, pulso Vindice quondam
imperium adseruit non sibi sed patriae
(Hier rus Rufus, wat, nadat Vindex verslaan is,
die keiserlike mag bevestig het, nie vir homself nie, maar vir sy vaderland)

Nog 'n vingerwysing na hoe Tacitus self gedink het, vind Ash in sy beskrywing van Agricola. Sy sê 'n mens moet homself telkens herinner daaraan dat, as 'n unieke individu. "He serves as a sort of 'everyman', with whom contemporary readers can potentially identify, quietly getting on with his job and functioning as efficiently as possible under a totalitarian emperor. For Tacitus, that is far better than indulging in heroics and getting oneself killed. Indeed, it arguably mirrors what he himself did under Domitian, and thus serves as a form of self-defence by proxy" (Ash 2006:22).

Tacitus som sy lofrede aan Agricola op met die woorde: *sciant, quibus moris est inlicita mirari, posse etiam sub malis principibus magnos viros esse, obsequiumque ac modestiam, si industria ac vigor adsint, eo laudis excedere, quo plerique per abrupta sed in nullum rei publicae usum ambitiosa morte inclaruerunt* (Laat dit

bekend word, aan hulle wat onwettige optredes bewonder, dat daar selfs onder slegte keisers groot manne kan wees, en dat inskiklikheid en diskresie, as daar ywer en dryfkrag teenwoordig is, tot daardie vlak van roem kan rys, wat vele langs gevaarlike weë bereik, maar tot geen nut van die staat nie, en dat hierdie groot manne hulle bekendheid met ‘n skouspelagtige sterfte verwerf, *Agric*.42).

Tacitus stel nie sy eie kriteria voor waaraan ‘n *vir bonus* in die nuwe bedeling gemeet kan word nie. Dit lyk soms asof hy wanhoop dat so iets nog kan bestaan. Tog word dit mettertyd duidelik dat hy fokus op individuele optredes. In die Republikeinse tyd was daar nie ‘n konflik tussen persoonlike integriteit en lojaliteit teenoor die *res publica* nie, maar in die Keisertyd kan om ‘n *vir bonus* te wees, nie meer bepaal word deur die pligmatige uitlewing van burgerskap nie, maar deur persoonlike integriteit. Elke burger het nou die verantwoordelikheid om vir homself te besluit wat hom in ‘n gegewe situasie te doen staan om ‘n *vir bonus* te wees.

Bronnelys

Aldrete, G.S. 2006. Censors. In Shipley, G., Vanderspoel, J., Mattingly, D. & Foxhall, L. (reds). *The Cambridge Dictionary of Classical Civilization,* 178. Cambridge: Cambridge University Press.

Aldrete, G.S. 2006. Consuls. In Shipley, G., Vanderspoel, J., Mattingly, D. & Foxhall, L. (reds). *The Cambridge Dictionary of Classical Civilization*, 231. Cambridge: Cambridge University Press.

Aldrete, G.S. 2006. Plebs. In Shipley, G., Vanderspoel, J., Mattingly, D. & Foxhall, L. (reds). *The Cambridge Dictionary of Classical Civilization*, 690. Cambridge: Cambridge University Press.

Aldrete, G.S. 2006. Praetors. In Shipley, G., Vanderspoel, J., Mattingly, D. & Foxhall, L. (reds). *The Cambridge Dictionary of Classical Civilization*, 717. Cambridge: Cambridge University Press.

Ash, R. 2006. *Tacitus*: *Ancients in Action.* London: Bristol Classical Press.

Aubert, J-J. 2006. Aedeles. In Shipley, G., Vanderspoel, J., Mattingly, D. & Foxhall, L. (reds). *The Cambridge Dictionary of Classical Civilization*, 10-11. Cambridge: Cambridge University Press.

Balsdon, J.P.V.D. 1967. Caesar, Gaius Julius. *Encyclopaedia Britannica* Vol.4:573-577. Chicago: William Benton Publisher.

Balsdon, J.P.V.D. 1967. Caligula. *Encyclopaedia Britannica* Vol.4:643. Chicago: William Benton Publisher.

Barrett, A.A. 2000. *Caligula: The Corruption of Power*. London: Routledge.

Broughton, T.R.S. 1967. Comitia. *Encyclopaedia Britannica* Vol.6:137-138. Chicago: William Benton Publisher.

Broughton, T.R.S. 1967. Equites. *Encyclopaedia Britannica* Vol.8:664-665. Chicago: William Benton Publisher.

Broughton, T.R.S. 1967. Fasces. *Encyclopaedia Britannica* Vol.9:103. Chicago: William Benton Publisher.

Broughton, T.R.S. 1967. Quaestor. *Encyclopaedia Britannica* Vol.18:913-914. Chicago: William Benton Publisher.

Brunt, P.A. 1967. Delator. *Encyclopaedia Britannica* Vol.7:189. Chicago: William Benton Publisher.

Chilver, G.E.F.C. 1967. Domitian. *Encyclopaedia Britannica* Vol.7:576-577. Chicago: William Benton Publisher.

Chilver, G.E.F.C. 1967. Tiberius. *Encyclopaedia Britannica* Vol.21:1106. Chicago:William Benton Publisher.

Chilver, G.E.F.C. 1967. Verginius Rufus, Lucius. *Encyclopaedia Britannica* Vol.22:984. Chicago: William Benton Publisher.

Chilver, G.E.F.C. 1967. Vespasian. *Encyclopaedia Britannica* Vol.22:1009-1010. Chicago: William Benton Publisher.

Church, A.J. and Brodribb, W.J. (verts). 1977. *Tacitus: The Annals and The Histories. Encyclopaedia Britannica.* Chicago: William Benton Publisher.

Cornell, T.J. 1996. Comitia. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (reds). *The Oxford Classical Dictionary*, 372. 3de uitg. Oxford: Oxford University Press.

Derow, S.P. 1996. Tribuni plebis. In Hornblower, S. & Spawforth, A. (reds). *The Oxford Classical Dictionary*, 1549-1550. 3de uitg. Oxford: Oxford University Press.

Edwards, M.J. 2006. Aristocracy. In Shipley, G., Vanderspoel, J., Mattingly, D. & Foxhall, L. (reds). *The Cambridge Dictionary of Classical Civilization,* 76. Cambridge: Cambridge University Press.

Ferguson, J. 1967. Cicero, Marcus Tullius. *Encyclopaedia Britannica* Vol 5:759-762. Chicago: William Heinemann Ltd .

Fisher, C.D. 1966. *Cornelii Taciti: Annalium*. Oxford: Clarendon Press.

Fisher, C.D. 1977. *Cornelii Taciti: Historiarum Libri*. Oxford: Clarendon Press.

Foster, B.O. (vert). 1952. *Livy: From the foundation of the City* Book I &II. London: William Heinemann Ltd.

Grant, M. (vert). 1963. *Tacitus: The Annals of Imperial Rome.* London: Cassell & Company Ltd.

Grant, M. 1979. *History of Rome*. London: Faber and Faber.

Griffin, M.T. & Atkins, E.M. (reds). 1991. *Cicero*: *On Duties*. Cambridge: Cambridge University Press.

Griffin, M.T. 1996. *Nero*: *The End of a Dynasty*. London: B.T. Batsford Ltd.

Grimal, P. 1963. *The Civilization of Rome*. London. George Allen & Unwin Ltd.

Harvey, P. 1969. Caesar, Gaius Julius. In Harvey, P. (red). *The Oxford Companion to Classical Literature*, 85. Oxford: Oxford University Press.

Homo, L. 1962. *Roman Political Institutions*. London: Routledge & Kegan Paul Ltd.

Hunter, W.A. 1885. *Roman Law*. 2de uitg. London: Sweet & Maxwell Ltd.

Jacobi, J.S. 1946. *The pscychology of C.G. Jung.* London: Routledge & Kegan Paul Ltd.

Jones, B. 1984. *The Emperor Titus*. London: Croom Helm.

Kraus, C.S. 2006. Livy. In Shipley, G., Vanderspoel, J., Mattingly, D. & Foxhall, L. (reds). *The Cambridge Dictionary of Classical Civilization,* 525. Cambridge: Cambridge University Press.

Lee, R.W. 1944. *Elements of Roman Law*. London: Sweet and Maxwell Ltd.

Levick, B. 1999. *Vespasian*. London: Routledge.

Levick, B. 2001. *Claudius*. London: Routledge.

McDonald, A.H. 1967. Livy. *Encyclopaedia Britannica* Vol. 14:157-160. Chicago: William Benton Publisher.

McDonald, A.H. 1967. Tacitus. *Encyclopaedia Britannica* Vol.21:600-602. Chicago: William Benton Publisher.

Momigliano, A.D. 1967. Claudius I. *Encyclopaedia Britannica* Vol.5:886-887. Chicago: William Benton Publisher.

Momigliano, A.D. 1967. The Roman Consuls. *Encyclopaedia Britannica* Vol.6:407-408. Chicago: William Benton Publisher.

Momigliano, A.D. 1967. Roman History. *Encyclopaedia Britannica* Vol.19:505-514. Chicago: William Benton Publisher.

O'Gorman, E. 2000. *Irony and Misreading in the Annals of Tacitus*. Cambridge: Cambridge University Press.

Oliver, G.J. 2006. Magistrates. In Shipley, G., Vanderspoel, J., Mattingly, D. & Foxhall, L. (reds). *The Cambridge Dictionary of Classical Civilization,* 544. Cambridge: Cambridge University Press.

Patterson, J.J. 2006. Senate and senators, Roman. In Shipley, G., Vanderspoel, J., Mattingly, D. & Foxhall, L. (reds). *The Cambridge Dictionary of Classical Civilization,* 805. Cambridge: Cambridge University Press.

Plutarch. 1977. *The Lives of the Noble Grecians and Romans: Romulus*. The Dryden Translation. *Encyclopaedia Britannica.* Chicago: William Benton Publisher.

Purcell, N. 1986. The Arts of Government. In Boardman, J., Griffin, J. & Murray, O. (reds). *The Oxford Dictionary of the Classical World*, 565-566. Oxford: Oxford University Press.

Radice, B. (vert). 1969. *Pliny: Letters and Panegyricus* Vol.I. London: William Heinemann Ltd.

Rawson, B. 2006. Family. In Shipley, G., Vanderspoel, J., Mattingly, D. & Foxhall, L. (reds). *The Cambridge Dictionary of Classical Civilization,* 340. Cambridge: Cambridge University Press.

Rawson, E. 1975. *Cicero.* London: Penguin Books Ltd.

Rives, J.B. (vert). 1999. *Tacitus: Germania*. Oxford: Oxford University Press.

Robinson, O.F. 1995. *The Criminal Law of Ancient Rome*. London: Gerald Duckworth & Co. Ltd.

Rolfe, J.C. 1997. (vert). *Suetonius: Lives of the Caesars* Vol I. The Loeb Classical Library. Cambridge, Mass: Harvard University Press.

Rose, H.J. 1967. Games, Classical. *Encyclopaedia Britannica* Vol.9:1119-1120. Chicago: William Benton Publishers.

Russell, D.A. 2001. (vert). *Quintilian: The Orator's Education* Books 11-12. The Loeb Classical Library. Cambridge, Mass. Harvard University Press.

Scullard, H.H. 1967. Roman History. *Encyclopaedia Britannica* Vol.19:514-537. Chicago: William Benton Publisher.

Sellin, T. 1967. Capital Punishment. *Encyclopaedia Britannica* Vol.4:847-849. Chicago: William Benton Publisher.

Sherwin-White, A.N. 1967. Pliny, The Younger. *Encyclopaedia Britannica* Vol.18:56. Chicago: William Benton Publisher.

Southern, P. 2001. *Augustus*. London: Routledge.

Stavely, E.S. 1988. Roman Forms of Government. In Grant, M., & Kitzinger, R. (reds). *Civilization of the Ancient Mediterranean* Vol.I:500-5001. New York: Charles Scribner's Sons.

Syme, R. 1958. *Tacitus*. Oxford: Oxford University Press.

Syme, R. 1979. *Ten Studies in Tacitus*. Oxford: Oxford University Press.

Vanderspoel, J. 2006. Equestrians. In Shipley, G., Vanderspoel, J., Mattingly, D. & Foxhall, L. (reds). *The Cambridge Dictionary of Classical Civilization,* 325. Cambridge: Cambridge University Press.

Walker, B. 1952. *The Annals of Tacitus*. Manchester: Manchester University Press.

Walsh, P.G. 1967. *Livy*. Cambridge: Cambridge University Press.

Wilkinson, L.P. 1967. Latin Literature. 3. Golden Age. *Encyclopaedia Britannica* Vol.13:781. Chicago: William Benton Publisher.

Wooten, C.W. 1988. Roman Education and Rhetoric. In Grant, M. & Kitzinger, R. (reds). *Civilization of the Ancient Mediterranean* Vol II:1109-1120. New York: Charles Scribner's Sons.

Zetzel, J.E.G. 1999. (red). *Cicero*: *On the Commonwealth and On the Laws*. Cambridge: Cambridge University Press.